Emosionele intelligensie word beskou as die individu se vermoë om haar eie emosies te herken, te verstaan en te reguleer; om ander se emosies te herken en te verstaan; om verhoudings met ander te stig en in stand te hou; om probleemoplossingsvaardighede te toon en om self-motiverend te wees, ten einde omgewingseise suksesvol te hanteer.

3.5 EI-MODELLE

Soos reeds vermeld, word EI verskillend deur navorsers gedefinieer en gekonseptualiseer. Alhoewel ek Bar-On (1997) se model in die studie geïmplementeer het, word ander vername EI-modelle ter wille van volledigheid ook kortliks bespreek.

3.5.1 Die Mayer-Salovey-Caruso-model

Mayer, Salovey en Caruso (2000) identifiseer vier komponente van EI, naamlik die vermoë om emosies waar te neem, die vermoë om emosies te gebruik om denke te fasiliteer, asook die vermoë om emosies te verstaan en te bestuur. Hierdie aspekte word in tabel 3.1 uiteengesit:

Tabel 3.1: Die Mayer-Salovey-Caruso-model van EI

Komponente van EI	Omskrywing
<ul style="list-style-type: none"> Die waarneming, beoordeling en uitdrukking van emosie 	<ul style="list-style-type: none"> - Identifisering en interpretasie van die betekenis van verskillende emosionele toestande, sowel as hul verhoudings met ander sensoriese ervarings. - Identifisering van ander mense se emosies. - Uitdrukking van emosie. - Onderskeid tussen akkurate en onakkurate emosies.
<ul style="list-style-type: none"> Die gebruik van emosies om denke te fasiliteer 	<ul style="list-style-type: none"> - Prioritisering van denke gebaseer op geassosieerde denke. - Generering van emosies om waardeoordeel en geheue te fasiliteer. - Gebruik van gemoedsverandering om verskeie standpunte te waardeer. - Gebruik van emosies om probleemoplossing en kreatiwiteit te fasiliteer.
<ul style="list-style-type: none"> Die verstaan van emosies 	<ul style="list-style-type: none"> - Verstaan die verband tussen verskillende emosies. - Verstaan die wyse waarop basiese emosies saamsmelt om komplekse emosies te vorm. - Verstaan die wyse waarop komplekse emosies mekaar weerspreek. - Verstaan die wyse waarop emosies deur ervaring beïnvloed word. - Verstaan of emosionele reaksies gepas binne 'n bepaalde omgewing is.

<ul style="list-style-type: none"> • Die bestuur van emosies vir persoonlike groei 	<ul style="list-style-type: none"> - Bestuur van eie en ander se emosies. - Reflektering oor emosies. - Deelname aan, of losmaking van emosionele situasies. - Bereidheid om beide aangename en onaangename emosies te akkommodeer.
---	---

(Soos aangepas uit Ciarrochi, Chan & Bajgar, 2001; Lam & Kirby, 2002; Salovey, 2004)

Volgens Salovey (2004) behoort die individu te glo dat emosies gewysig en akkuraat gemonitor kan word. Die individu behoort die emosies wat regulering vereis, te identifiseer en effektiewe strategieë te implementeer om die negatiewe emosies te verlig, waarna die effektiwiteit van die toegepaste strategie geëvalueer behoort te word.

3.5.2 Die Cherniss-Goleman-model

Cherniss en Goleman (in Maree & Ebersöhn, 2002:266) spreek die mening uit dat *emotional intelligence, at the most general level, refers to the abilities to recognize and regulate emotions in ourselves and in others*. Hierdie definisie stel vier basiese EI-domeine voor, te wete: Self-bewustheid⁹, Selfbestuur, Sosiale bewustheid en Verhoudingsbestuur.

Tabel 3.2: Die Cherniss-Goleman-model: 'n Raamwerk vir emosionele bevoegdhe

	Self Persoonlike bevoegdheid	Ander Sosiale bevoegdheid
Herkenning	Self-bewustheid <ul style="list-style-type: none"> - Emosionele self-bewustheid - Akkurate selfevaluering - Selfvertroue 	Sosiale Bewustheid <ul style="list-style-type: none"> - Empatie - Diensoriëntasie - Organisasoriese bewustheid
Regulering	Selfbestuur <ul style="list-style-type: none"> - Selfbeheer - Betroubaarheid - Pligsgetrouheid - Aanpasbaarheid - Inisiatief - Innovasie - Selfmotivering/ dryfkrag om te presteer 	Verhoudingsbestuur <ul style="list-style-type: none"> - Ontwikkel ander - Invloed - Kommunikasie - Konflikhantering - Leierskap - Katalisator vir verandering - Bou netwerke - Spanwerk en samewerking

(Soos aangepas uit Cherniss en Goleman (in Maree & Ebersöhn, 2002)

⁹ Die koppelteken in die woord dui daarop dat dit met bewustheid van die self te make het.



3.5.3 Die Bar-On-model

Bar-On (2006) beklemtoon dat EI deur inoefening en terapeutiese ingryping oor 'n tydperk ontwikkel kan word. Die proses, eerder as die produk word in hierdie model beklemtoon. Die dimensies wat in die Bar-On-model omvat word, word in die volgende tabel aangedui:

Tabel 3.3: Die Bar-On-model van EI

Dimensie	Omskrywing
Intrapersoonlik (Self-bewustheid en uitdrukking)	<ul style="list-style-type: none">• Selfgating: Die aanvaarding, begrip en bewustheid van die self.• Emosionele self-bewustheid: Bewustheid en begrip van eie emosies.• Selfgeding: Die nie-destruktiwe vermoë om uitdrukking aan die self en eie gevoelens te gee.• Onafhanklikheid: Die vermoë om op die self aangewese te wees en nie emosioneel afhanklik van ander te wees nie.• Selfaktualisering: Die vermoë om doelwitte te stel en die dryfkrag te hê om dit te bereik.
Interpersoonlik (Sosiale bewustheid en interpersoonlike verhoudings)	<ul style="list-style-type: none">• Empatie: Die vermoë om van ander se gevoelens bewus te wees en hul gevoelens te verstaan.• Sosiale verantwoordelikheid: Die vermoë om met ander te identifiseer en deel van 'n sosiale groep te vorm.• Interpersoonlike verhoudings: Die vermoë om bevredigende verhoudings met ander te inisieer en in stand te hou.
Aanpasbaarheid (Hantering van verandering)	<ul style="list-style-type: none">• Realiteitstoetsing: Die vermoë om eie gevoelens te valideer en eksterne realiteit in gedagte te hou.• Buigzaamheid: Die vermoë om veranderinge in die alledaagse lewe te hanteer en daarby aan te pas.• Probleemoplossing: Die vermoë om effektiewe oplossings vir persoonlike en sosiale probleme te genereer.
Streshantering (Emosionele beheer en regulering)	<ul style="list-style-type: none">• Strestoleransie: Die vermoë om stres effektief te hanteer.• Impulsbeheer: Die vermoë om effektiewe en konstruktiewe beheer oor emosies uit te oefen.
Algemene Gemoedstoestand (Selfmotivering)	<ul style="list-style-type: none">• Optimisme: Die vermoë om 'n positiewe uitkyk op die lewe te hê.• Geluk: Die vermoë om met die self, ander en met die lewe in die algemeen tevrede te wees.

(Soos aangepas uit Bar-On, 2006)

Dit blyk duidelik uit voorgenoemde modelle dat Mayer, Salovey en Caruso (2000), Cherniss en Goleman (2001) en Bar-On (2006) dit eens is dat EI betrekking het op beide inter- en intrapersoonlike intelligensietipes. Alhoewel verskillende aspekte van EI deur die onderskeie skrywers beklemtoon word, tree die onderstaande kollektiewe kategorieë duidelik in hul werk na vore.

Tabel 3.4: Opsommende kategorieë van EI

Kategorie	Beskrywing
Emosionele self-bewustheid of 'n bewustheid van eie emosies	<ul style="list-style-type: none"> • Die vermoë om eie emosies te herken en te verstaan. • Die vermoë om toepaslik op hierdie emosies te reageer en die oorsaak van sekere emosies te identifiseer. • Die vermoë om te verstaan hoe ander individue deur jou eie emosies beïnvloed word.
Selfregulering (Bestuur of regulering van eie emosies)	<ul style="list-style-type: none"> • Die vermoë van 'n individu om (die meeste van) haar emosies toepaslik te beheer of te hanteer. • Die vermoë om situasies en faktore wat sekere emosies kan veroorsaak, te verstaan en te identifiseer. • Die vermoë om negatiewe emosies, soos vrees, angs, woede en hartseer te hanteer.
Selfmotivering of self-werksaamheid	<ul style="list-style-type: none"> • Die vermoë om emosies in die rigting van doelwitte te kanaliseer. • Die vermoë van 'n individu om haar entoesiasme, selfvertroue en konsentrasie te fokus om doelwitte te bereik. • Die vermoë om aksie te neem en tydsbeperkinge te stel om doelwitte te bereik. • Die vermoë om korttermynbehoefte uit te stel, ten einde langtermynbehoefte te bevredig.
Empatie met, of herkenning van ander se emosies	<ul style="list-style-type: none"> • Die vermoë om goed met ander te kommunikeer. • Die vermoë om sensitief vir ander se emosies, besorgdhede en behoeftes te wees. • Die vermoë om te besef dat mense verskillend op dieselfde situasie kan reageer. • Die vermoë om toepaslik op ander se subtiele tekens te reageer. • Die vermoë om te besef dat mens individue gaan ontmoet waarmee jy dit moeilik gaan vind om te kommunikeer.
Die hantering of bestuur en instandhouding van verhoudings	<ul style="list-style-type: none"> • Die vermoë om te besef wanneer ander individue negatiewe emosies (bv. angs) ervaar en na hulle uit te reik om so 'n individu te probeer help om haar emosies te bestuur. • Die vestiging, bevordering en handhawing van standvastige verhoudings (nie net met ander nie, maar ook met die self).

(Soos aangepas uit Maree & Ebersöhn, 2002)

Soos voorheen vermeld, kan die komponente van die vernaamste EI-modelle dus onder twee breë kategorieë geplaas word: bewustheid en bestuur van eie emosies en bewustheid en bestuur van ander se emosies. Die eerste dimensie sluit selfregulerende bevoegdhede in, terwyl laasgenoemde met sosiale vaardighede te make het. (Die feit dat sosiale intelligensie ook geïmpliseer word wanneer daar na EI verwys word, blyk weereens duidelik uit die bespreking van voorgenoemde EI-modelle). Die wyses waarop hierdie vaardighede (bevoegdhede) gemeet kan word, word vervolgens bespreek.

3.6 DIE ASSESSERING VAN EI

Volgens sommige outeurs kan EI as 'n ou konsep gesien word, waaraan slegs 'n nuwe naam toegeken is (Gannon & Ranzijn, 2005; Waterhouse, 2006). Volgens Ciarrochi, Chan, Caputi en Roberts (2001) kan die waarde van EI slegs bepaal word deur die assessering van EI te ondersoek. Indien EI volgens hierdie outeurs nie voldoende gemeet kan word nie, moet erken word dat dit nie as 'n betekenisvolle wetenskaplike konsep beskou kan word nie.

EI kan op twee wyses geassesseer word – met behulp van prestasiegebaseerde toetse of selfrapporteringsvraelyste. 'n Prestasiegebaseerde toets bevat response wat volgens objektiewe, voorafbepaalde toekenningskriteria geëvalueer word, terwyl 'n selfrapporteringsvraelys van individue verwag om oor hul eie EI-vlakke te rapporteer. Byvoorbeeld, wanneer emosionele persepsie geassesseer word, kan deelnemers gevra word om die emosies in gesigsuitdrukkings te identifiseer (prestasie) of om te rapporteer oor hoe suksesvol hulle in die herkenning van emosies is (selfrapportering).

Ciarrochi *et al.* (2001) bespreek vyf verskille tussen prestasiegebaseerde en selfrapporteringassessering:

1. 'n Individue se ware EI word deur prestasiegebaseerde toetse geassesseer, terwyl waargenome EI deur selfrapporteringsvraelyste geassesseer word. Beide ware en waargenome EI kan belangrike (en soms onafhanklike) voorspellers wees van die wyse waarop individue by hul lewensomstandighede aanpas. Met ander woorde, wat individue oor hulself glo, kan net so belangrik wees soos wat werklik die geval is.
2. Prestasiegebaseerde toetse is oor die algemeen meer tydrowend as selfrapporteringsvraelyste, aangesien laasgenoemde individue toelaat om hul eie EI-vlakke in 'n paar bondige stellings (bv. *"I am good at perceiving emotions"*) op te som,

terwyl prestasiegebaseerde toetse 'n substansiële aantal observasies vereis, voordat 'n individu se EI-vlak bepaal kan word.

3. Selfrapporteringsvraelyste vereis van individue om insig in hul eie EI-vlakke te toon. Dit mag egter wees dat individue nie noodwendig 'n akkurate begrip van hul eie EI het nie.
4. Een van die besware teen selfrapporteringsvraelyste, is dat individue hul response kan verdraai om hulself beter of swakker te laat vertoon. Om hierdie probleem te oorbrug, behoort skale wat die mate waarin response verdraai word, by selfrapporteringsvraelyste ingesluit te word.
5. Selfrapporteringsvraelyste is geneig om met bestaande persoonlikheidseienskappe (veral met die faktore waaruit die Groot Vyf faktor-model bestaan, naamlik 'Openheid vir Ervaring', 'Bewustheid', 'Ekstraversie' *versus* 'Introversie', 'Toegeneënheid' en 'Neurotisme') (Costa & McCrae, 1992) ooreen te stem. Prestasiegebaseerde toetse hou minder verband met persoonlikheidsassessering, maar oorvleuel in 'n mate met tradisionele intelligensie-meetinstrumente.

Alhoewel 'n omvattende ondersoek na al die bestaande EI-asseseringsinstrumente (insluitende die geldigheid en betroubaarheid van elk) buite die navorsingsdoel van hierdie studie val, word 'n kort beskrywing van die bekendste EI-instrumente kortliks gegee. (Die *EQ-i:YV* is in die studie gebruik en word daarom in meer besonderhede bespreek.)

3.6.1 Prestasiegebaseerde toetse

3.6.1.1 Die *Multifactor Emotional Intelligence Scale (MEIS)*

Die *MEIS* (Mayer, Caruso & Salovey, 1998) is 'n 402-item bevoegdheidsgebaseerde skaal wat uit vier komponente (afdelings) bestaan: Afdeling 1 bestaan uit vier toetse waar die persepsie en demonstrasie van emosie in stories, ontwerpe, musiek en gesigte geassesseer word. Afdeling 2 bestaan uit twee take waar die vermoë om emosies in perseptuele en kognitiewe prosesse te assimileer, geassesseer word. Afdeling 3 bestaan uit vier toetse waar die vermoë om emosies te verstaan en daaroor te redeneer, geassesseer word. Afdeling 4 bestaan uit twee toetse waar deelnemers se vermoë om hul eie en ander se emosies te bestuur, geassesseer word.

Die punttoekenning kan op drie wyses geskied. Die eerste, wat deur die outeurs voorgestel word, bepaal in watter mate 'n deelnemer se antwoord met die konsensus-antwoord

ooreenstem. Byvoorbeeld, as die meeste mense dink dat 'n spesifieke gesigsuitdrukking intense woede uitdruk, word aangeneem dat dit inderdaad die geval is. Individue wat nie die gesigsuitdrukking as woede beskou nie, is dan "minder korrek". Die tweede toekenningskriteria is gebaseer op oordele wat deur 'n paneel kundiges gemaak is. Toetslinge wie se response met dié van die kundiges ooreenstem, is geneig om hoër tellings te behaal. Die derde toekenningskriteria is gebaseer op die mate waarin die toetsling raai hoe 'n teiken (fotograaf, kunstenaar, en so meer) gevoel het terwyl sy besig was met die aktiwiteit (die neem van foto's, teken, en so meer). 'n Weergawe vir adolessente (die *MEIS-A*) is ook beskikbaar.

3.6.1.2 Die *Mayer-Salovey-Caruso Emotional Intelligence Test (MSCEIT)*

Die *MSCEIT* (Mayer, Salovey & Caruso, 2001) is 'n 141-item bevoegdheidsgebaseerde toets wat ontwerp is om sekere probleme wat met die *MEIS* geassosieer is, op te los. Die *MSCEIT V.2.0* is 'n verkorte weergawe van die *MSCEIT V.1.1* en kan meer bruikbaar vir kundiges en navorsers wees wat die toets binne 'n beperkte tyd moet laat afneem.

Prestasie op die *MSCEIT* kan rofweg deur 'n enkele algehele prestasievlak beskryf word. Dit kan terselfertyd in twee subareas verdeel word: ervaring- en strategiese EI. 'n Individue se vermoë om emosionele inligting waar te neem, daarop te reageer en dit te manipuleer, sonder om dit noodwendig te verstaan, word deur die EK-telling vir emosionele ervaring geassesseer. Dit gee 'n aanduiding van hoe akkuraat 'n individu emosie kan lees en uitdruk en hoe goed 'n individu emosionele stimulasie met allerhande sensoriese ervarings (bv. kleure en klank) kan vergelyk. Dit kan ook 'n aanduiding wees van die wyse waarop 'n individu onder die invloed van verskillende emosies funksioneer.

'n Individue se vermoë om emosies te verstaan en te bestuur sonder om dit noodwendig waar te neem of ten volle te ervaar, word deur die emosionele strategie-telling geassesseer. Dit dui aan hoe akkuraat 'n individu verstaan wat deur emosies te kenne gegee word (bv. dat hartseer 'n tipiese aanduiding van verlies is) en hoe emosies in 'n individu self en in ander gereguleer kan word.

Die twee algemene areas, ervaring- en strategiese EI, kan verder verdeel word in vier subskale wat die volgende vermoëns onderskeidelik assesseer: (1) akkurate waarneming van emosies; (2) die gebruik van emosies om denke, probleemoplossing en kreatiwiteit te

fasiliteer; (3) die verstaan van emosies; en (4) bestuur van emosies vir persoonlike groei. Die punttoekenning geskied op grond van konsensus of ekspert-kriteria.

3.6.1.3 Die *Levels of Emotional Awareness Scale (LEAS)*

Die *LEAS* (Lane, Quinlan, Schwartz, Walker & Zeitlin, 1990) bestaan uit 20 tonele waar twee individue uitgebeeld word en ten doel het om vier tipes emosies te ontlok, naamlik woede, vrees, geluk en hartseer. Elke toneel word deur twee vrae gevolg: “Hoe sal jy voel?” en “hoe sal die ander persoon voel?” Elke individu se antwoord ontvang twee aparte tellings vir die emosie wat beskryf word: een vir die individu self en een vir die ander individu wat uitgebeeld word.

3.6.2 Selfrapporteringsvraelyste

3.6.2.1 Die *Trait Meta-Mood Scale (TMMS)*

Die *TMMS* (Salovey, Mayer, Goldman, Turvey & Palfai, 1995) is 'n 48-item selfrapporteringsvraelys met drie subskale wat die volgende meet: aandag wat aan emosie gegee word ('Aandag'), die vermoë om tussen emosies te onderskei ('Helderheid') en die individu se vermoë om haar eie gemoed te herstel ('Herstel'). Items word volgens 'n 5-punt Likertskaal gegradeer van (5) (stem definitief saam) tot (1) (stem definitief nie saam nie). 'n 30-Item weergawe van die *TMMS* is ook beskikbaar.

3.6.2.2 Die *Schutte Self-Report Inventory (SSRI)*

Die *SSRI* (Schutte, Malouff, Hall, Haggerty, Cooper, Golden & Dornheim, 1998) bestaan uit 33 items en is gebaseer op die Mayer-Salovey-Caruso konseptuele model. 'n Individu se algehele EI, sowel as die volgende subfaktore word deur die *SSRI* geassesseer: emosionele persepsie, bestuur van self-relevante emosies, bestuur van ander se emosies en benutting van emosies.

3.6.2.3 Die *Toronto Alexithymia Scale (TAS-20)*

Die *TAS-20* (Bagby, Parker & Taylor, 1994) is een van die EI-meetinstrumente wat die meeste gebruik word, alhoewel dit nie vir hierdie doel ontwerp is nie. Dit is eerder as 'n meetinstrument vir *alexithymia* bedoel. Dit bestaan uit 20 items en drie skale om gebreke in

die identifisering van emosies, die beskrywing van emosies en ekstern-georiënteerde denke te assesseer.

3.6.2.4 Die *Trait Emotional Intelligence Questionnaire (TEIQue)*

Die *TEIQue* (Tsaoasis, 2003) is 'n 144-item vraelys en gebaseer op 'n vyf-punt Likertskaal. Die meeste items is uit bestaande vraelyste gehaal, insluitende die *Affective Communication Test* (Friedman, Prince, Riggio & DiPaolo, 1980), die meting van *Emotional Empathy* (Mehrabian & Epstein, 1972), die *Toronto Alexythimia Scale* (Bagby *et al.*, 1994), die *Trait Meta-Mood Scale* (Salovey *et al.*, 1995), die *SSRI* (Schutte *et al.*, 1998), asook die *EQ-i* (Bar-On, 1997).

3.6.2.5 Die *Emotional Competence Inventory (ECI)*

Die *ECI* (Boyatzis, Goleman & Hay/McBer, 1999) is 'n gekombineerde selfrapporterings- en observasieskaal, waardeur vier aspekte van EI gemeet kan word. Die eerste aspek, naamlik *self-bewustheid*, sluit meting van emosionele self-bewustheid, akkurate self-assessering en selfvertroue in. Die tweede, *selfbestuur*, meet selfbeheer, betroubaarheid, pligsgetrouheid, aanpasbaarheid, prestasie-oriëntasie en inisiatief. Die derde, *sosiale bewustheid*, bestaan uit empatie, organisatoriese bewustheid en diensoriëntasie. Die vierde, *sosiale vaardighede*, sluit die meting van die ontwikkeling van ander vaardighede, naamlik leierskap, kommunikasie, konflikbestuur, spanwerk en samewerking in. Hierdie bevoegdhede word gemeet deur informante te vra om die teiken-deelnemer te gradeer, sowel as vir die teiken-deelnemer om haarself deur selfrapportering te evalueer.

3.6.2.6 *Emotional Intelligence Inventory (EQ-i)*

Die *EQ-i* (Bar-On, 1997) is die eerste empiries-gekonstrueerde toets van nie-kognitiewe intelligensie in die wêreld. Hierdie vraelys is gekonstrueer deur items by spesifieke operasioneel-gedefinieerde faktore te pas en die finale selektering is gebaseer op statistiese prosedures en wiskundige modelle wat met teoretiese oorwegings en uitgebreide terugvoer van beide ervare kundiges en respondente verkry is (Bar-On, 1997).

Die *EQ-i* is 'n 133-item vraelys met 15 subskale wat gebruik word om die nie-kognitiewe aspekte van persoonlike funksionering te meet, soos 'n individu se vermoë om die druk en

eise wat in die omgewing aan haar gestel word, te hanteer. Die eerste vyf skale verwys na intrapersoonlike komponente: 'Emosionele Self-bewusheid', 'Selfgeldig', 'Selfgating', 'Self-aktualisering' en 'Onafhanklikheid'. Die interpersoonlike komponent bestaan uit 'Empatie', 'Interpersoonlike verhoudings' en 'Sosiale verantwoordelikheid'. Die *EQ-i* bevat verder drie skale om 'Aanpasbaarheid' te meet (naamlik 'Probleemoplossing', 'Realiteitstoetsing' en 'Buigsaamheid') en twee skale om 'Streshantering' te assesseeer (naamlik 'Strestoleransie' en 'Impulsbeheer'). Die instrument sluit ook twee Algemene Gemoedstoestandskale in, naamlik 'Geluk' en 'Optimisme'. 'n Vyf-punt Likertskaal word gebruik wat wissel van "baie selde waar van my of nie waar van my" (1) tot "baie dikwels waar van my of waar van my" (5).

Ek het besluit om die *Emotional Intelligence Inventory: Youth Version (EQ-i:YV)* in die studie te gebruik, aangesien ek die meeste by Bar-On se siening van EI as 'n nie-kognitiewe komponent van intelligensie aanklank vind. Verder blyk die instrument oor genoegsame geldigheid en betroubaarheid te beskik (sien hoofstuk 5 vir 'n volledige bespreking daarvan).

Die *EQ-i:YV*

Die *EQ-i:YV* is 'n EI-selfrapporteringsmeetinstrument wat deur Bar-On en Parker (2000) ontwikkel is. Kinders en adolessente tussen die ouderdomme van 7 en 18 jaar word gevra om te reageer op die stellings wat die wyse waarop hulle in die meeste situasies voel, dink of optree, die beste beskryf. Response word op 'n vier-punt Likertskaal deur die deelnemer gegradeer, wat wissel van "baie selde waar van my of nie waar van my" (1), tot "baie dikwels waar van my of waar van my" (4). Hoër tellings op die *EQ-i:YV* is aanduidend van verhoogde emosionele intelligensievlakke.

Teoretiese kennis, empiriese navorsing en gevorderde psigometriese tegnieke is in die *EQ-i:YV* geïntegreer. Die belangrikste kenmerke van die instrument kan soos volg saamgevat word:

- Geslags- en ouderdomspesifieke norme word verstrek (vier verskillende ouderdomsgroepe tussen die ouderdomme van 7 en 18 jaar).
- 'n Groot normatiewe steekproef is gebruik.
- Die kernaspekte van EI word deur multidimensionele skale gemeet.
- Die instrument maak voorsiening vir 'n positiewe indruk skaal (identifiseer individue wat 'n beter indruk van hulself probeer skep het as wat werklik die geval is).
- 'n Korreksiefaktor kom voor (laat die moontlikheid toe vir aanpassing by jong kinders).

- 'n Inkonsekwentheidsindeks is ingesluit (wat vir die opspoor van nie-konsekwente antwoordstyle gebruik word).
- Toepassing, punttoekenning en opstel van profiele kan maklik geskied.
- Die instrument kan as geldig en betroubaar beskou word (Bar-On & Parker, 2000) (Die geldigheid en betroubaarheid van die *EQ-i:YV* word in hoofstuk 5 in meer besonderhede bespreek).

Die *EQ-i:YV* is uit 60 items saamgestel wat oor sewe skale versprei is. 'n Ekstra skaal word ingesluit waarvolgens die itemresponskonstantheid geassesseer kan word. Daar is ook 'n korter weergawe (30 items) beskikbaar. Die 60-item *EQ-i:YV* is in die studie gebruik. Die volgende skale word by die *EQ-i:YV* ingesluit:

- Totale EK:
 - Intrapersoonlike skaal
 - Interpersoonlike skaal
 - Aanpasbaarheidskaal
 - Streshanteringskaal
- Algemene Gemoedstoestandskaal
- Positiewe indrukskaal
- Inkonsekwensie-indeks (Bar-On & Parker, 2000).

Gemiddelde tot bogemiddelde tellings op die *EQ-i* (en die *EQ-i:YV*) veronderstel 'n individu wat potensieel effektief in emosionele en sosiale funksionering is (met ander woorde, iemand wat waarskynlik emosioneel – en dus sosiaal – intelligent is). Hoe hoër die tellings, hoe meer positief is die voorspelling vir effektiewe funksionering, met ander woorde die individu se vermoë om die eise en druk van die omgewing te hanteer. In teenstelling hiermee, word 'n onvermoë om sukses in die lewe te hanteer en die moontlikheid van emosionele, sosiale of gedragsprobleme deur laer tellings veronderstel. (Bar-On, 1997).

3.6.3 Gevolgtrekking: Prestasiegebaseerde toetse versus selfrapporteringsvraelyste

Uit voorgenoemde bespreking blyk dit dat 'n individu se begrip van haar eie emosies en die bestuur van emosionele situasies (met ander woorde 'n individu se persepsie van haar EI) deur selfrapporteringsvraelyste gemeet word, terwyl die **kennis** (outeur se beklemtoning) van toepaslike strategieë vir die bestuur van emosies, eerder as die **vaardigheid** (outeur se

beklemtoning) om hierdie strategieë te implementeer, deur prestasiegebaseerde toetse geassesseer word (Lopes, Salovey, Côté & Beers, 2005).

Uit die betoog tot dusver blyk dit dat daar nie 'n sterk korrelasie tussen hierdie twee metodes van assessering bestaan nie. Brackett en Mayer (2003) rapporteer byvoorbeeld korrelasies van .21 en .18 tussen die *MSCEIT* en die *EQ-i* (Bar-On, 1997) en *SSRI* (Schutte *et al.*, 1998) onderskeidelik. Bar-On (2004) dui in die resultate van agt ongepubliseerde studies van die *MSCEIT* en die *EQ-i* 'n korrelasie van .31 tussen die instrumente aan (totale $n = 1256$). Sommige outeurs beskou die lae korrelasies tussen die twee assesseringsmetodes as problematies en voer aan dat selfrapporteringsvraelyste eerder op die meting van persoonlikheid as EI betrekking het (Zeidner, Shani-Zinovich, Matthews & Roberts, 2005).

Die vraag of die twee assesseringmetodes inderdaad dieselfde konstruk meet, het wye kritiek in die literatuur uitgelok. Laasgenoemde en ander probleme met betrekking tot EI wat uit die literatuur geïdentifiseer kon word, word vervolgens bespreek.

3.7 KRITIEK TEEN BESTAANDE EI-BENADERINGS

3.7.1 EI as verskillende konstrunkte

Die verskillende EI-benaderings en meetinstrumente word skerp in die literatuur gekritiseer (bv. Arsenio, 2003; Austin, Saklofske & Egan, 2005; MacCann, Matthews, Zeidner & Roberts, 2003; Roberts *et al.*, 2001; Waterhouse, 2006; Zeidner *et al.*, 2005). Ten einde die konstrukgeldigheid van EI te bepaal, moet die gedeeltelike (of algehele) onafhanklikheid van ander, oënskynlik ooreenkomstige, konsepte bepaal word (Davies, Stankov & Roberts, 1998).

Verskeie outeurs se grootste beswaar is dat dieselfde konstruk nie deur die verskillende EI-meetinstrumente (bv. die *MSCEIT* en die *EQ-i*) gemeet word nie. Dit is die rede waarom Petrides en Furnham (2001) “bevoegdheid-EI” en “eienskap-EI” voorstel, aangesien voorgenoemde volgens die outeurs twee konstrunkte is, eerder as twee wyses waarop dieselfde konstruk gemeet word. Ek is egter meer gemaklik met Mayer *et al.* (2000) wat in hierdie verband voorstel dat daar eerder na “gemengde modelle” *versus* “bevoegdheidsmodelle” verwys word. EI word in “gemengde modelle” as 'n diverse konstruk gekonseptualiseer, insluitende aspekte van persoonlikheid, sowel as die vermoë om emosies waar te neem, te verstaan en te bestuur. Hierdie gemengde modelle sluit motiverende faktore en affektiewe

disposisies (bv. selfbeeld, selfgeding, empatie) in (Bar-On, 1997; Goleman, 1995), terwyl daar in bevoegdheidsmodelle op die aanleg vir die prosessering van affektiewe inligting gefokus word (Mayer *et al.*, 2000).

In hierdie vroeë fase van die teorie se ontwikkeling kan die generering van verskeie weergawes van die EI-teorie eerder as 'n teken van vooruitgang as 'n tekortkoming beskou word (Cherniss, Extein, Goleman & Weissberg, 2006). Soos reeds vermeld, bestaan daar byvoorbeeld steeds verskeie beskouinge oor kognitiewe intelligensie (veral IK) en na dekades se navorsing is konsensus steeds nie bereik oor wat IK behels en wat die beste metode is om dit te meet nie. Om so 'n konsensus vir EI te verwag, veral in hierdie vroeë stadium van ontwikkeling, blyk onregverdig te wees. Nietemin, soos wat die geval met EI-definisies is, blyk daar merkbare ooreenkomste tussen al die modelle te wees (sien tabel 3.4). Al die EI-modelle sluit 'n reeks subkomponente in wat inter- en intrapersoonlike emosionele vaardighede omvat, met die algehele EI wat 'n gelyksoortige rol in algemene vermoë speel, aangesien 'n breë meting van emosionele bevoegdhede daardeur voorsien word.

3.7.2 EI as kultureel-gebonde konstruk

EI word dikwels as 'n kultureel-gebonde konstruk beskou, waarin Westerse idees van introspeksie en psigologiese ingesteldheid weerspieël word (Parker, Saklofske, Shaughnessy, Huang, Wood & Eastabrook, 2005). Hierdie bewering is gebaseer op navorsing wat merkwaardige verskille tussen etniese groepe rakende emosionele oordele, houdings en self-gerapporteerde emosionele uitdrukkings aantoon. Matsumoto in Alumran en Punamäki (2008) toon byvoorbeeld aan dat die vermoë om emosies in ander te herken en te reguleer, volgens kultuurgroepe verskil.

Effektiewe emosionele funksionering blyk dus dikwels situasie-afhanklik te wees; die mees aanpasbare aksie in emosionele omstandighede hang daarom volgens Zeidner *et al.* (2002) af van die verhouding tussen die individu (of individue) betrokke en sosiokulturele norme. Hierdie outeurs stel voor dat EI moontlik as die samevoeger van die individu en die omgewing gesien kan word. EI het met ander woorde te doen met die mate waarin die individu daarin slaag om haar oortuigings en aksies rakende gegewe emosies aan kultureel-gedefinieerde vereistes te laat voldoen. Daar blyk egter 'n leemte in die literatuur te wees

rakende die verhouding tussen EI en kulturele verskille. Ek gaan onder meer hierdie (moontike) verhouding in my studie verken.

3.7.3 EI en persoonlikheid

3.7.3.1 Kritiek teen selfrapporteringsvraelyste

Soos reeds vermeld, is sommige navorsers van mening dat EI (wat deur selfrapporteringsvraelyste gemeet word) nie 'n unieke konstruk is wat enigiets verklaar wat nie deur persoonlikheidseienskappe verantwoord kan word nie (Davies *et al.*, 1998; Newsome, Day & Catano, 2000). Die ooreenkomste tussen EI-selfrapporteringsvraelyste en persoonlikheidsinventarisse het eersgenoemde outeurs byvoorbeeld laat opmerk dat

as presently postulated, little remains of emotional intelligence that is unique and psychometrically sound. Thus [self-report] questionnaire measures are too closely related to 'established' personality traits to be considered anything new (Davies *et al.*, 1998:1013).

Die diskriminante geldigheid¹⁰ van selfrapporteringsvraelyste word ook deur ander outeurs bevraagteken, met ander woorde hierdie outeurs is nie oortuig dat EI (en nie bloot persoonlikheid) deur selfrapporteringsvraelyste gemeet word nie (sien MacCann *et al.*, 2003; Mayer, Salovey, Caruso & Siterenios, 2003 en Zeidner, Matthews & Roberts, 2004 vir 'n gedetailleerde beskrywing hiervan).

'n Ander aspek van selfrapporteringsvraelyste wat dikwels kommer wek, is die vraag of individue (en veral kinders en adolessente) in staat is om op 'n geldige en betroubare wyse oor hul EI-vlakke te rapporteer. Navorsing dui nietemin aan dat 'n individu se persepsies van haarself en ander 'n sterk invloed op haar denke, gedrag en geestelike gesondheid het – ongeag of dit akkuraat is of nie (Beyer & Bowden, 1997; Taylor & Brown, 1988). Dit blyk dus dat selfrapporteringsvraelyste steeds 'n sinvolle bydrae kan lewer om 'n individu se EI te bepaal, aangesien dit waardevolle inligting verskaf oor 'n individu se siening van haarself en ander.

Ciarrochi *et al.* (2001) toon nietemin aan dat adolessente wel in staat is om op 'n geldige en betroubare wyse oor hulle eie EI-vlakke te rapporteer. Bar-On *et al.* (2003) het 'n studie onderneem waarin geïllustreer word dat die *EQ-i* selfs geïmplementeer kan word met individue wat beskadiging in die ventromediale korteks toon. Hierdie tipe breinbesering

¹⁰ Die konsep "diskriminante geldigheid" dui aan dat daar 'n duidelike onderskeid getref kan word tussen konstrukke wat veronderstel is om van mekaar te verskil (Trochim, 2001).

veroorsaak gewoonlik 'n sekere graad van anosognosia (bv. 'n gebrek aan self-bewustheid van verworwe tekortkominge). Aangesien die *EQ-i* op selfrapportering gebaseer is, kan die vraag ontstaan of hierdie instrument 'n geldige meting van emosionele en sosiale intelligensie sal verskaf wanneer dit met hierdie spesifieke groep gebruik word. Resultate van Bar-On *et al.* (2003) se studie toon aan dat abnormale vlakke van emosionele en sosiale intelligensie suksesvol deur die *EQ-i* nagespeur kan word. Dit blyk dus dat die instrument voldoende konstruktiewe openbaar wanneer dit gebruik word met individue wat andersins onbewus sou wees van die beperkinge van hul eie emosionele en sosiale vaardighede. Inteendeel, laer tellings – spesifiek op die subskale Selfagting (akkurate self-bewustheid) en Selfgeding (self-uitdrukking) – impliseer waarskynlik dat hierdie deelnemers lae self-bewustheid toon, wat konsekwent is met hulle simptome: hulle tellings op hierdie twee skale sou laer gewees het sonder die *EQ-i* se korreksiefaktor waar skaaltellings outomaties aangepas word om vir verskillende tipes onakkuraathede wat in responsgewing mag voorkom, te kompenseer.

3.7.3.2 EI-bevoegdhele versus persoonlikheidseienskappe

Alhoewel sommige outeurs van mening is dat EI geen nuwe bydrae lewer nie, dui die oorwig literatuur aan dat EI inderdaad bevoegdhele/vaardighede verteenwoordig wat van die Groot Vyf persoonlikheidseienskappe onderskei kan word. Bar-On (1997) stem saam dat EI (en spesifiek die *EQ-i*) met persoonlikheidseienskappe verband hou, maar hy beklemtoon dat EI wel as 'n unieke konstruk beskou kan word. Alhoewel sy navorsing byvoorbeeld betekenisvolle korrelasies tussen verskeie *EQ-i*-subskale en die Sestien Persoonlikheidsfaktorvraelys (16PF 5^{de} Uitgawe) (Cattell, Catell & Catell, 1993) toon, wissel korrelasies tussen die Emosionele Stabiliteit-faktor en die totale *EQ-i*-telling van 0.51 tot 0.72 (Bar-On, 1997). Emosionele Stabiliteit toon verder 'n betekenisvolle verband met Optimisme ($r = 0.65$), Strestoleransie ($r = 0.67$) en Selfagting ($r = 0.64$).

Rosete en Ciarrochi (2005) se studie veronderstel ook dat EI 'n stel bevoegdhele verteenwoordig wat van persoonlikheidseienskappe verskil. Van Rooy, Viswesvaran en Pluta (2005) het 'n meta-analise onderneem wat verdere ondersteuning voorsien vir die aanname dat EI van persoonlikheid onderskei kan word. Waar temperamenteel-gedrewe disposisies deur persoonlikheidsteorieë beklemtoon word, val die klem in EI-teorie op verwerfde bevoegdhele wat 'n individu kan help om haar emosies te reguleer en sosiale

interaksies te bestuur. Bevoegdhe en disposisies voorsien dus verskillende en komplementêre perspektiewe vir die begrip van sosiale en emosionele aanpassing.

Palmer *et al.* (2002) en Schutte *et al.* (1998) se navorsing voorsien verder ondersteuning dat EI verband hou met, maar van die Groot Vyf persoonlikheidsdimensies onderskei kan word. Die unieke bydrae van EI word verder deur Law, Wong en Song (2004) se bevindinge in twee studies onderskeidelik ondersteun. Hierdie outeurs het in een studie bevind dat EI-selfrapporteringsvraelyste en persoonlikheid saam 'n beter voorspelling van lewens-tevredenheid verskaf het as wat slegs deur persoonlikheid voorsien kon word. Hulle het in 'n ander studie (waar 'n studente- én werkersteekproef geïmplementeer is) bevind dat, nadat kontrolemaatreëls getref is om die moontlikheid van die Groot Vyf persoonlikheidsdimensies uit te skakel, ander se gradering van EI addisionele variasie in studente se lewens-tevredenheid en gevoelens van magteloosheid aangetoon het (Law, Wong & Song, 2004).

Bevindinge deur Lopes, Brackett, Nezlek, Schütz, Sellin en Salovey (2004) veronderstel dat beide emosionele bevoegdhe en persoonlikheidseienskappe met sosiale aanpassing verband hou. Hierdie bevindinge stem ooreen met die resultate van ander studies (Lopes, Côté, Grewal, Salovey, Kadis & Gall in Lopes *et al.*, 2004; Lopes, Salovey & Straus, 2003) waar tellings op die *MSCEIT* en die Groot Vyf persoonlikheidseienskappe onafhanklik verantwoordelik vir betekenisvolle verskille in aanduiers van sosiale aanpassing blyk te wees.

Wanneer voorgenoemde navorsing in ag geneem word, blyk dit dat EI ooreenkomste toon met, maar inderdaad van die tradisionele aspekte van persoonlikheid verskil.

3.7.4 EI en kognitiewe intelligensie (IK)

3.7.4.1 Neurologiese differensiasie van kognitiewe en emotiewe funksies

Waterhouse (2006) beweer in haar kritiek teen EI dat laasgenoemde en IK nie gedifferensieer kan word nie. Sy is van mening dat daar nie 'n unieke onderliggende neurale sisteem vir emosionele en sosiale bevoegdhe bestaan nie, aangesien beide emosie en kognisie in 'n individu se verstand georkestreer word. 'n Intensiewe literatuuroorsig deur Goleman (2001) rakende die neurofisiologie van EI en 'n meta-analise deur Van Rooy *et al.* (2005) oor die korrelasie tussen EI en IK toon egter die teendeel aan, naamlik dat daar aparte neurale sisteme vir kognisie en emosie bestaan.

Die onafhanklikheid van die kognitiewe en emosionele sisteme kan geïllustreer word aan die hand van individue met Asperger-sindroom en diegene met selektiewe breinbeskadiging. Individue met Asperger-sindroom toon normale of superieure intelligensievlakke, ten spyte van merkbare gebreke in EI-bevoegdheids soos empatie en die lees van gesigsuitdrukkinge (Baron-Cohen, 1995). Individue met beskadiging in die ventromediale korteks toon gebrekkige persoonlike oordeel in besluitneming, wat veral manifesteer in die wyse waarop hierdie individue met ander omgaan, asook in verkeerde keuses wat dikwels deur hulle gemaak word. Hierdie spesifieke tipe beskadiging word geobserveer, selfs in gevalle waar die individu se kognitiewe vermoë (IK) in die normale of bogemiddelde kategorie val (Bar-On *et al.*, 2003; Bechara, Tranel & Damasio, 2000).

Ten spyte van normale intellektuele vermoë, ondervind hierdie individue veral probleme in die bewustheid van eie en ander se emosies, om emosies te bestuur en te beheer, om aanpasbaar vir verandering te wees, om probleme van 'n persoonlike aard op te los en om hulself te motiveer en positiewe affek te mobiliseer (Bar-On *et al.*, 2003). Selfagting (akkurate self-bewustheid) en selfgeldig (self-uitdrukking) staan in Bar-On *et al.* (2003) se studie uit as die bevoegdheids wat die meeste deur 'n ventromediale breinbesering geaffekteer word. Dit is te verstane, aangesien hierdie twee van die belangrikste EI-komponente is. Hierdie individue is dus kognitief intelligent, maar wat die oordeel in besluitneming (op 'n intra- en interpersoonlike vlak) betref, tree hulle nie op soos wat van "intelligente" individue verwag sou word nie.

Uit voorgenoemde illustrasies blyk dit dat EI 'n konsep is wat fundamenteel van kognitiewe intelligensie verskil. Die groot verskille tussen hierdie twee belangrike komponente van algemene intelligensie mag wees dat kognitiewe intelligensie meer afhanklik is van kortikale strukture wat logiese redenering ondersteun, terwyl EI meer afhanklik is van limbiese en verbandhoudende neurale sisteme wat met die prosessering van emosies te make het (Bar-On *et al.*, 2003).

3.7.4.2 EI versus IK: Watter een is belangriker ten opsigte van lewensukses?

Die bevindinge dat EI betekenisvol verband hou met 'n individu se vermoë om persoonlike oordeel in besluitneming te gebruik, help verduidelik waarom hierdie konsep dikwels aan menslike prestasie gekoppel word (Bar-On *et al.*, 2003). Vir 'n individu om goed te presteer

en suksesvol in haar beroeps- en persoonlike lewe te wees, vereis skynbaar die vermoë om emosioneel- en sosiaal-intelligente besluite te maak, en nie net 'n hoë IK nie.

Kritici van EI-teorie verwys in hierdie verband dikwels na algemene wanopvattinge oor Goleman (1995, 1998) se posisie rakende die relatiewe belangrikheid van EI vir sukses en geluk in die lewe. Hulle fokus veral op sy bewerings dat EI belangriker as IK vir effektiewe prestasie in die werksplek is. Goleman (2005) verduidelik die onduidelikhede in sy vroeëre publikasies waarin twee wydverspreide gevolgtrekkings (wat hy nie bedoel het nie) aange- moedig word: die aanname dat EI verantwoordelik is vir 80% van sukses in die lewe en dat dit 'n belangriker voorspeller as IK vir akademiese prestasie is. Goleman (2001:22) skryf:

My belief is that if a longitudinal study were done, IQ would be a much stronger predictor than EI of which jobs or professions people can enter. Because IQ stands as a proxy for the cognitive complexity a person can process, it should predict what technical expertise that person can master. Technical expertise, in turn, represents the major set of threshold competencies that determine whether a person can get and keep a job in a given field. IQ, then, plays a sorting function in determining what jobs people can hold. However, having enough cognitive intelligence to hold a given job does not by itself predict whether one will be a star performer or rise to management or leadership positions in one's field.

Goleman (2005:xiv-xv) verduidelik verder:

*IQ washes out when it comes to predicting who, among a talented pool of candidates **within** (outeur se beklemtoning) an intellectually demanding profession will become the strongest leader. In part this is because of the floor effect: everyone at the top echelons of a given profession, or at the top levels of a large organization, has already been sifted for intellect and expertise. At those lofty levels a high IQ becomes a threshold ability, one needed just to get into and stay in the game.*

Goleman stel dus voor dat EI-bevoegdhede, eerder as IK of tegniese vaardighede, beter sal kan onderskei wie die beste bevoeg in topposisies sal wees. Hy is daarom van mening dat EI baie belangrik in die selektering, bevordering en ontwikkeling van leiers is. Voorge- noemde se siening word deur Judge, Colbert en Ilies (2004:542) ondersteun wat tot die gevolgtrekking gekom het dat *the relationship between intelligence and leadership is considerably lower than previously thought.*

Ek stem saam met Goleman (2001) dat die rol van 'n individu se kognitiewe intelligensie in lewensukses nie ontken kan word nie, maar dat EI as 'n ewe belangrike komponent van algemene intelligensie beskou moet word – vanweë die betekenisvolle rol wat dit in 'n individu se funksionering en in haar hantering van omgewingseise speel. Die betekenis- volheid van EI word vervolgens bespreek.

3.8 BETEKENISVOLHEID VAN EI

3.8.1 Die rol van emosie en emosionele vaardighede

Emosie word gedefinieer as *an organized response system that coordinates physiological, perceptual, experiential, cognitive, and other changes into coherent experiences of moods and feelings, such as happiness, anger, sadness, and surprise* (Smith & Lazarus, 1990:610). Daar bestaan geen twyfel dat baie van 'n individu se alledaagse kognitiewe en gedrags-funksies, insluitende geheue en besluitneming, deur emosie beïnvloed word nie en dat dit 'n noodsaaklike rol speel in die wyses waarop individue optree en met mekaar omgaan.

Etlke studies op verskillende terreine dui aan dat emosionele vaardighede as 'n essensiële komponent van sosiale en emosionele aanpassing beskou kan word (Keltner & Haidt, 2001; Salovey, Mayer & Caruso, 2002). Damásio (1994) se studies met pasiënte wat brein-beserings opgedoen het, toon aan dat die vermoë om emosionele inligting met rasonale besluitneming en ander kognitiewe prosesse te integreer, essensieel is vir individue om hulle lewens te bestuur. Studies met kinders (waartydens 'n verskeidenheid assesserings-instrumente gebruik is) toon 'n verband tussen die vermoë om gesigsuitdrukkings te lees, emosionele woordeskat te verstaan en emosies te reguleer, aan die een kant, en sosiale bevoegdheid en aanpassing (soos deur die portuurgroep, ouers en onderwysers beskou) aan die ander kant (vir besprekings sien Eisenberg, Fabes, Guthrie & Reiser, 2000; Feldman, Philippot & Custrini, 1991; Halberstadt, Denham & Dunsmore, 2001; Saarni, 1999).

Greenberg, Kusché, Cook en Quamma (1995), sowel as Kusché en Greenberg (2001) dui aan dat opleiding in emosionele vaardighede tot sosiale aanpassing bydra. Positiewe emosionaliteit word dus met sosialiteit geassosieer, terwyl volgehoue negatiewe affek dikwels met isolasie in verband gebring word (Furr & Funder, 1998). Dienooreenkomstig probeer individue om emosionele inligting te prosesseer en emosionele dinamika intelligent te bestuur, ten einde die sosiale wêreld te navigeer. Die belangrikheid van emosie (en EI) in menslike aangeleenthede is dus vanselfsprekend.

3.8.2 Die rol van EI in menslike funksionering

Volgens Waterhouse (2006) toon die literatuur nie genoegsame bewyse dat EI 'n unieke bydrae tot alledaagse lewensukses lewer nie. Daar bestaan inderdaad teenstrydighede in

die literatuur oor die rol wat EI in individue (kinders, adolessente en volwassenes) se funksionering en hantering van omgewingseise speel. Met hierdie afdeling van my literatuurstudie gaan ek poog om hierdie teenstrydighede te verken.

3.8.2.1 EI en fisiese gesondheid

Daar is die afgelope paar jaar 'n toenemende belangstelling in die wyses waarop fisiese (en psigologiese) gesondheid deur beide emosionele reaksies en ervarings beïnvloed word. Daar word byvoorbeeld beweer dat negatiewe emosionele state met ongesonde patrone van fisiologiese funksionering geassosieer word, terwyl positiewe emosionele state met gesonder reaksiepatrone in beide kardiovaskulêre aktiwiteite en die immuunsisteem geassosieer word (Booth-Kewley & Friedman, 1987; Herbert & Choen, 1993).

Salovey, Rothman, Detweiler en Steward (2000) beklemtoon die invloed van emosionele state op fisiese gesondheid, met ander woorde daar word voorgestel dat 'n individu se persepsie van fisiese simptome deur haar emosionele staat beïnvloed word. Baie navorsing dui die invloed van 'n negatiewe gemoed of onaangename emosionele ervarings op 'n aantal gewoontes of gedragpatrone aan wat as ongesond beskou kan word, byvoorbeeld rook en alkoholmisbruik (Brandon, 1994; Cooper, Frone, Russell & Mudar, 1995). Verskeie studies toon ook 'n direkte verband tussen emosionele opwekking (veral woede) en negatiewe kardiovaskulêre gevolge aan (Friedman, 1992; Kamarck & Jennings, 1991; Smith, 1992).

Salovey, Bedell, Detweiler en Mayer (1999:161) beweer in 'n ander studie dat individue wat in staat is om hulle emosionele state te reguleer, gesonder is, aangesien hulle *accurately perceive and appraise their emotional states, know how and when to express their feelings, and can effectively regulate their mood states*. Hierdie eienskappe wat met emosionele persepsie, uitdrukking en regulering van gemoedstemminge en emosies te make het, veronderstel dat daar 'n direkte verband tussen EI en fisiese, sowel as psigologiese gesondheid behoort te wees (Tsaousis & Nikolaou, 2005).

3.8.2.2 EI en psigologiese gesondheid

i. Die impak van hoër EI

Verskeie navorsers is van mening dat 'n individu wat emosioneel intelligent is, beter in staat is om emosies meer effektief te reguleer en meer effektiewe hanteringstrategieë te openbaar

en daarom waarskynlik beter psigologiese gesondheid sal geniet (Bar-On, 1997; Mavroveli, Petrides, Rieffe & Bakker, 2007; Taylor, 2001).

Daar is talle bewyse wat voorstel dat EI met 'n reeks faktore verband hou, waardeur die kans op lewensukses verhoog kan word. Navorsing dui byvoorbeeld aan dat individue met 'n hoë EI hoër vlakke van effektiewe stresshantering, probleemoplossing en toereikende gemoedsregulering toon (Alumran & Punamäki, 2008; Bar-On, 2001; Ciarrochi *et al.*, 2000; Ciarrochi, Deane & Anderson, 2002; Nikolaou & Tsaousis, 2002; Slaski & Cartwright, 2002). Verder blyk individue met hoër EI oor die algemeen gelukkiger as diegene met 'n laer EI te wees (Furnham & Petrides, 2003; Martinez-Pons, 1997; Palmer *et al.*, 2002) en minder geneig om depressief en moedeloos te wees, of selfmoordneigings te openbaar (Ciarrochi *et al.*, 2002). Daar blyk verder 'n positiewe verband tussen EI en selfbeeld te wees (Fernández-Berrocal, Alcaide, Extremera & Pizarro, 2006; Qualter, Whitely, Hutchinson & Pope, 2007). Daar is ook bevind dat 'n hoër EI verband hou met 'n individu se gewilligheid om professionele, sowel as nie-professionele hulp in die hantering van persoonlik-emosionele probleme, depressie en selfmoordneigings te soek (Ciarrochi & Deane, 2001).

ii. Die impak van laer EI

Navorsing dui aan dat daar 'n negatiewe korrelasie tussen EI en psigologiese nood bestaan (Slaski & Cartwright, 2002). Individue met laer EI blyk byvoorbeeld meer vatbaar vir angs en depressie te wees (Ciarrochi & Deane, 2001; Dawda & Hart, 2000; Fernández-Berrocal, *et al.*, 2006; Schutte *et al.*, 1998) en meer dikwels negatiewe hanteringsgedrag, byvoorbeeld substans-misbruik en sosiaal-afwykende gedrag te openbaar (Austin *et al.*, 2005; Brackett & Mayer, 2003; Brackett, Mayer & Warner, 2004; Cobb & Mayer, 2000; Daus & Ashkanasy, 2005; Goldenberg, Matheson & Mantler, 2006; Ivcevic, 2005; Lopes *et al.*, 2003; Taylor, 2000; Trinidad & Johnson, 2002). Lae EI is ook al met lae selfbeeld en swak impulsbeheer in verband gebring (Salovey, Stroud, Woolery & Epel, 2002; Schutte *et al.*, 1998).

iii. Die toepassing van EI in opleiding en terapeutiese intervensie

Bar-On (2006) beklemtoon dat EI deur inoefening en terapeutiese ingryping oor 'n tydperk ontwikkel kan word. Die suksesvolle implementering van "emosionele en sosiale leer" (met ander woorde EI-opleiding) in skole word in verskeie studies geïllustreer (Bar-On, 2006; Graczyk, Weissberg, Payton, Elias, Greenberg & Zins, 2000). Maree en Fernandes (2003)

en Meijer (2006) toon in hulle studies aan dat EI ook suksesvol by psigoterapie geïnkorporeer kan word. Die meting van 'n individu se EI kan rigting aan die terapie verskaf, aangesien baie inligting rakende die kliënt se emosionele funksionering hierdeur voorsien word en baie tyd met betrekking tot probleemverheldering sodoende gespaar kan word.

3.8.2.3 EI en akademiese prestasie

i. Vroeë voorspellers vir akademiese sukses

Gegewe die toenemende belangrikheid van 'n graad 12-sertifikaat ten opsigte van lewensukses, is dit nie verbasend dat 'n groot hoeveelheid literatuur bestaan oor die faktore wat akademiese sukses in onder meer die hoërskool kan bevorder nie. Vorige navorsing oor die psigologiese voorspellers van akademiese prestasie het primêr op kognitiewe voorspellers gefokus (Farsides & Woodfield, 2003; Neisser, Boodoo, Bouchard, Boykin, Brody, Ceci, Halpern, Loehlin, Perloff, Sternberg & Urbina, 1996; Sternberg, 1996). Hierdie navorsing het IK as 'n belangrike voorspeller vir akademiese prestasie aangetoon, alhoewel die rol daarvan in die verskillende studies wissel afhangende van die tipe akademiese assesseringsinstrument wat gebruik is.

Namate navorsing egter begin aantoon het dat 'n individu se IK nie as die enigste voorspeller vir akademiese sukses beskou kan word nie (Mayer & Salovey, 1993) het navorsers toenemend bewus geraak van die behoefte om 'n breë spektrum van potensiële voorspellers vir akademiese sukses te ondersoek. 'n Individu se persoonlikheid, sosio-ekonomiese faktore, portuurgroepverhoudings en die kwaliteit van die skool is al in 'n mindere of meerdere mate met akademiese sukses in die hoërskool in verband gebring (Berger & Milem, 1999; Bjarnason, 2000; Furnham & Chamorro-Premuzic, 2003; Newcomb, Abbott, Catalano, Hawkins, Battin-Pearson & Hill, 2002). EI as moontlike voorspeller vir akademiese sukses, het eers meer onlangs op die voorgrond getree.

ii. EI as voorspeller vir akademiese sukses

Die aanname dat daar 'n positiewe verband tussen EI en akademiese prestasie bestaan, is vinnig in vroeë besprekings van die verhouding tussen hierdie konsepte gemaak (Elias, Bruene-Butler, Blum & Schuyler, 1997; Goleman, 1995; Pasi, 1997). Soos 'n aantal outeurs opgemerk het, is hierdie aannames grootliks op die basis van preliminêre data gemaak (Matthews, Roberts & Zeidner, 2003; Zeidner, Roberts & Matthews, 2002).

Daar het egter die afgelope paar jaar meer empiriese navorsing na vore getree wat die idee dat EI met akademiese prestasie verband hou, ondersteun (Parker, Summerfeldt, Hogan & Majeski, 2004; Petrides *et al.*, 2004; Parker, Creque, Barnhart, Harris, Majeski, Wood, Bond & Hogan, 2004). Laasgenoemde outeurs het byvoorbeeld bevind dat akademiese sukses betekenisvol met die meeste dimensies wat deur die *EQ-i:YV* geassesseer word, geassosieer kan word. Die deelnemers uit die top akademiese groep in laasgenoemde studie het hoër tellings op die Interpersoonlike, Aanpassing- en Streshanteringskaale as die ander twee groepe behaal. Leerders in die middelste akademiese groep het ook hoër tellings op hierdie skale as die leerders in die problematiese akademiese groep getoon. Parker *et al.* (2004) het in 'n longitudinale ondersoek van die oorgang van hoërskool na universiteit bevind dat verskillende EI-dimensies (van die *EQ-i*) ook as voorspellers vir akademiese sukses kan dien.

Bar-On (1997) en Downey, Mountstephen, Lloyc, Hanson en Stough (2008) se bevindinge toon ook aan dat akademiese sukses met hoër EI-vlakke geassosieer word en dat EI daarom volgens hierdie outeurs as 'n belangrike faktor vir die voorspelling van akademiese sukses kan dien. In Bar-On (1997) se studie het akademies-suksesvolle leerders byvoorbeeld betekenisvol hoër tellings op die Totale EK-skaal behaal, sowel as op die subskale Selfaktualisering, Probleemoplossing, Realiteitstoetsing, Strestoleransie, Geluk en Optimisme. Die leerders in Downey *et al.* (2008) se studie wat akademies beter presteer het, het veral hoër tellings behaal op die vermoë om ander se emosies te identifiseer en te verstaan. Hierdie resultate veronderstel dat die wyse waarop leerders ander se emosies "lees", hulle begrip van die konteks waarin hierdie emosies ontlok word, sowel as hulle begrip van die toepaslikheid van ander se emosionele response en optredes, met akademiese prestasie in verband gebring kan word.

Hierdie bevindinge stem ooreen met die resultate van Parker *et al.* (2004) en die vorige hipoteses van Lam en Kirby (2002) en Salovey *et al.* (2000) dat hoë EI bydra tot verhoogde motivering, beplanning en besluitneming, wat 'n positiewe invloed op akademiese prestasie kan hê. In teenstelling hiermee kan leemtes in basiese emosionele bevoegdhede, soos emosionele persepsie en uitdrukking, met die ontwikkeling van komplekse hanteringsvaardighede (soos emosionele regulering) inmeng (Salovey, Bedell, Detweiler & Mayer, 1999). Die vermoë om stresvolle situasies op 'n aanpasbare wyse te hanteer, is ook al met hoër prestasie onder universiteitstudente in verband gebring (Booth & Pennebaker, 2000; Salovey *et al.*, 2000).

Petrides *et al.* (2004) se studie toon ook 'n betekenisvolle verband tussen EI¹¹ en akademiese prestasie. EI het in hierdie navorsers se studie geen merkbare invloed op Wiskunde- en Wetenskapprestasie gehad nie, maar wel op Engels en algehele akademiese prestasie.

iii. EI en leerders wat akademiese uitdagings ondervind

Leerders wat akademiese uitdagings ondervind, is oor die algemeen meer geneig om stres en emosionele struikelblokke tydens die verloop van hul studies te ervaar. Hoë EI behoort hul daarom potensieel beter in staat te stel om emosionele stres en angstigtheid te hanteer (Petrides *et al.*, 2004). Voorgenoemde outeurs toon in hierdie verband aan dat EI byvoorbeeld nie in hul studie 'n merkbare invloed op die prestasie van leerders met hoë IK-tellings gehad het nie. In teenstelling hiermee, blyk hoë EI 'n positiewe invloed op leerders met lae IK-tellings (wat meer geneig is om druk te ervaar vanweë die teenstrydigheid tussen hulle vermoëns en die opvoedkundige eise wat aan hulle gestel word) te hê (Petrides *et al.*, 2004).

iv. EI en skoolbywoning

Volgens Qualter *et al.* (2007) en Petrides *et al.* (2004) bestaan daar 'n verband tussen lae EI en die ongemagtigde afwesighede van leerders.

v. Gevolgtrekking met betrekking tot EI en akademiese prestasie

Uit voorgenoemde bespreking blyk dit duidelik dat, alhoewel die resultate van O'Conner en Little (2003), Newsome *et al.* (2000), asook Scott en Aalsma (2004) geen ondersteuning vir die bewering voorsien dat EI as voorspeller vir akademiese sukses kan dien nie, die literatuur by verre die teendeel aantoon.

¹¹ Petrides en sy kollegas verwys na "eienskap-EI", om aan te dui dat EI in hulle studies deur selfrapporteringsvraelyste gemeet word. Soos vroeër verduidelik, verkies ek om net na "EI" te verwys.

3.8.2.4 EI en werkverrigting

i. EI in 'n korporatiewe omgewing

Navorsing dui aan dat 'n wye spektrum werkverrigting deur EI beïnvloed word, insluitende werknemerverbintenis, spanwerk, ontwikkeling van talente, vernuwing, kwaliteit van diens en kliënte-tevredenheid (Bar-On, 1997; Goleman, 2001; 2005). Navorsing dui onder meer aan dat individue met hoë EI-vlakke meer beroepsukses ervaar, sterker persoonlike verhoudings bou en meer effektiewe leiding neem as wat die geval is met individue wat laer EI-vlakke toon (Cooper, 1997; Dulewicz & Higgs, 1998; Vakola, Tsaousis & Nikolaou, 2004; Weisinger, 1998). Dit sluit aan by bevindinge van studies in dosyne organisasies wat aantoon dat ongeveer twee-derdes van die bevoegdhede wat met superieure werksprestasie verband hou, EI-kwaliteite soos selfvertroue, aanpasbaarheid, deursettingsvermoë, empatie en die vermoë om met ander oor die weg te kom, insluit (Boyatzis, 1982; Dulewicz & Higgs, 1998; Lusch & Serpkeuci, 1990; McClelland, 1999; Spencer & Spencer, 1993; Vakola *et al.*, 2004; Weisinger, 1998).

Navorsing waarin bevoegdheidsgebaseerde metingsinstrumente (*MEIS*, *MSCEIT*) geïmplementeer is, toon 'n positiewe verband tussen EI en beroepsprestasie (Janovics & Christiansen, 2001). Ander studies waarin selfrapporteringsvraelyste geïmplementeer is, het soortgelyke resultate met betrekking tot leierskap, bestuur, en sukses en prestasie in die werksplek opgelewer (Cavallo & Brienza, 2004; Cooper & Sawaf, 1997; Dulewicz & Higgs, 1998; Lopes *et al.*, 2005; Palmer, Walls, Burgess & Stough, 2000; Vakola *et al.*, 2004; Van der Zee & Wabeke, 2004; Weisinger, 1998).

ii. EI in 'n militêre omgewing

Bar-On, Handley en Fund (2005) het in twee studies die verband tussen EI en prestasie in militêre omgewings ondersoek. Die een studie is in die Lugmag van die VSA onderneem om vas te stel of daar 'n verband tussen EI en die prestasiegraderings (wat op individuele produktiwiteit gebaseer is) van militêre rekrute bestaan. 'n Ander studie het die verband tussen EI en die prestasiegraderings van Israelitiese gevegsoldate ondersoek, soos gemeet deur laasgenoemde se portuurgroep, die kriteria vir groeplidmaatskap en bevelvoerder-evaluasies. Die *EQ-i* is in beide studies geïmplementeer en die bevindinge toon aan dat hoë presteerders (onder beide militêre rekrute en gevegsoldate) betekenisvol hoër EI-tellings as

die laer presteerders behaal het. Die gevegsoldate se prestasie is deur die *EQ-i* voorspel, selfs vir 'n jaar nadat die vraelys afgeneem is.

iii. El in 'n mediese omgewing

Wagner, Moseley, Grant, Gore en Owens (2002) het die verhouding tussen pasiënte-tevredenheid en die geneesheer se EI (soos deur die *EQ-i* gemeet) ondersoek. Hierdie navorsers het tot die gevolgtrekking gekom dat 'n geneesheer se tevredenheid met haar eie lewe en haar persoonlike geluk deel van 'n pasiënt se tevredenheid met gesondheidsdienste vorm.

iv. Gevolgtrekking met betrekking tot EI en werkverrigting

Uit voorgenoemde bespreking blyk dit dat die rol van EI in die werksplek nie oorskakel word soos wat deur Waterhouse (2006) en Zeidner *et al.* (2004) beweer word nie. Dit blyk dat die emosioneel-intelligente werker waarskynlik meer geneig sal wees om sukses in 'n werksomgewing te behaal, onder meer omdat sy waarskynlik meer geneig sal wees om empatie met ander te hê en maniere te vind om produktief met haar kollegas saam te werk. Die rol van EI in interpersoonlike verhoudings, soos blyk uit die literatuur, word vervolgens bespreek.

3.8.2.5 EI en interpersoonlike verhoudings

Soos reeds vermeld, kan 'n individu se regulering van haar eie emosies, die herkenning en bestuur van ander se emosies, sowel as die stigting en handhawing van gesonde interpersoonlike verhoudings as belangrike komponente van EI beskou word. Die aanname kan daarom gemaak word dat 'n individu met 'n hoër EI beter in staat behoort te wees om suksesvol in interpersoonlike verhoudings te wees en meer empaties teenoor ander op te tree. Hierdie aanname word by uitstek in die literatuur bevestig.

'n Groot aantal studies (insluitende met kinders en adolessente) toon aan dat hoër EI-tellings met positiewe interpersoonlike verhoudings en sosiale aanpassing geassosieer kan word (Eisenberg *et al.*, 2000; Fitness, 2001; Flury & Ickes, 2001; Halberstadt *et al.*, 2001; Pellegrini & Blatchford, 2000). Hoër tellings op EI-toetse/vraelyste is byvoorbeeld al met verskeie aanduiers van sosiale aanpassing geassosieer, insluitende meer pro-sosiale gedrag

(Mavroveli, Petrides, Rieffe & Bakker, 2007; Rubin, 1999) en minder negatiewe interaksies met vriende (Brackett *et al.*, 2004; Lopes *et al.*, 2004).

Uit die resultate van Petrides, Sangareau, Furnham en Frederickson (2006) se studie blyk dit dat emosionele selfwerkzaamheid 'n direkte positiewe impak op portuurgroepverhoudings het. Kinders wat hulself as emosioneel-bedrewe beskou, word gewoonlik makliker deur hul portuurgroep aanvaar as kinders wat hulself as emosioneel-koud en teruggetrokke beskou. Die aanname kan gemaak word dat dit waarskynlik ook die geval by volwassenes sal wees. Die ontwikkeling van sosiale ondersteuningsnetwerke kan deur hierdie sosiale bevoordeling gefasiliteer word, ten einde prestasiegedrag te bevorder (Petrides *et al.*, 2006). Austin *et al.* (2005) se studie toon ook 'n positiewe verband tussen EI en sosiale netwerk grootte, terwyl die omvang van en tevredenheid met sosiale ondersteuning in Ciarrochi *et al.* (2001) se studie geïllustreer word.

Die belangrikheid van vriendskap en sosiale netwerkvorming word verder in Petrides *et al.* (2006) se studie gedemonstreer, aangesien portuurgroepstruikelblokke, insluitende portuurverwerping, aggressie en onttrekking, nadelige gevolge vir persoonlike aanpassing later in die individu se lewe inhou (Parker & Asher, 1987; Pellegrini & Blatchford, 2000).

3.8.2.6 EI en geslagsverskille

Geslagsverskille in EI is redelik wyd ondersoek en die meerderheid studies toon aan dat die vroulike geslag hoër EI as hul manlike eweknieë toon (Alumran & Punamäki, 2008; Ciarrochi *et al.*, 2001; Harrod & Scheer, 2005; Mayer *et al.*, 1999; Palmer, Monacha, Gignac & Stough, 2003; Van Rooy, Alonso & Viswesvaran, 2003). Ciarroch *et al.* (2001) het byvoorbeeld bevind dat vroulike adolessente beter as manlike adolessente in staat is om emosies waar te neem, hul eie emosies te reguleer en emosies te gebruik om verhoudings te bou. Palmer *et al.* (2003) se studie toon aan dat vroue hoër tellings as mans op die algemene EI behaal en veral in interpersoonlike vaardighede en emosionele self-bewustheid uitblink. Laer EI in mans, spesifiek met betrekking tot die onvermoë om emosies waar te neem en te gebruik om denke te fasiliteer, is met negatiewe uitkomst, insluitende dwelm- en alkoholmisbruik, sosiaal-afwykende gedrag en swak verhoudings met vriende geassosieer (Brackett *et al.*, 2004). EI is verder in voorgenoemde outeurs se studie met wanaangepastheid en negatiewe gedrag by jong volwasse mans geassosieer, maar nie by vroue nie.

Volgens Bar-On en sy kollegas (Bar-On, Brown, Kirkcaldy & Thomé, 2000) ontplooi geslagsverskille in die aard van EI, eerder as oor die algemeen. In Bar-On en Parker (2000) se studie het vroue byvoorbeeld beter interpersoonlike vaardighede as mans getoon, terwyl mans hoër tellings vir Strestoleransie en Impulsbeheer behaal het. Bar-On (2006), sowel as Mayer en Salovey (1997) beklemtoon egter dat alle EI-vaardighede ontwikkel kan word.

3.9 DIE ONTWIKKELING VAN EI BY ADOLESSENTE

3.9.1 EI en neurologiese ontwikkeling

Volgens Dawson, Panagiotides, Klinger en Hill (1992) bestaan daar 'n verband tussen die neurologiese ontwikkeling van die frontale lobbe en die ontwikkeling van sommige emosionele bevoegdhede. Soos wat die brein gedurende adolessensie in vroeë volwassenheid ontwikkel, vind daar kritieke veranderinge in die adolessent se redeneringsvermoë plaas (Greenberg & Snell, 1997), in só 'n mate dat adolessente moontlik nie dieselfde bevoegdheidsvlak as volwassenes in die bestuur van emosies, sowel as in die integrasie van emosies in besluitneming sal demonstreer nie. Hierdie siening word deur Bar-On (2006) ondersteun.

3.9.2 Adolessensie as kritieke ontwikkelingsfase vir die ontwikkeling van EI

Adolessensie is 'n tydperk van merkwaardige stres en onsekerheid as gevolg van die vele ontwikkelings- en omgewingsuitdagings wat aan adolessente gestel word, byvoorbeeld groepsdruk, gesinskonflik, akademiese struikelblokke en toekomstige beroepskeuses. Gesonde hantering van hierdie uitdagings kan as 'n essensiële deel van die adolessent se weg na die verwerwing van onafhanklikheid, persoonlike identiteit en suksesvolle akademiese prestasie beskou word (Gerald & Gerald, 2002).

Daarteenoor kan oneffektiewe hantering van stres en uitdagings gedurende adolessensie in psigologiese en sosiale probleme resulteer (Frydenberge & Lewis, 1993). Dit is daarom belangrik om die bepalende faktore van effektiewe hantering (*coping*) in adolessensie te verstaan en hierdie studie fokus op een van hierdie faktore: EI.

3.9.3 EI as beskermingsfaktor teen die opdoen van psigologiese en sosiale probleme

Navorsing toon aan dat die beskermingsfaktore waarvan hierbo melding gemaak word, hoofsaaklik onder twee kategorieë gegroepeer kan word: dié wat met persoonlike eienskappe van die kind (of adolessent) verband hou en dié wat op positiewe eienskappe van haar omgewing betrekking het (Coie, Watt, West, Hawkins, Asarnow, Markman, Ramey, Shure & Long, 1993; Doll & Lyon, 1998; Dryfoos, 1997; Durlak, 1998).

3.9.3.1 Persoonlike eienskappe

Persoonlike eienskappe wat as beskermingsfaktore kan dien, sluit in sosiale en emosionele bevoegdhede, soos sterk interpersoonlike vaardighede, 'n aangename geaardheid, goeie probleemoplossingsvaardighede, self-werksaamheid, 'n positiewe selfagting, effektiewe kommunikasievaardighede en hoë aspirasies (Graczyk *et al.*, 2000). Voorgenoemde kan almal as kernkomponente van EI beskou word.

3.9.3.2 Omgewingsfaktore

Omgewingsfaktore wat 'n ondersteunende konteks vir die sosiale en emosionele ontwikkeling van kinders voorsien, sluit in: 'n sterk band met ten minste een besorgde volwassene, toereikende ouerskap, betrokkenheid by konstruktiewe organisasies of aktiwiteite en toegang tot goeie skole.

i. Ouers se rol in die ontwikkeling van EI

EI-voorstaaers beweer dat die ontwikkeling van kinders¹² se EI in 'n groot mate deur hulle ouers se sosialiseringpraktyke bepaal word (Saarni, 1999, 2000; Salovey & Sluyter, 1997). Dit wat kinders in die gesinskonteks by hulle ouers leer, vorm die basis van hulle emosionele kennis en bevoegdheid om emosies te kan identifiseer en te reguleer (Mayer & Salovey, 1997). Gesinsosialisering het ook 'n direkte impak op 'n kind se sosiale en emosionele bevoegdheid (Garner, Jones & Miner, 1994; Zeidner *et al.*, 2002). Die basiese aanname kan dus gemaak word dat 'n kind wie se ouers oor die algemeen konstruktiewe EI-

¹² Die leser moet asseblief kennis neem dat "adolessent(e)" in hierdie geval ook deur die term "kind(ers)" geïmpliseer word.

verbandhoudende gedrag openbaar, meer geneig sal wees om dit as deel van haar eie gedragsrepertoire te inisieer. Dit blyk dus dat die ontwikkeling van EI-bevoegdheids deur 'n veilige en emosioneel-ontvanklike gesinsomgewing ondersteun word. Harrod en Scheer (2005) se studie toon verder betekenisvolle verhoudings aan tussen EI en die moeder se opleiding, die vader se opleiding en die huishouding se finansiële inkomste. Voorgenoemde resultate kan 'n aanduiding wees van die moontlike faktore wat 'n rol in EI-vorming en -ontwikkeling speel.

Daar blyk egter nie genoeg navorsing te wees om veel meer gegronde veralgemenings oor die bepalende faktore van kinders se EI te maak nie. Daar kan byvoorbeeld nie sonder meer gesê word of 'n kind se emosionele en sosiale bevoegdheid (binne "gesonde" gesinsomgewings) beïnvloed word deur direkte instruksie, die beskikbaarheid van positiewe rolmodelle, of deur die vermyding van skadelike vlakke van interpersoonlike konflik nie, en of daar bloot gepoog moet word om 'n omgewing te voorsien waarin die kind se selfgerigte ondersoek en verwerwing van emosionele kennis ondersteun sal word. Die impak van volgehoue stresvolle omstandighede op 'n individu se EI kan ook nie ontken word nie. Alhoewel gesinsfaktore wat moontlik 'n rol in EI-ontwikkeling kan speel in die studie verken gaan word val 'n in-diepte ondersoek daarna buite die doel van hierdie studie. Daar gaan wel met die studie gepoog word om die rol wat die skoolkonteks moontlik in hierdie verband kan speel, te ondersoek.

ii. Die rol van die skoolkonteks in die ontwikkeling van EI

Die skoolomgewing kan as een van die belangrikste kontekste vir die aanleer van EI gesien word (Mayer & Salovey, 1997). Gedurende die proses van emosionele leer ontwikkel die individu aanlegte, vaardighede, houdings en waardes wat nodig is om emosionele bevoegdheids te bekom. Onderrig in EI-vaardighede kan deur 'n verskeidenheid diverse pogings, byvoorbeeld klaskamerinstruksie, buitekurrikulêre aktiwiteite, 'n ondersteunende skoolklimaat en die betrokkenheid van leerders, onderwysers en ouers in gemeenskaps-aktiwiteite voorsien word (Zeidner *et al.*, 2002).

Die ontwikkeling van EI-vaardighede geskied egter nie altyd ewe maklik vir alle leerders nie. Verder word alle leerders nie altyd ewe suksesvol binne 'n bepaalde skoolkonteks geakkommodeer nie (die uitdagings wat leerders van rasse minderheids-groepe in meerderheidskoolkontekste moet hanteer, is in hoofstuk 2 bespreek). Uit die voorafgaande

bespreking van die betekenisvolheid van EI, blyk dit dat individue met 'n hoë EI, potensieel beter in staat is om persoonlike uitdagings, sowel as omgewingseise meer effektief te hanteer. Dit wil dus voorkom of 'n individu (wat deel is van 'n rasse minderheidsgroep) se (hoër) EI 'n betekenisvolle rol in haar aanpassing en funksionering binne 'n meerderheidskoolkonteks behoort te speel, sowel as in die wyse waarop sy haar eie identiteit (binne 'n kulturele omgewing wat moontlik van haar eie kan verskil) gaan onderhandel.

3.10 DIE MOONTLIKE ROL VAN EI IN DIE IDENTITEITSONDERHANDELING, AANPASSING EN FUNKSIONERING VAN RASSEMINDERHEIDSGROEPE IN MEERDERHEIDSKOOLKONTEKSTE

Volgens Bar-On (2006) is individue wat emosioneel en sosiaal intelligent is, in staat om hulself te verstaan en uit te druk, ander te verstaan en met hul te vereenselwig, en om die alledaagse eise van die lewe effektief te hanteer. 'n Individu se EI kan derhalwe 'n belangrike rol speel in hoe sy die wêreld konstrueer en beleef (Richburg & Fletcher, 2002).

Uit die literatuurstudie in hoofstuk 2 het dit duidelik geblyk dat rasse minderheidsgroepe (veral swart leerders) in meerderheidskoolkontekste voor verskeie uitdagings te staan kom en dat hul aanpassing en funksionering in 'n meerderheidskoolkonteks nie altyd ewe suksesvol geskied nie. 'n Verskeidenheid redes kan hiervoor aangevoer word: hulle word dikwels nie toegelaat om hul eie kultuur uit te leef en hul identiteit te onderhandel nie; hulle vind dit moeilik om verhoudings met hul anderrassige portuurgroep aan te knoop en in stand te hou; hulle word aan vooroordeel en rassisme blootgestel en hulle kan dikwels onseker wees oor die rolverwagtinge wat aan hulle gestel word. Hierdie faktore kan lede van rasse minderheidsgroepe magteloos laat voel en baie spanning vir hulle veroorsaak (Kriel, 2000; Machaisa, 2004; Naidoo, 1996; Polson, 1996) wat weer 'n direkte invloed op hul skoolprestasie kan hê (Maree & Ebersöhn, 2002).

Wanneer mense angstig, onseker of onveilig voel, wanneer hulle te veel stres en spanning ervaar, of wanneer hulle aan konstante emosionele aftakeling blootgestel word, is die kans skraal dat hulle hul talente optimaal sal benut. As 'n individu byvoorbeeld nie leer hoe om gesonde verhoudings aan te knoop nie, word haar potensiaal vir geestelike ontwikkeling en aktualisering ernstig ingekort. Kinders wil goed voel oor hulleself en indien die kind nie die geleentheid gebied word nie, kan dit haar selfbeeld 'n ernstige knou gee, wat jare kan neem


om te herstel – indien dit wel gebeur (Maree & Ebersöhn, 2002). Leerders wat met ander woorde as lede van rasse minderheids-groepe nie daarin slaag om toereikende portuurgroep-verhoudings in meerderheidskoolkontekste aan te knoop, sonder om hulle identiteit in die proses prys te gee nie, loop dus die gevaar om nooit hul volle potensiaal te verwerklik nie.

Voorgenoemde kan as kern-konsepte van EI beskou word en daarom maak ek die aanname dat 'n adolessent met 'n hoër EI beter in staat behoort te wees om die uitdagings waarmee sy as deel van 'n rasse minderheids-groep in 'n meerderheidskoolkonteks gekonfronteer word, te hanteer.

3.11 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die ontstaan van die konsep, EI asook bestaande definisies en modelle daarvan ondersoek. 'n Intensiewe literatuurstudie oor EI is onderneem, waarin kritiek teen bestaande benaderings in diepte ondersoek is. Die relevansie van die konsep en die betekenisvolheid van EI in menslike funksionering is in die literatuur aangetoon. Die ontwikkeling van EI by adolessente en die rol wat EI moontlik in die identiteits-onderhandeling, aanpassing en funksionering van lede van rasse minderheids-groepe in meerderheidskoolkontekste kan speel, is ook kortliks verken.

HOOFSTUK 4: TEORETIESE RAAMWERK



4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die teoretiese raamwerk waaruit die studie onderneem is, ondersoek. Aangesien die studie onder meer betrekking het op die wyse waarop lede van 'n rasse minderheidsgroep binne 'n meerderheidskoolkonteks aanpas en funksioneer, is die ekosistemiese (Donald, Lazarus & Lolwana, 2002) en sosiale identiteitsteorieë (Tajfel & Turner, 1979) geïmplementeer om hierdie tendens te verken. Daar is gepoog om die onderhandeling van ras-etniese identiteit te ondersoek teen die agtergrond van die Rassekulturele identiteitsontwikkelingsteorie van Sue en Sue (1990), die *Nigrescence*-teorie van Cross (1971, 1991), die Wit etniese ras-identiteitsontwikkelingsteorie van Helms (1995), sowel as Phinney (1989) se Driefase-model van etniese identiteitsvorming, terwyl die deelnemers se EI volgens die Bar-On-model (1997) geanaliseer en geïnterpreteer is.

4.2 EKOSISTEMIESE TEORIE

Die ekosistemiese teorie (Donald *et al.*, 2002) is saamgestel uit die ekologiese (Bronfenbrenner, 1979) en sisteemteorieë (Capra, 1982) en dui aan hoe individue en groepe op verskillende vlakke in 'n sosiale konteks in 'n dinamiese, interafhanklike en interaktiewe verhouding verbind is.

4.2.1 Ekologiese teorie

Die ekologiese teorie het sy oorsprong in Bronfenbrenner (1977; 1979; 1986) se ekologiese model van kinderontwikkeling. Volgens hierdie model moet vier interaktiewe dimensies in ag geneem word wanneer kinderontwikkeling bestudeer word, gegewe:

- persoonlike faktore (bv. die temperament van die kind en/of haar ouer);
- prosesfaktore (bv. die tipe interaksie wat binne 'n gesin of skoolkonteks plaasvind);
- kontekste (bv. gesinne, skole, of plaaslike gemeenskappe);
- tyd (bv. veranderinge oor tyd in die kind of omgewing). (Donald *et al.*, 2002).

Die belangrikheid van proksimale interaksies in kinderontwikkeling (met ander woorde interaksies wat in aangesig-tot-aangesig, langtermynverhoudings plaasvind, byvoorbeeld tussen 'n ouer en kind of tussen 'n kind en 'n naby vriend) word deur Bronfenbrenner (1979) beklemtoon. Die proses van proksimale interaksies word deur persoonlike faktore (bv. die kind se temperament), sowel as deur die aard van die kontekste waarbinne hierdie interaksie

plaasvind (bv. die aard van die interaksie tussen onderwysers en leerders in 'n skool) beïnvloed. Hierdie persoonlike, proses- en kontekstuele elemente verander oor tyd, afhange van kinders se ontwikkeling en verandering(e) in die omgewing(s).

Volgens Bronfenbrenner (in Donald *et al.*, 2002), behoort kinderontwikkeling bestudeer te word vanuit die uitgangspunt dat dit plaasvind binne vier interafhanklike sisteme, naamlik die “mikrosisteem”¹³, die “mesosisteem”, die “eksosisteem” en die “makrosisteem”. Voor genoemde sisteme is in interaksie met die “chronosisteem” en word vervolgens bespreek.

4.2.1.1 Mikrosisteme

Die sisteme waar kinders in volgehoue aangesig-tot-aangesig interaksies met bekende mense betrokke is, kan as mikrosisteme beskou word, byvoorbeeld die gesin, die skool en die portuurgroep. Hierdie sisteme het betrekking op patrone van daaglikse aktiwiteite, rolle en verhoudings. Volgens Bronfenbrenner vind die proksimale interaksies waarvan vroeër melding gemaak is binne hierdie sisteme plaas.

4.2.1.2 Mesosisteme

Die mesosisteem kan beskou word as 'n stel mikrosisteme wat met mekaar geassosieer word, aangesien die portuurgroep-, skool- en gesinsisteme op hierdie vlak in interaksie met mekaar is. Met ander woorde, 'n kind se gedrag by die skool kan beïnvloed word deur dit wat by die huis gebeur en andersom. 'n Kind kan byvoorbeeld geen ondersteuning van 'n ouer ontvang nie, maar wel by 'n onderwyser of by haar portuurgroep. Alhoewel die gebrek aan ondersteuning by die huis 'n kind dus angstig en onseker kan laat voel, kan voorgenoemde deur positiewe interaksie met byvoorbeeld 'n onderwyser of haar portuurgroep verminder word. Die omgekeerde kan egter ook gebeur dat 'n kind geborgenheid by die huis, maar verwerping by die skool ervaar.

4.2.1.3 Eksosisteme

Hierdie sisteem sluit ander sisteme in waarby die kind nie direk betrokke is nie, maar wat die individue met wie sy proksimale verhoudings in haar mikrosisteme het, kan beïnvloed. 'n

¹³ Aanhalingstekens word aanvanklik gebruik om aan te dui dat die betrokke terme direk uit die genoemde teorieë vertaal is.

Ouer se werksomstandighede of 'n broer/suster se portuurgroep kan byvoorbeeld as eksosisteme in 'n kind se lewe beskou word.

4.2.1.4 Makrosisteme

Die makrosisteam het betrekking op die dominante sosiale strukture, sowel as waardes en oortuigings wat al die ander sisteme beïnvloed, of deur al die ander sisteme beïnvloed word. 'n Kind kan byvoorbeeld leer dat sy respek vir ouer mense moet hê. Die proksimale interaksies in haar mikrosisteam sal dan waarskynlik deur hierdie kulturele waarde beïnvloed word en na al die ander sisteme waarby sy betrokke is, oorvlei. Hierdie sisteem kan as die algehele sosiale sisteem beskou word.

4.2.1.5 Chronosisteme

Die interaksies tussen voorgenoemde sisteme en hul invloed op individuele ontwikkeling vind binne spesifieke tydsraamwerke plaas. Met ander woorde, 'n gesin, 'n skool of enige ander sisteem waarin die ontwikkelende kind betrokke is, kan op sigself as 'n proses van ontwikkeling beskou word. Hierdie sisteme is weer in interaksie met 'n kind se progressiewe fases van ontwikkeling.

4.2.1.6 Samevatting: Ekologiese teorie

Die ekologiese teorie is dus gebaseer op die interafhanklikheid en verhoudings wat tussen organismes en hul fisiese omgewings bestaan (Bronfenbrenner, 1979). Hierdie verhoudings word as 'n geheel beskou, waar elke deel ewe belangrik is en waar verandering in een verhouding/sisteem waarskynlik 'n verandering in ander verhoudings/sisteme te weeg sal bring. Volgens hierdie teorie word daar na ekologiese “balans” gestreef – wanneer die verhoudings en siklusse binne die hele sisteem in balans is, kan die sisteem onderhou word (Donald *et al.*, 2002).

Die persoon en haar omgewing is dus voortdurend in interaksie en beïnvloed mekaar wedersyds. Bronfenbrenner in Donald *et al.* (2002) beklemtoon in hierdie verband dat kinders se eie **persepsies** van hulle kontekste (sisteme) sentraal is tot begrip van die wyse waarop hulle daarmee omgaan. 'n Kind word dus nie slegs deur die omgewing beïnvloed nie, maar kan as aktiewe deelnemer in haar eie ontwikkeling beskou word. Individue word

volgens hierdie teorie dus as bevoeg beskou om aan te pas en volgens verskillende omgewingsvereistes op te tree. Op dieselfde wyse kan die individu se rolverwagtinge van een omgewing na die volgende verskil.

4.2.2 Sisteemteorie

Voorstanders van die sisteemteorie beskou die verskillende vlakke en groeperings van 'n sosiale konteks as "sisteme" waar die algehele funksionering van die sisteem afhanklik is van die interaksie tussen al die dele. 'n Skool of gesin kan byvoorbeeld elk as 'n sisteem beskou word. Volgens die sisteemteorie vind oorsaak-gevolg-verhoudings nie net in een rigting plaas nie, maar aksies word beskou op grond van die wyse waarop hulle mekaar op sikliese wyse beïnvloed. Elke sisteem is ook in interaksie met ander parallelle of wyer sisteme, byvoorbeeld die gesin as geheel is in interaksie met ander sisteme, byvoorbeeld die skool, die kerk, ander families, ensovoorts (Donald *et al.*, 2002).

Verskeie ander elemente en prosesse is volgens Donald *et al.* (2002) belangrik om enige sisteem te verstaan. Dit sluit in:

4.2.2.1 Doelwitte en waardes van die sisteem

Die sisteem as 'n geheel, sowel as die sisteem se interaksie met ander sisteme, beïnvloed en word beïnvloed deur beide die vanselfsprekende (openlik gestelde) en versteekte doelwitte en waardes van die sisteem. Byvoorbeeld, 'n vanselfsprekende doelwit van 'n gesin kan "ekonomiese vooruitgang" wees, terwyl "die handhawing van manlike dominansie" 'n versteekte (en dikwels meer invloedryke) doelwit kan wees. In 'n skool kan "onderrig" 'n vanselfsprekende doelwit wees, terwyl "die handhawing van 'n wit kulturele etos" die versteekte en meer invloedryke doelwit kan wees.

4.2.2.2 Subsisteme binne die sisteem

Subsisteme kan beskou word as verskillende en soms oorvleuelde groeperings binne die sisteme, byvoorbeeld verskillende generasies binne 'n gesin. Een subsisteem kan ook met 'n ander subsisteem oorvleuel, byvoorbeeld seuns en dogters binne dieselfde gesin. In 'n skoolkonteks kan klasse as 'n subsisteem beskou word, terwyl hierdie subsisteme weer met subsisteme wat op geslag of ras gebaseer is, kan oorvleuel.

4.2.2.3 Kommunikasiepatrone

Kommunikasie geskied tussen subsysteme, sowel as tussen die sisteem en ander sisteme buite die betrokke sisteem. Die wyse van kommunikasie (met ander woorde hoe duidelik en direk die kommunikasie plaasvind) tussen hierdie sisteme is belangrik in hul funksionering en interaksie. Byvoorbeeld, kommunikasie tussen ouers en hul kinders as subsysteme kan onduidelik wees, wat spanning tussen hierdie subsysteme kan veroorsaak. Dieselfde kommunikasieprobleme kan tussen verskillende subsysteme in 'n skoolkonteks (bv. tussen onderwysers en leerders of tussen wit en swart leerders onderling) ontstaan. Die kommunikasie tussen 'n gesin en 'n skool kan eweneens ook onvoldoende wees en as 'n resultaat daarvan die wyse waarop daar teenoor kinders opgetree word, beïnvloed.

4.2.2.4 Rolle binne die sisteem

Die vanselfsprekende – en spesifiek die versteekte – doelwitte van 'n sisteem word deur die wyse waarop rolle binne daardie sisteem gedefinieer en vertolk word, verteenwoordig. Die funksionering van die hele sisteem word hierdeur beïnvloed. Gesinslede kan byvoorbeeld 'n aantal verskillende rolle aanneem wat kan oorvleuel of soms teenstrydig kan wees. Algemene rolle sluit in ouer, kind, versorger, probleemoplosser, ensovoorts. Teenstrydigheid kan voorkom wanneer daar byvoorbeeld van 'n kind verwag word om beide die rolle van kind en ouer aan te neem (in 'n geval waar een van die ouers byvoorbeeld afwesig is).

4.2.2.5 Grense

Daar bestaan grense tussen subsysteme onderling, sowel as tussen die sisteem en ander sisteme. Die funksionering van 'n sisteem of sub sisteem word op verskillende wyses beïnvloed deur hoe rigied (geslote) of aanpasbaar (oop) die grense binne die sisteem is. Byvoorbeeld, hoe oop of geslote 'n skool in verhouding tot die gesinne van sy leerders en die plaaslike gemeenskap is, kan beide die skool se effektiwiteit en die gemeenskap self beïnvloed.

4.2.2.6 Tyd en ontwikkeling

Sisteme moet volgens Donald *et al.* (2002) in terme van die dimensie van tyd en ontwikkeling beskou word. Alle menslike sisteme verander en ontwikkel oor tyd; derhalwe word die

sisteem as geheel deur ontwikkelingsveranderinge in dele van die sisteem beïnvloed. Die ontwikkelingsfases van kinders het 'n noemenswaardige effek op die wyse waarop 'n gesin funksioneer en ontwikkel. Ontwikkelingsveranderinge in een sisteem is ook in interaksie met ontwikkelingsveranderinge in ander sisteme. Met ander woorde, skole kan as sisteme beskou word wat met tyd verander en ontwikkel. Dieselfde geld vir gemeenskappe, en die aard van die ontwikkeling in een sisteem beïnvloed die aard van die ontwikkeling in die ander sisteme in volgehoue interaktiewe siklusse (die integrasie van skole ná 1994 kan as 'n voorbeeld hiervan beskou word).

4.2.3 Samevatting en betekenisvolheid van die ekosistemiese teorie

Die ekosistemiese perspektief kan dus as 'n integrasie van beide die ekologiese en sistemiese teoretiese insigte beskou word. Die ekosistemiese teorie sluit aan by Chinkanda (1994) en Hartshorne (1992) se mening dat kinders nie as leerders in die ware sin van die woord verstaan kan word, sonder dat hulle onmiddellike agtergrond en familiegeskiedenis, en die impak van hierdie faktore op hul reaksie tot die skoolkonteks (of laasgenoemde se invloed op hul gesinslewe) in ag geneem word nie.

Die ekosistemiese teorie bied dus 'n benadering waarbinne leerders van 'n rasse-minderheidsgroep se identiteitsonderhandeling, aanpassing en funksionering in 'n meerderheidskoolkonteks ondersoek en verstaan kan word, aangesien hierdie teorie voorsiening maak vir die wedersydse invloed wat tussen 'n individu en haar konteks plaasvind. Verder kan die ontwikkeling en veranderinge wat in die laaste paar jaar in Suid-Afrikaanse skole plaasgevind het (en die invloed daarvan op die kind, haar gesin en die gemeenskap), goed vanuit 'n ekosistemiese perspektief verstaan word.


Soos reeds vermeld, blyk dit duidelik uit voorgenoemde bespreking dat 'n kind nie as 'n passiewe ontvanger van omgewingsinvloede beskou moet word nie, maar dat sy as aktiewe agent in haar eie ontwikkeling en in die hantering van haar omgewing optree. Laasgenoemde kan as kernkonsepte van Bar-On (1997) se model van EI beskou word.

4.3 DIE BAR-ON-MODEL VAN EI

4.3.1 Dimensies van die Bar-On-model van EI

Bar-On (1997) se model van EI het betrekking op die emosionele, persoonlike en sosiale aspekte van intelligensie wat nodig is vir 'n individu om haar omgewingseise suksesvol te

hanteer en as 'n resultaat daarvan beter psigologiese gesondheid en sukses in die lewe te geniet. Aangesien die model volledig in hoofstuk 3 bespreek is, word slegs 'n opsommende illustrasie daarvan vervolgens voorsien:



Figuur 4.1: Die Bar-On-model van EI

(Van Rooyen, 2002)

4.3.2 Samevatting en betekenisvolheid van die Bar-On-model van EI

'n Individu se intra- en interpersoonlike vaardighede, haar wyse van streshantering (emosionele beheer en regulering), haar aanpasbaarheid (die wyse waarop sy verandering

hanteer), sowel as haar algemene gemoedstoestand gaan volgens hierdie model dus bepaal in watter mate sy die omgewingseise wat aan haar gestel word, suksesvol gaan hanteer.

Hierdie model bied 'n omvattende beskrywing van 'n individu se EI waarbinne die deelnemers in hierdie studie se identiteitsonderhandeling, aanpassing en funksionering binne 'n meerderheidskoolkonteks verstaan kan word.

4.4 SOSIALE IDENTITEITSTEORIE (SIT)

4.4.1 Die belang van 'n adolessent se portuurgroep

Die meeste adolessente rapporteer dat hulle aan 'n portuurgroep behoort (Palmonari, Pombeni & Kirchler, 1990; Kirchler, Palmonari & Pombeni, 1993) en die voordele van groeplidmaatskap is goed gedokumenteer. Portuurgroepe word as waardevolle netwerke beskou waardeur 'n adolessent se identiteit en selfbeeld onderhandel kan word (Newman & Newman in Tarrant, 2002). Hulle word ook as 'n bron van emosionele ondersteuning beskou, wat 'n sin van behoort gedurende 'n tydperk van fisiese, emosionele en kognitiewe aanpassing kan verskaf (Jackson & Bosma in Tarrant, 2002). Verder blyk dit dat die adolessente wat positiewe verhoudings met hul portuurgroepe rapporteer, dikwels beter psigologiese welstand geniet as diegene wat ontevrede met hul lidmaatskap is, of deur hul portuurgroep verwerp word (Gottlieb in Tarrant, 2002). Die belangrikheid van 'n adolessent se lidmaatskap aan 'n bepaalde sosiale groep word dus opnuut beklemtoon.

4.4.2 Sosiale groepe

Tajfel en Turner (in Kriel, 2000) definieer 'n sosiale groep soos volg: 'n Groep is 'n versameling individue wat hulself as lede van dieselfde kategorie beskou, en hulle ervaar ook 'n mate van emosionele verbintenis tot die gedeelde definisie van die groep. Verder bestaan daar konsensus tussen lede omtrent die evaluering van hul groep en van hul lidmaatskap daaraan. Die kriteria vir groeplidmaatskap is dat individue hulself as lede van die groep definieer en dat hulle ook deur ander lede van die groep as lede van die groep gedefinieer word. Intergroepkontak word dan beskou as:

... any behavior displayed by one or more actors toward one or more others that is based on the actors' identification of themselves and the others as belonging to different social categories (Tajfel & Turner, 1979:40).

Dit kom dus voor of sosiale groepe deur middel van 'n proses van sosiale kategorisering tot stand kom.

4.4.3 Sosiale kategorisering

Die SIT beklemtoon die natuurlike neiging wat bestaan om mense in verskeie sosiale kategorieë te klassifiseer (Sears, Peplau & Taylor, 1991). Sosiale kategorisering word beskou as 'n kognitiewe wyse waarop sosiale omgewings geklassifiseer en georden word. Die sosiale groepering bied vir individue 'n wyse waarop hulle hulself in sosiale terme kan definieer. Hierdie identifikasie is tot 'n groot mate verhoudingsgebonde en vergelykend van aard – met ander woorde, individue word as dieselfde of anders (of beter of swakker) as lede van ander groepe gedefinieer.

Sosiale kategorisering verskaf ook 'n sisteem waarvolgens individue hulself in die samelewing posisioneer. 'n Groep se status word juis in verhouding met die groep se posisionering in die politieke en sosio-ekonomiese struktuur van die samelewing of gemeenskap bepaal (Turner & Brown, 1978). Wit individue is in die vorige Suid-Afrikaanse samelewingsbestel as 'n hoëstatusgroep beskou, terwyl swart individue as 'n sosiale minderheidsgroep geëvalueer is (Bornman in Polson, 1996).

Verskeie navorsingsresultate toon aan dat die psigologiese welstand van benadeelde sosiale groepe (bv. etniese minderheidsgroepe) dikwels bedreig word (Outten, Schmitt, Garcia & Branscombe, 2009). Lede van hierdie groepe dui byvoorbeeld aan dat hulle gereeld negatiewe behandeling oor 'n verskeidenheid lewensdomeine verduur met betrekking tot onder meer behuising, opvoeding/onderrig en werkseleenthede (Feagin, 1991, 1992; Noh & Kaspar, 2003; Landrine & Klonoff, 1996; Machaisa, 2004; Sigelman & Welch, 1991; Swim, Hyers, Cohen, Fitzgerald & Bylsma, 2003). Tesame met die bedreiging van hul welstand as gevolg hiervan, kan hierdie groepe die persepsie ontwikkel dat hulle groep se devaluasie en verwerping deur die negatiewe behandeling gereflekteer word. Persepsies van benadeelde groepe dat hulle onwaardig is, is met lae selfbeeld (Branscombe, Schmitt & Harvey, 1999), depressie (Noh & Kaspar, 2003) en angs (Klonoff, Landrine & Ullman, 1999; Landrine & Klonoff, 1996) in verband gebring. Volgens Tajfel en Turner (1979) word hierdie persepsies van groeplidmaatskap (positief óf negatief) geïnternaliseer en word 'n sosiale identiteit, wat deel uitmaak van die persoon se selfbeeld, gevorm.

4.4.4 SIT en selfbeeld

Volgens die SIT kan 'n individu se selfbeeld as 'n basiese menslike behoefte beskou word en *individuals respond to threats to their identity in a variety of ways that enable them to maintain a positive view of themselves and their own reference group* (Phinney, Chavaria & Tate, 1992:470). Die selfbeeld bestaan uit twee dimensies:

- Die persoonlike identiteit wat unieke eienskappe van die individu insluit, soos persoonlikheidseienskappe, fisiese eienskappe (bv. ras/etnisiteit), voorkeure, afkeure, ensovoorts.
- Die sosiale identiteit wat verwys na die beskrywing van die individu as deel van 'n groep of groepe. 'n Individu se lidmaatskap aan verskillende sosiale kategorieë en groepe vorm saam haar sosiale identiteit (Kriel, 2000).

'n Persoon se selfbeeld ontwikkel dus gedeeltelik vanuit die sosiale kategorie waarin sy haarself sien (Tajfel & Turner in Kriel, 2000). Hierdie argument is op die volgende aannames gebaseer:

- Individue streef daarna om 'n positiewe selfbeeld te handhaaf.
- Sosiale groepe en lidmaatskap daaraan word met waardes geassosieer. 'n Individu se sosiale identiteit is dus positief of negatief, afhangend van die evaluering van daardie groep, wat tot die individu se sosiale identiteit bydra.
- Evaluering van die eie groep word, relatief tot 'n ander groep, deur middel van sosiale vergelykings van waardegebaseerde eienskappe bepaal. Positiewe vergelykings dra by tot die verhoogde aansien van die binnegroep, terwyl negatiewe vergelykings tot die verlaagde aansien van die binnegroep bydra (Tajfel & Turner in Kriel, 2000).

Die graad waarin 'n individu se selfbeeld deur haar groeplidmaatskap beïnvloed word, word bepaal deur die *value and emotional significance attached to that membership* (Tajfel, 1981:255). Groeplidmaatskap het dus die potensiaal om by te dra tot 'n individu se positiewe selfbeeld as die groep op sigself gunstig in terme van ander groepe geëvalueer word.

'n Individu sal daarom lidmaatskap in groepe nastreef *that have some contribution to make to the positive aspects of his social identity; i.e. to those aspects of it from which he derives some satisfaction* (Tajfel, 1978:64). Met ander woorde, as die lidmaatskap aan 'n bepaalde groep 'n individu laat goed voel oor haarself, sal die handhawing van affiliasie met die groep

en volharding in die positiewe evaluering van die groep in terme van ander groepe vir haar baie belangrik wees. Wanneer die vergelyking met 'n buitengroep egter in 'n benadeelde posisie resulteer, kan die individu 'n negatiewe sosiale identiteit ontwikkel (Mummendey, Kessler, Klink & Mielke, 1999). Die vorming van 'n sosiale identiteit kan verder negatief beïnvloed word wanneer negatiewe stereotipes met betrekking tot 'n bepaalde sosiale groep deur sy lede geïnternaliseer word (Shinnar, 2008).

4.4.5 Hantering van negatiewe sosiale identiteit

Die SIT identifiseer drie hanteringsmeganismes wat deur individue gebruik word wat 'n negatiewe sosiale identiteit het, naamlik individuele mobiliteit, sosiale kreatiwiteit en sosiale kompetisie (Tajfel & Turner, 1979, 1986; Turner & Brown, 1978). Die hantering van die psigologiese stres wat dikwels met lidmaatskap aan 'n minderheidsgroep gepaard gaan, is belangrik aangesien *individuals who show an active coping strategy are better able to take charge and initiative in their lives, actualize life plans and goals, and learn from successes and failures* (Torres & Rollock in Shinnar, 2008:157). Voorgenoemde hanteringsmeganismes word vervolgens bespreek.

4.4.5.1 Individuele mobiliteit

Hierdie strategie impliseer *attempts, on an individual basis, to achieve upward social mobility, to pass from a lower- to a higher-status group* (Tajfel & Turner, 1986:19). Wanneer individue byvoorbeeld van mening is dat die meeste lede van hul binnegroep laestatus-beroepe beklee, kan hulle deur middel van studie poog om hulself van hierdie groep te distansieer. Dit is egter moeilik, indien moontlik, vir 'n individu om haar binnegroep te verlaat wat betekenisvol anders as die buitengroep is (bv. op grond van ras/etnisiteit), wat meebring dat ander hanteringsmeganismes geïmplementeer moet word.

4.4.5.2 Sosiale kreatiwiteit

Hierdie hanteringsmeganisme is meer psigologies van aard en het betrekking op die verandering van 'n individu se persepsie, eerder as die neem van aksie soos wat by individuele mobiliteit die geval is. Lede van die binnegroep streef na positiewe differensiasie deur die vergelykingselemente te verander. Hulle kan byvoorbeeld eerder vergelykings op innerlike of persoonlike waardes as uiterlike eienskappe (waarop die vergelykings aanvanklik

gemaak is) tref. Die groep se status, en nie net die individu se status nie, word dus verander. Sosiale kreatiwiteit kan drie vorme aanneem:

- Die vergelykings tussen die binne- en buitengroep word op grond van nuwe dimensies gemaak. Hirose in Shinnar (2008:557) het byvoorbeeld in 'n eksperiment wat op ongelyke hulpbronverspreiding tussen groepe betrekking het die volgende bevind:

[Low-status group members] try to secure a positive self-identity for the group by finding another dimension in which they can evaluate themselves as superior to the dominant group, [such as a higher rating of in-group member trustworthiness], because they cannot affirmatively appreciate themselves in the status-related dimension of dominance, as reflected by the actual resource disparity.

- 'n Tweede variasie van sosiale kreatiwiteit het te make met die verandering van die waarde van die eienskappe wat aan die binnegroep 'n negatiewe evaluasie gegee het, sodat dit positief beskou word. 'n Klassieke voorbeeld is die "Black is beautiful"-slagspreuk waarin *the salient dimension, colour, remains the same but the usual value-system is reversed* (Turner & Brown, 1978:205).
- Die laaste variasie van sosiale kreatiwiteit het betrekking op die selektering van 'n alternatiewe verwysingsgroep (gewoonlik 'n laerstatus groep) om die binnegroep mee te vergelyk.

4.4.5.3 Sosiale kompetisie

Hierdie hanteringsmeganisme verwys na die betrokkenheid van lede van die binnegroep by aktiwiteite wat verandering in die *status quo* bevorder. Die binnegroep probeer met ander woorde hul status verhoog deur die buitengroep vir direkte kompetisie uit te daag. Hierdie kollektiewe aksie het ten doel om aanvaarding van die dominante kultuur te verkry in 'n poging om die waarde van die binnegroep te verhoog waar intergroep-vergelykings ongunstig is.

Sosiale aksie kan ook gerig wees op die bevordering van veranderinge van sekere aspekte van die individu se eie etniese groep (Tajfel & Turner, 1979), ten einde negatiewe stereotipes deur die buitengroep te vernietig. Laasgenoemde kan bereik word deur pogings om die afwykende gedrag van lede van die binnegroep, wat oënskynlik 'n negatiewe impak op die persepsies van die buitengroep het, te verander. Marques, Yzerbyt en Leyens (in Shinnar,

2008:558) het die *Black sheep effect* geïdentifiseer, waarin *unlikable in-group members are more negatively evaluated than unlikable out-group members when their behaviors are relevant for the in-group's social identity*. Hierdie effek kan tot psigologiese uitsluiting van die binnegroep lei wanneer *deviant group members [are] judged as less typical of the in-group by individuals who are likely to care the most about the in-group image, namely high identifiers. This seems to allow them to safeguard the image of their group* (Castano, Paladino, Coull & Yzerbyt in Shinnar, 2008:558).

4.4.6 Kritiek teen die SIT

- b. rasseminderheidsgroepleerders in Hoërskool A aan die een kant en -leerders in Hoërskool B aan die ander kant, is die volgende prosedure gevolg:
 - Die totale groep se frekwensieverspreiding ten opsigte van geslag en skool is bepaal.
 - Die frekwensies van geldige EK-tellings ten opsigte van geslag en skool is bepaal.
 - Die mediane, gemiddelde en standaardafwykings van die vier EI-fasette, asook die Totale EK is bereken.
- c. Die *Mann Whitney U*-statistiese prosedure (Field, 2006) is uitgevoer om die verskillende hipoteses (hier onder) te ondersoek om die verskille tussen die onderskeie veranderlikes se mediane verder te demonstreer. Die redes vir die gebruik van die (nie-parametriese) *Mann Whitney U*-statistiese prosedure is die volgende:
 - i. die **doel**steekproef was te klein om die gebruik van parametriese prosedures te fasiliteer;
 - ii. die data was nie normaal verdeel nie;
 - iii. die idee was in elk geval nie om te probeer om resultate te veralgemeen tot 'n groter populasie nie (sien p. 145, tabel 5.8).

¹⁵ Observasie van die deelnemers, my veldnotas en reflektiewe joernaal, asook dagboekinskrywings deur die deelnemers het in al die fases van die navorsing plaasgevind.

¹⁶ Hier word verwys na die Intrapersoonlike, Interpersoonlike, Streshantering- en Aanpasbaarheidsskaal. Aangesien die telling wat op die Algemene Gemoedstoestandskaal behaal word, nie in ag geneem word by die berekening van die Totale EK nie, is hierdie skaal nie by die kwantitatiewe dataverwerking in ag geneem nie.



Die volgende 10 statistiese (en alternatiewe) hipoteses is ondersoek:

Nulhipotese 1:

$$H_0: Me_{\text{Meisies, Intrapersoonlik}} = Me_{\text{Seuns, Intrapersoonlik}}$$

Alternatiewe hipotese 1:

$$H_a: Me_{\text{Meisies, Intrapersoonlik}} > Me_{\text{Seuns, Intrapersoonlik}}$$

Nulhipotese 2:

$$H_0: Me_{\text{Meisies, Interpersoonlik}} = Me_{\text{Seuns, Interpersoonlik}}$$

Alternatiewe hipotese 2:

$$H_a: Me_{\text{Meisies, Interpersoonlik}} > Me_{\text{Seuns, Interpersoonlik}}$$

Nulhipotese 3:

$$H_0: Me_{\text{Meisies, Streshantering}} = Me_{\text{Seuns, Streshantering}}$$

Alternatiewe hipotese 3:

$$H_a: Me_{\text{Meisies, Streshantering}} \neq Me_{\text{Seuns, Streshantering}}$$

Nulhipotese 4:

$$H_0: Me_{\text{Meisies, Aanpasbaarheid}} = Me_{\text{Seuns, Aanpasbaarheid}}$$

Alternatiewe hipotese 4:

$$H_a: Me_{\text{Meisies, Aanpasbaarheid}} < Me_{\text{Seuns, Aanpasbaarheid}}$$

Nulhipotese 5:

$$H_0: Me_{\text{Meisies, Totale EK}} = Me_{\text{Seuns, Totale EK}}$$

Alternatiewe hipotese 5:

$$H_a: Me_{\text{Meisies, Totale EK}} > Me_{\text{Seuns, Totale EK}}$$

Nulhipotese 6:

$$H_0: Me_{\text{Hoërskool A, Intrapersoonlik}} = Me_{\text{Hoërskool B, Intrapersoonlik}}$$

Alternatiewe hipotese 6:

$$H_a: Me_{\text{Hoërskool A, Intrapersoonlik}} \neq Me_{\text{Hoërskool B, Intrapersoonlik}}$$

Nulhipotese 7:

$$H_0: Me_{\text{Hoërskool A, Interpersoonlik}} = Me_{\text{Hoërskool B, Interpersoonlik}}$$



Alternatiewe hipotese 7:

$H_a: Me_{\text{Hoërskool A, Interpersoonlik}} \neq Me_{\text{Hoërskool B, Interpersoonlik}}$

Nulhipotese 8:

$H_0: Me_{\text{Hoërskool A, Streshantering}} = Me_{\text{Hoërskool B, Streshantering}}$

Alternatiewe hipotese 8:

$H_a: Me_{\text{Hoërskool A, Streshantering}} \neq Me_{\text{Hoërskool B, Streshantering}}$

Nulhipotese 9:

$H_0: Me_{\text{Hoërskool A, Aanpasbaarheid}} = Me_{\text{Hoërskool B, Aanpasbaarheid}}$

Alternatiewe hipotese 9:

$H_a: Me_{\text{Hoërskool A, Aanpasbaarheid}} \neq Me_{\text{Hoërskool B, Aanpasbaarheid}}$

Nulhipotese 10:

$H_0: Me_{\text{Hoërskool A, Totale EK}} = Me_{\text{Hoërskool B, Totale EK}}$

Alternatiewe hipotese 10:

$H_a: Me_{\text{Hoërskool A, Totale EK}} \neq Me_{\text{Hoërskool B, Totale EK}}$

5.4.4 Data-analise en interpretasie: Kwalitatiewe komponent

5.4.4.1 Inleidende opmerking

Ek stel dit ter aanvang dat ek terdeë bewus is van die feit dat daar nooit sprake kan wees van "korrekte" of "verkeerde" wyse van data-analise nie: *Analyzing qualitative data is an eclectic activity – there is no one "right" way and data can be analyzed in more than one way* (McMillan & Schumacher, 2001:461). Data-analise sentreer rondom die organisering, interpretering en verduideliking van data en vind reeds gedurende die data-insamelingsproses plaas (Creswell, 2003). Data in gevalstudies word geanaliseer deur van woorde, beelde of fisiese objekte gebruik te maak. Daar bestaan nie 'n basiese "resep" vir die analyse van ingesamelde data nie en verskeie benaderings kan gevolg word om die navorsingsdata wat in die studie verkry is, te analiseer. Die geldigheid en vertroubaarheid van die data-analiseproses moet ten alle tye hoë prioriteit geniet.

5.4.4.2 Creswell se benaderings

Die gekose data-analisestrategie wat in die studie geïmplementeer is, is op Creswell (2003) en Creswell (2005) se benaderings gebaseer en word in tabel 5.5 uiteengesit:

Tabel 5.5: Uiteensetting van die data-analisetegnieke wat in die studie gevolg is

STAPPE	DATA-ANALISETEGNIKKE
Stap 1	<p>Organisering en voorbereiding van data</p> <p>Nadat die data ingesamel is, is dit vir ontleding voorberei. 'Rou' (<i>raw</i>) data is georganiseer en getranskribeer. Die massa inligting is gereduseer deur irrelevante data uit te skakel. Ek het hierdie stap gedurende die verloop van my navorsing uitgevoer, ten einde 'n opeenhoping van data, wat tydrowend en moeilik kon wees om te hanteer, uit te skakel. Dit het my verder in staat gestel om voorlopige bevindinge en addisionele hipoteses te kon formuleer. Alle data is op hierdie wyse voorberei. 'n Raamwerk is ontwerp wat op patrone in die deelnemer se response gebaseer is.</p>
Stap 2	<p>Lees van data</p> <p>Die volgende stap was om deur al die data te lees, ten einde 'n algemene indruk van die data te kon verkry en daaroor te kon reflekteer.</p>
Stap 3	<p>Begin gedetailleerde analise van data</p> <p>Die data (EI-vraelyste, my reflektiewe joernaal, dagboekinskrywings van die deelnemers en getranskribeerde weergawes van die fokusgroepe, semi-gestruktureerde onderhouds en observasies) is gekodeer. Rossman en Rallis (in Creswell, 2003:192) beskryf kodering as <i>the process of organizing data into chunks before bringing meaning to those chunks</i>. Ek het gedurende hierdie fase van 'n eksterne kodeerder¹⁷ gebruik gemaak, ten einde kwaliteitsversekering moontlik te maak.</p>
Stap 4	<p>Identifisering van subtemas en temas</p> <p>Subtemas (wat op die deelnemers se EI, sowel as hul identiteitsonderhandeling, aanpassing en funksionering in die skoolkonteks betrekking het) is geïdentifiseer en in moontlike temas gesorteer. Ek het die subtemas gelys en met mekaar vergelyk, ten einde duplisering te kon uitskakel en voorgenoemde in voorlopige volgorde van belangrikheid te kon rangskik (McMillan & Schumacher, 1997). Ek het ook gedurende hierdie stap die geïdentifiseerde temas met die deelnemers se EK-tellings in verband gebring.</p>

¹⁷ Dr. Carien Lubbe-De Beer, 'n ervare opvoedkundige sielkundige met 'n uitnemende reputasie as kwalitatiewe data-analiseerder en -kodeerder en dosent aan die Universiteit van Pretoria, het as my eksterne kodeerder opgetree (sien bylaag D).

<p>Stap 5</p>	<p>Bespreking van temas</p> <p>Ek het in hierdie stap van tabelle gebruik gemaak om aan te sluit by besprekings van temas en subtemas, soos deur Creswell (2003) aanbeveel word.</p> <p>Ek het ook tydens hierdie stap die temas wat die meeste voorgekom het en wat as die belangrikste geag kon word, geïdentifiseer (McMillan & Schumacher, 1997).</p>
<p>Stap 6</p>	<p>Interpretasie en verduideliking van data</p> <p>Daar is in hierdie stap gepoog om vas te stel wat uit die navorsing geleer is. Laasgenoemde is gebaseer op my persoonlike interpretasie van die navorsingsbevindinge en op die afleidings wat gemaak word vanuit die vergelyking van die bevindinge met inligting uit die literatuurstudie en teorie. My veldnotas en refleksies (asook die deelnemers s'n) is aangewend om die interpretasie van data uit te brei.</p>

5.5 KWALITEITSVERSEKERINGSKRITERIA

Kwalitatiewe navorsing behoort aan die kriteria van kredietwaardigheid, oordraagbaarheid en vertroubaarheid te voldoen (Creswell, 2003; McMillan & Schumacher, 2001; Terre Blanche & Durrheim, 2002). Die geldigheid en betroubaarheid van die kwantitatiewe komponent van die studie (die *EQ-i:YV*) gaan vervolgens eers vermeld word.

5.5.1 Geldigheid en betroubaarheid: Kwantitatiewe komponent

5.5.1.1 Standaardisering van die *EQ-i:YV*

Standaardisering verwys na die prosedure waarvolgens 'n nuwe toets op 'n verteenwoordigende steekproef individue toegepas word en is van uiterste belang. Dit het ten doel om eenvormige prosedures daar te stel vir die toepassing, merk en interpretasie van die instrument. Hiermee saam kan standaardisering behulpsaam wees in die proses om die verspreiding van routellings in die normgroep te bepaal. Die routellings kan dan na 'n afgeleide norm omgeskakel word (Aiken, 1994 in Finestone, 2005).

Die *EQ-i:YV* is 'n gestandaardiseerde instrument waarvolgens EI gemeet kan word (Bar-On & Parker, 2000). Die feit dat die *EQ-i:YV* nie op 'n verteenwoordigende steekproef van Suid-Afrikaanse leerders gestandaardiseer is nie, behoort as 'n potensiële beperking beskou te word. Ek was deeglik daarvan bewus en die leser word versoek om uitslae ook versigtig te interpreteer. Die feit dat die *EQ-i:YV* egter amptelik deur die *Health Professions Council of*

South Africa (HPCSA) as 'n toets vir gebruik in Suid-Afrika goedgekeur en geklassifiseer word, regverdig my gebruik daarvan.

5.5.1.2 Geldigheid

Die faktorgeldigheid van 'n instrument dien as hulpmiddel vir potensiële toetsgebruikers om te bepaal of die faktore konseptueel sin maak. Die faktorstruktuur van die Interpersoonlike, Intrapersoonlike, Streshantering- en Aanpasbaarheidskale is bestudeer deur van 'n verkennende faktoranalise op die totale normatiewe steekproef gebruik te maak. Die vier empiriese faktore wat uit die analise na vore getree het, het goed opgeweeg teen die vier *EQ-i:YV*-skale wat ontwikkel is om EI te meet (Bar-On & Parker, 2000).

Volgens Bar-On en Parker (2000) toon die statistiese bewyse van die geldigheid van die *EQ-i:YV* dat die skaalstruktuur empiries en teoreties toepaslik is. Alhoewel die bepaling van 'n instrument se geldigheid 'n voortdurende proses is, word kerneienskappe van EI in kinders en adolessente deur die *EQ-i:YV*-skale geïdentifiseer.

5.5.1.3 Betroubaarheid

i. Interne betroubaarheid

Interne betroubaarheid (konstantheid) verwys na die mate waarin alle items op 'n spesifieke skaal elke keer dieselfde konstruk meet ($N = 9172$). Die interne betroubaarheid is gemeet met Cronbach alpha-koëffisiënte by die Noord-Amerikaanse steekproef en het gewissel tussen 0.67 en 0.90 (Bar-On & Parker, 2000).

ii. Gemiddelde tussen-itemkorrelasies

Die gemiddelde tussen-itemkorrelasie is 'n verdere indikator om aan te toon of items op 'n spesifieke skaal konstant dieselfde konstruk meet. Die tussen-itemkorrelasies by die Noord-Amerikaanse steekproef wat gevind is ten opsigte van geslags- en ouderdomsgroepe, ondersteun die interne stabiliteit van die onderskeie *EQ-i:YV*-skale (Bar-On & Parker, 2000).

iii. Toets-hertoetsbetroubaarheid

Toets-hertoetsbetroubaarheid verwys na die tydelike stabiliteit van die response. Die toets-hertoetsbetroubaarheidskoëffisiënte van die *EQ-i:YV* wissel tussen 0.77 en 0.89. Die toets-hertoetsbetroubaarheid van die *EQ-i:YV*-skale blyk dus voldoende te wees (Bar-On & Parker, 2000).

5.5.2 Kredietwaardigheid, oordraagbaarheid en vertroubaarheid: Kwalitatiewe komponent

5.5.2.1 Kredietwaardigheid

Kredietwaardigheid verwys na die mate waarin bevindinge as eg bestempel kan word. Die navorser behoort gedurende die navorsingsproses die kredietwaardigheid van die studie te kontroleer deur die vraag te vra: “Hoe kan ek verkeerd wees?” Ek het in hierdie studie van **triangulasie** en **kristallisatie** (*crystallization*) gebruik gemaak om diskrepante data te evalueer en om sodoende die kredietwaardigheid van die studie te kon verhoog (McMillan & Schumacher, 2001; Nieuwenhuis, 2007; Terre Blanche & Durrheim, 2002).

i. Triangulasie

Triangulasie verwys na die proses wat deur navorsers geïmplementeer word om te bepaal in watter mate gevolgtrekkings wat uit die kwalitatiewe data gemaak is, deur die kwantitatiewe data ondersteun word en *vice versa* (Maree & Van der Westhuizen, 2007). In hierdie studie het ek die inligting wat uit die fokusgroep- en individuele onderhoudvoering met deelnemers en hul onderwysers (kwalitatiewe data) na vore getree het met die inligting wat uit die *EQ-i:YV* (kwantitatiewe data)¹⁸ na vore getree het, vergelyk.

ii. Kristallisatie

Kristallisatie verwys na die gebruik van verskillende navorsers, bronne en metodes om bevindinge met mekaar te vergelyk. Ek het van verskillende data-insamelingstegnieke gebruik gemaak ten einde kristallisatie te fasiliteer en die vertroubaarheid van my studie te verhoog. Soos reeds vermeld, het ek ook van ‘n eksterne kodeerder en leiding van my promotor gebruik gemaak om my bevindinge te verifieer.

¹⁸ Alle statistiese berekenings is deur die Departement Statistiek aan die Universiteit van Pretoria gedoen.

5.5.2.2 Oordraagbaarheid

Die oordraagbaarheid van 'n studie word bereik deur gevalle breedvoerig te beskryf. Hierdie aspek bied aan die leser 'n ryk beskrywing van die betekenis binne die konteks waarin dit ontwikkel (Terre Blanche & Durrheim, 2002). Ek het in die studie gepoog om breedvoerige en uitgebreide beskrywings van die gevalstudie, eerder as veralgemenings te maak. Die moontlike veralgemeningswaarde in die onderhawige studie is beperk, aangesien slegs ses leerders per skool by die studie betrek is.

5.5.2.3 Vertroubaarheid

Geldigheid in die kwalitatiewe navorsingsproses is volgens Creswell (2003) die bepaling of die bevindinge wat in die studie verkry is, akkuraat is vanuit die oogpunt van die navorser, deelnemers en lesers. Terminologie wat gebruik word wanneer na geldigheid verwys word, is "egtheid", "vertroubaarheid" (*trustworthiness*) en "geloofwaardigheid" (Denzin & Lincoln, 1998). Die term "vertroubaarheid" is in die studie gebruik.

Creswell (2003) en McMillan en Schumacher (2001) stel sekere strategieë voor om die vertroubaarheid in kwalitatiewe navorsing te verhoog. Ten einde die vertroubaarheid van my studie te verhoog, het ek van die volgende raamwerk gebruik gemaak:

Tabel 5.6 Verhoging van die vertroubaarheid van my studie

Strategieë	Beskrywing van aktiwiteite
Verlengde veldwerk	Data-insameling het in vier fases oor 'n tydperk van vyf maande geskied.
Multimetode strategieë	Die studie het voorsiening gemaak vir triangulasie en kristallisatie by data-insameling en -analise deur kwantitatiewe (die EQ-i:YV-vraelys) en kwalitatiewe tegnieke (fokusgroepe, semi-gestruktureerde individuele onderhoude met deelnemers en hul onderwysers, observasie, dagboekinskrywings van die deelnemers, asook my eie veldnotas en reflektiewe joernaal) te kombineer.
<i>Verbatim</i> verslaggewing van response	Gesprekke gedurende fokusgroep- en semi-gestruktureerde onderhoude is <i>verbatim</i> opgeneem en getranskribeer. Afrikaans is as medium van kommunikasie gebruik.
Lae-inferensie verduidelikings	Verduidelikings en situasies is in besonderhede genoteer.
Meganiese data-insameling	Alle gesprekke is op band geneem.
Aanbieding van negatiewe en/of teenstrydige inligting	Inligting is so volledig moontlik gerapporteer – ook inligting wat as teenstrydig met die geïdentifiseerde temas beskou kon word.

Strategieë	Beskrywing van aktiwiteite
Gebruik van 'n eksterne kodeerder	'n Bekwame en ervare eksterne kodeerder het die hele projek hersien en geassesseer.
Selektiewe gebruik van data is vermy	Data is nie gebruik om bevindinge valslik te verifieer nie. Die eksterne kodeerder het hulp in hierdie opsig verleen.
Deelnemende navorser	'n Refleksiejoernaal is gebruik om my persepsies en aannames te noteer en te toets, ten einde te kon verseker dat ek die deelnemers se response korrek verstaan het.
Deelnemer-nasiening	Die deelnemers het die geleentheid gekry om te bepaal of die resultate en afleidings wat gemaak is, akkuraat was. Misverstande en/of konsepte is met die deelnemers uitgeklaar, alvorens die data geïnterpreteer is.
Afleidings wat gemaak word, moet deur voldoende bewyse ondersteun word.	Afleidings is slegs gemaak indien dit deur ingesamelde data ondersteun kon word.

(Soos aangepas uit Creswell, 2003; McMillan & Schumacher, 2001)

5.5.2.4 Eksterne geldigheidsoorweginge

Eksterne geldigheid dui op die potensiele veralgemeenbaarheid van bevindinge tot ander situasies. Enkele faktore wat die eksterne geldigheid van my studie potensieel kon bedreig, word vervolgens in tabelvorm weergegee.

Tabel 5.7: Faktore wat die eksterne geldigheid kon bedreig

BEDREIGING	OMSKRYWING
Populasie	
Seleksie van deelnemers	Veralgemening is beperk tot die situasie wat in die studie omskryf is.
Deelnemereienskappe	Veralgemening is beperk tot die eienskappe van die deelnemers in die betrokke "steekproef" (byvoorbeeld ouderdom, ras-etniese groep, ensovoorts).
Subjek-intervensie-interaksie	Veralgemening is beperk tot die betrokke interaksie wat tussen my en die deelnemers plaasgevind het.
Ekologie	
Omskrywing van veranderlikes	Veralgemening is beperk tot die operasionele definisies van my veranderlikes.
Die 'Hawthorne-effek'	Die deelnemers kon moontlik gedrag openbaar om my as navorser te behaag.
Sensitering	Die deelnemers se bewustheid van die eksperimentele aard van die studie kon hulle gedrag beïnvloed het.
Navorser	
Interpretasie	My subjektiewe interpretasie van die data kan as beperkend beskou word, aangesien die resultate verskillend deur ander navorsers geïnterpreteer kan word.

(Maree, 2007)

Soos reeds vermeld, is ek deeglik bewus daarvan dat my navorsingsresultate op bepaalde wyses deur voorgenoemde faktore beïnvloed kon word. Ek is by uitstek bewus daarvan dat **slegs twaalf deelnemers** by die navorsingsproses betrek is en dat hierdie faktor die potensiële veralgemeningswaarde van my studie ingrypend inperk. Om hierdie rede maak ek nie enige aanspraak op veralgemeningswaarde van my resultate nie.

5.6 DIE NAVORSER SE ROL

My rol as navorser binne 'n interpretivistiese studieveld het behels dat ek as onderhoudvoerder 'n aktiewe deelnemer in die navorsingsproses was, wat geïmpliseer het dat ek 'n belangrike deel van die data gevorm het (Wimmer & Dominick in Hinckley, 2005). Aangesien ek betrokke was in die ervaringe van die deelnemers, moes ek deurgaans bewus wees van my eie vooroordeel, waardes en persoonlike belangstellings rakende die navorsingsonderwerp en -proses (Creswell, 2003). Behalwe vir my rol as onderhoudvoerder in hierdie studie, moes ek data transkribeer, analiseer, trianguleer, kristalliseer en interpreteer.

Volgens Stake (2000:372) benodig die navorser konstante deelname *from conscience, from stakeholders and from the research community*, ten einde die ontstaan van etiese kwessies te vermy. Ek was tydens die fokusgroep- en individuele onderhoude deurgaans bewus van die etiese riglyne wat ek veronderstel was om te volg.

5.7 ETIESE MAATREËLS

Ek is bewus van die feit dat navorsing nie sonder meer deur enige iemand op enige plek uitgevoer kan word nie. Volgens die "Helsinki Verklaring van 1972" is dit noodsaaklik om klaring van 'n etiese komitee te verkry wanneer menslike (of dierlike) subjekte in enige vorm van navorsing van empiriese aard betrek word (Hinckley, 2005). Ek het toestemming van die etiese komitee van die Universiteit van Pretoria se Opvoedkunde-fakulteit verkry om die studie uit te voer (sien bylaag E vir my etiese klaring-sertifikaat).

Strydom (2002:63) sluit hierby aan: *Anyone involved in research needs to be aware of the general agreements about what is proper and improper in scientific research.* Ek het myself regdeur die navorsingsproses aan die volgende etiese beginsels onderwerp:



5.7.1 Ingeligte toestemming

Skryflike toestemming van die Departement van Onderwys, asook van die skoolhoofde en voorsitters van die onderskeie beheerliggame is eerstens verkry (sien bylaag F1 en F2) nadat die voorgenome studie in besonderhede aan voorgenoemde rolspelers mondelings en skryflike verduidelik is. 'n Afgevaardigde (onderwyseres) het die potensiële deelnemers van Hoërskool "A" byeen gekry, waarna ek die doel van die navorsing, die proses wat gevolg sou word en wat van die deelnemers verwag sou word, in diepte met hulle bespreek het. Aangesien ek as Opvoedkundige Sielkundige by Hoërskool "B" werksaam was, kon ek die deelnemers self bymekaar kry (sien hoofstuk 6 vir 'n bespreking daarvan) waarna ek voorgenoemde ook aan hulle verduidelik het. Ek moes veral my rol as **navorser** aan die potensiële deelnemers in Hoërskool B verduidelik (ten einde verwarring te voorkom) en derhalwe is leerders wat voorheen kliënte van my was nie by die studie betrek nie.

Ek het beklemtoon dat deelname **vrywillig** is en dat deelnemers op enige stadium aan die navorsing kon onttrek. Ek het briewe van ingeligte toestemming (sien bylaag F3) aan hulle oorhandig, waarna deelnemers en hul ouers/voogde skryflike moes aandui of eersgenoemde aan die studie wou deelneem. Slegs die leerders wat skryflike toestemming gegee het, is by die studie betrek.

5.7.2 Beskerming teen skade/leed (*harm*)

Gedurende die navorsingsproses het ek seker gemaak dat deelnemers teen fisiese of psigologiese leed beskerm word (Leedy & Omrod, 2001). Ek het daarna gestreef om eerlik met die deelnemers te wees, hulle met respek te behandel en empaties teenoor hulle op te tree. Wanneer dit nodig geblyk het, het ek *debriefing* aan die deelnemers verskaf.

5.7.3 Privaatheid, konfidensialiteit en anonimiteit

Volgens Burns (2000) moet beide die navorser en die deelnemer 'n duidelike begrip hê rakende die konfidensialiteit van die resultate en die bevindings van die studie. Ek het die beperkinge van konfidensialiteit (veral in die fokusgroepverband) aan die deelnemers verduidelik. Al die deelnemers se inligting en response is op 'n anonieme wyse hanteer, ten einde die identiteite van deelnemers te beskerm. Ek het toestemming van die deelnemers verkry om hul response te publiseer.

5.8 POTENSIËLE BETEKENISVOLHEID VAN DIE STUDIE

Met hierdie studie kan rolspelers in skole meer bewus gemaak word van die uitdagings wat lede van rasseminderheidsgroepe in meerderheidskoolkontekste moet hanteer. Dit kan moontlik daartoe bydra dat eersgenoemde meer daadwerklike pogings sal aanwend om sodanige leerders beter te akkommodeer. Die potensiële betekenis van EI in die onderhandeling van identiteit en leerders se aanpassing en funksionering binne 'n meerderheidskoolkonteks is ook in die studie uitgelig; derhalwe kan die toepassing daarvan ook as deel van die kurrikulum en/of as strategie tydens terapeutiese intervensie ondersoek word. Die studie lewer verder 'n bydrae om die literatuur rakende rasseminderheidsgroepe in meerderheidskoolkontekste uit te brei, aangesien wit leerders se aanpassing en funksionering binne 'n swart meerderheidskoolkonteks onder meer ondersoek is – 'n tendens wat tans nie volledig in die literatuur omskryf word nie.

5.9 VOORSIENE PROBLEME

Behalwe vir die faktore wat die geldigheid van my studie kon bedreig, het ek die volgende probleme ondervind:

- Daar was nie ses deelnemers (drie dogters en drie seuns) in elke skool wat noodwendig lae, gemiddelde en hoë tellings as sodanig behaal het nie. Verder moes baie van die vraelyste met omsigtigheid geïnterpreteer word (bv. vanweë baie hoë tellings op die Positiewe Indruk- of Inkonsekwentheidskale), wat meegebring het dat ek my wyse van deelnemerseleksie daarvolgens moes aanpas (sien hoofstuk 6 vir 'n volledige bespreking hiervan).
- Soos reeds vermeld, het enkele deelnemers in albei skoolkontekste óf nie vir die fokusgroepsessies opgedaag nie, óf nie regtig daaraan deelgeneem nie.
- Daar was twee deelnemers in Hoërskool A wat ook baie terughoudend gedurende die individuele onderhoude was en die vroeë baie kortaf beantwoord het.

5.10 BEPERKINGE VAN DIE STUDIE

Ek is, soos deur Maree en Van der Westhuizen (2009) aanbeveel, deeglik bewus van die beperkinge van my studie wat in die volgende tabel uiteengesit word:

Tabel 5.8 Uiteensetting van die beperkinge van die studie

Potensiële beperkende kwessie	Afbakening
Naturalistiese navraag	Slegs twee skole is by die studie betrek en die wyse waarop die spesifieke deelnemers binne hierdie kontekste aanpas, funksioneer en hul eie identiteit onderhandel, is nie noodwendig verteenwoordigend van die wyse waarop dit deur ál die lede van rasseminderheidsgroepe binne hierdie skole, of in ander meerderheidskoolkontekste geskied nie.
Induktiewe analise	Alhoewel my eksterne kodeerder hulp in hierdie verband verleen het, is data-analise hoofsaaklik deur myself behartig.
Holistiese perspektief	Soos reeds vermeld, kon die <i>Hawthorne</i> -effek die dinamiek van die fokusgroep- en individuele onderhoude beïnvloed het.
Kwalitatiewe data	Alhoewel gedetailleerde beskrywings moontlik is vanweë die gebruik van kwalitatiewe én kwantitatiewe data-insamelings-tegnieke, is hierdie taak slegs deur een individu (myself) uitgevoer.
Persoonlike kontak en insig	Bevindinge kan in terme van die <i>Hawthorne</i> -effek en my moontlike persoonlike vooroordeel gekritiseer word.
Unieke gevaloriëntasie en konteks-sensitiwiteit	Die studie het hoofsaaklik op die skoolkonteks gefokus en alhoewel ek gepoog het om meer uit te vind oor die wedersydse invloede tussen deelnemers en ander kontekste (bv. die gesin), is laasgenoemde nie in diepte ondersoek nie.
Geselekteerde steekproef	Slegs 'n beperkte aantal lede van rasseminderheidsgroepe in meerderheidskoolkontekste het die geleentheid gehad om aan die studie deel te neem, aangesien slegs ses deelnemers van twee skole onderskeidelik op grond van toeganklikheid en gerieflikheid gekies is. Dit impliseer dat die resultate nie veralgemeen kan word nie.

(Soos aangepas uit Maree & Van der Westhuizen, 2009)

5.11 SAMEVATTING


In hierdie hoofstuk is die INTERPRETIVISTIES-positivistiese paradigmatische perspektief waaruit die studie onderneem is, asook die KWALITATIEWE-kwantitatiewe navorsingsontwerp en gevalstudie wat geïmplementeer is, bespreek. Die navorsingsmetodologie (steekproef, data-insamelings- en data-analisetegnieke), asook die kwaliteitsversekeringskriteria van die studie (die geldigheid en betroubaarheid van die kwantitatiewe komponent, sowel as die kredietwaardigheid, oordraagbaarheid en vertroubaarheid van die kwalitatiewe kompo-



ment) is ondersoek. My rol in die navorsing en die etiese maatreëls wat ek gedurende die studie streng eerbiedig het, is ook kortliks vermeld. Ten slotte is die potensiële betekenisvolheid en beperkinge van die studie bespreek.



HOOFSTUK 6: RESULTATE



6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die resultate van die studie uiteengesit. Die resultate van die kwantitatiewe komponent van die studie (die *EQ-i:YV*) waar gaan eers weergegee word, waarna die resultate wat deur middel van kwalitatiewe data-insamelingstegnieke (naamlik fokusgroepe, individuele onderhoude, observasie en refleksie) ingesamel is, voorsien gaan word. Die resultate gaan egter eers in hoofstuk 7 bespreek en met die literatuur (soos in hoofstuk 2 en 3 bespreek) in verband gebring word.

6.2 RESULTATE: KWANTITATIEWE KOMPONENT

6.2.1 Interpretasie van die *EQ-i:YV*

Bar-On en Parker (2000) verskaf die volgende stappe waarvolgens die *EQ-i:YV* geïnterpreteer behoort te word en wat ek gevolg het:

6.2.1.1 **Stap 1: Kontroleer geldigheid**

Volgens Bar-On en Parker (2000) behoort 'n individu se **Inkonsekwentheidsindeks** nie 'n totaal van **10** te oorskry nie. Hierdie outeurs dui verder aan dat 'n **Positiewe Indruk skaaltelling** van **120 en meer** met toenemende omsigtigheid geïnterpreteer behoort te word.

6.2.1.2 **Stap 2: Bepaal die huidige gemoedstoestand van die deelnemer**

Daar bestaan 'n sterk verband tussen 'n individu se EI en haar algemene gemoedstoestand (Bar-On & Parker, 2000). Individue met hoër EI-vlakke is dikwels meer optimisties (en minder depressief) as individue met laer EI-vlakke, terwyl individue wat meer pessimisties en/of depressief is, geneig is om hulle eie vermoëns (soos deur die *EQ-i:YV* gemeet) laer te evalueer. Dit is dus moontlik dat hierdie individue se tellings moontlik nie 'n "ware" refleksie van hulle EI-vlakke is nie. Bar-On en Parker (2000) beveel daarom aan dat individue wat standaardtellings van **onder 80** op die **Algemene Gemoedstoestand skaal** behaal, se resultate met omsigtigheid geïnterpreteer behoort te word.

6.2.1.3 Stap 3: Bepaal die algehele vlak van EI

Die Totale EK is 'n aanduiding van 'n individu se algehele EI-vlak. Individue wat hoë tellings op die volgende skale behaal, kan moontlik die volgende eienskappe toon:

Tabel 6.1 Skaalbeskrywings van die EQ-i:YV

Skaal	Eienskappe van individue wat hoë tellings behaal
Intrapersoonlike skaal	Die individu verstaan haar emosies, kan haar emosies uitdruk en met ander individue kommunikeer.
Interpersoonlike skaal	Die individu toon goeie interpersoonlike verhoudings en kan as 'n goeie luisteraar beskou word, wat ander se emosies kan verstaan en in ag neem.
Aanpasbaarheidskaal	Die individu is buigbaar, realisties en kan verandering hanteer. Sy toon positiewe hanteringsmeganismes ten opsigte van alledaagse probleme.
Streshanteringskaal	Die individu is kalm en in staat om onder druk te werk. Sy tree nie impulsief op nie en kan moeilike situasies sonder emosionele uitbarstings hanteer.
Totale EK	Die individu is gewoonlik effektief in die hantering van daaglikse uitdagings en is oor die algemeen gelukkig.
Algemene Gemoedstoestand skaal	Die individu is optimisties en het 'n positiewe uitkyk op die lewe.
Positiewe Indrukskaal	Die individu poog om 'n oordrewe positiewe selfindruk te skep.
Inkonsekwenheidsindeks	Inkonsekwenhede is teenwoordig in die manier waarop die individu op dieselfde bewoorde items geantwoord het. Die individu kon die instruksies verkeerd verstaan het, of die vrae op 'n agterlosige manier beantwoord het.

(Bar-On & Parker, 2000).

Bogenoemde skaalbeskrywings voorsien 'n riglyn waarvolgens die tellings wat op die EQ-i:YV behaal is, geïnterpreteer kan word. Standaardtellings van **110 en meer** dui op individue wat oor bogemiddelde EI-vlakke beskik, terwyl standaardtellings van **minder as 90** op ondergemiddelde EI-vlakke dui (sien tabel 6.2 vir 'n lys van riglyne vir die interpretasie van standaardtellings).

Tabel 6.2 Riglyne vir die interpretasie van Standaardtellings

Tellings	Riglyne
130+	Opvallend hoog: Atipiese goed-ontwikkelde emosionele en sosiale kapasiteit.
120-129	Baie hoog: Baie goed-ontwikkelde emosionele en sosiale kapasiteit.
110-119	Hoog: Goed ontwikkelde emosionele en sosiale kapasiteit.
90-109	Gemiddeld: Gemiddelde emosionele en sosiale kapasiteit.
80-89	Laag: Onderontwikkelde emosionele en sosiale kapasiteit.
70-79	Baie laag: Baie onderontwikkelde emosionele en sosiale kapasiteit.
Onder 70	Opvallend laag: Atipiese swak emosionele en sosiale kapasiteit.

6.2.1.4 Stap 4: Bepaal die patroon van EI-dimensies

Terwyl die Totale EI-skaal 'n **algemene** aanduiding gee van hoe emosioneel en sosiaal intelligent 'n individu is, kan haar **spesifieke** sterk- en swakpunte deur die ander skaalpunten uitgebeeld word. Tellings van een standaardafwyking of meer **bo** die gemiddeld dui op emosionele of sosiale vaardighede wat goed ontwikkel is. Tellings van een standaardafwyking of meer **onder** die gemiddeld, dui op 'n betekenisvolle tekortkoming rakende die spesifieke vaardigheid wat gemeet word.

6.2.1.5 Stap 5: Vergelyk resultate van die *EQ-i:YV* met ander bronne van inligting

Volgens Bar-On en Parker (2000) behoort die inligting wat deur die *EQ-i:YV* verkry word, met ander assesseringsmetodes en bronne van inligting gekombineer te word. In hierdie studie het ek ook van kwalitatiewe data-insamelingstegnieke (soos vroeër vermeld), asook deelnemers se akademiese vorderingsverslae, gebruik gemaak om 'n meer omvattende en betekenisvolle beeld van hulle te kon verkry.

6.2.2 Hoërskool "A" (swart skoolkonteks)

6.2.2.1 Agtergrond van die skool

Hoërskool A is 'n voormalige model C-skool wat in 'n minder gegoede deel van Tshwane geleë is (ter wille van die anonimiteit van die skool word die streek nie verskaf nie). Die

skool bestaan tans uit 'n meerderheid swart leerders (die wit : swart-ratio is tans 5% : 95%). Die skool se onderrigtaal was aanvanklik enkelmedium (Afrikaans), maar het later dubbelmedium geword namate die wit leerders toenemend minder geword het, tot waar onderrig tans weer in enkelmedium (Engels) geskied. Die meeste **wit** leerders in die skool is Afrikaanssprekend, met die uitsondering van enkele Engelssprekendes. Alhoewel die meerderheid onderwysers wit is, is daar ook heelwat onderwysers wat ander rassegroepe verteenwoordig.

6.2.2.2 Seleksie van deelnemers

Al die wit leerders (van graad 9-12)¹⁹ in die skool is uitgenooi om aan die studie deel te neem. Die skoolhoof het egter verkies om die leerders as die “ATKV-groep” (die Afrikaanse leerders het onlangs sodanige groep gestig) uit te nooi, ten einde *onnodige vrae by die swart leerders te vermy*. Alhoewel daar dus ook wit Engelssprekende leerders in die skool is, is slegs Afrikaanssprekende individue by die studie betrek. Daar is 23 leerders uitgenooi om aan die studie deel te neem, waarvan 21 ingeligte toestemming verleen het en die *EQ-i:YV* voltooi het. Slegs twee van die 21 deelnemers het nie vir die bespreking van die kwantitatiewe resultate opgedaag nie. Laasgenoemde word onderskeidelik in tabel 6.3 en tabel 6.4 uiteengesit²⁰.

Daar is sover moontlik gepoog om drie dogters en drie seuns (van verskillende ouderdomsgroepe) te selekteer wat onderskeidelik lae, gemiddelde en hoë tellings op die *EQ-i:YV* behaal het. Vanweë die geldigheidsoorweginge wat deur Bar-On en Parker (2000) aanbeveel word, was dit egter nie by die dogters moontlik om deelnemers te selekteer wat presies in hierdie drie kategorieë geval het nie.

Die resultate van 'n **kwantitatiewe analise** van die data is bekom deur middel van die inskakeling van die *EQ-i:YV* word in tabelle 6.3, 6.4, 6.5 en 6.6 uiteengesit, waar die gemiddeldes vir elke subskaal telkens bereken is.

¹⁹ Graad 8-leerders is nie by die studie betrek nie, aangesien hulle ten tye van die data-insameling (myns insiens) nog nie lank genoeg in die betrokke skole sou wees nie.

²⁰ **Skuilname** is aan die ses deelnemers in beide skole gegee wat aan die fokusgroepe en individuele onderhoude deelgeneem het, maar die res van die deelnemers word slegs as (byvoorbeeld) “Leerder D” aangedui. Dit is op hierdie wyse gedoen om moontlike verwarring by die interpretasie van gemiddeldes uit te skakel.



Tabel 6.3 EI-tellings: Dogters – Hoërskool A

Naam	Ouderdom	Geslag	Intrapersoon- liik	Interpersoon- liik	Streshante- ring	Aanpasbaar- heid	Algemene Gemoed	Totale EK	Positiewe Indrukskaal	Inkonsekwent- heidsindeks
Annet (Leerder A)	18	V	105	120	97	94	117	106	95	2
Charlene (Leerder B)	16	V	98	93	95	119	110	104	101	8
Rika (Leerder C)	17	V	98	93	65	82	97	77	66	5
Leerder D	14	V	112	104	74	104	83	98	84	5
Leerder E	13	V	93	101	118	98	107	104	107	6
Leerder F	18	V	107	90	97	88	104	97	101	5
Leerder G	18	V	87	110	121	66	104	95	101	4
Leerder H	17	V	94	116	104	104	115	104	112	2
Leerder I	14	V	74	94	87	101	85	82	84	10 ²¹
Leerder J	18	V	123	96	121	113	95	125	124	1
Leerder K	18	V	101	113	115	104	117	115	130	6
Gemiddeld²²: Leerdere A-H			99.3	103.4	96.4	94.4	104.6	98.1		

Tabel 6.4 EI-tellings: Seuns – Hoërskool A

Naam	Ouderdom	Geslag	Intrapersoon- liik	Interpersoon- liik	Streshante- ring	Aanpasbaar- heid	Algemene Gemoed	Totale EK	Positiewe Indrukskaal	Inkonsekwent- heidsindeks
Bennie (Leerder L)	15	M	116	104	115	114	115	119	84	3
Gerhard (Leerder M)	17	M	109	100	101	108	113	107	90	6
Werner (Leerder N)	16	M	94	84	80	81	88	79	79	3
Leerder O	14	M	88	86	99	108	115	95	107	0
Leerder P	18	M	90	96	78	105	103	88	90	1
Leerder Q	16	M	82	90	84	102	88	86	107	18
Leerder R	19	M	105	119	129	126	126	130	124	3
Leerder S	16	M	94	71	76	78	75	73	85	1
Leerder T	18	M	124	116	82	99	116	109	96	13
Leerder U	16	M	98	103	103	105	116	103	129	5
Gemiddeld (Leerdere L-P)			99.4	94	94.6	103.2	106.8	97.6		

²¹ Hierdie kleur dui in tabelle 6.3, 6.4, 6.5 en 6.6 op die resultate wat met omsigtigheid geïnterpreteer moet word, hetsy vanweë 'n Inkonsekwentheidsindeks van 10 of meer, 'n Positiewe Indrukskaaltelling van 120 of meer en 'n Algemene Gemoedskaaltelling van minder as 80.

²² Vraelyste wat vanweë een van bogenoemde redes as ongeldig beskou kan word, is nie in aanmerking geneem by die berekening van gemiddeldes nie.

6.2.3. Resultate: Hoërskool “B” (wit skoolkonteks)

6.2.3.1 Agtergrond van die skool

Hoërskool B is ook ‘n voormalige model C-skool wat geleë is in ‘n gemiddelde tot bogemiddelde area van Tshwane. Die skool bestaan steeds uit ‘n meerderheid wit leerders (die wit : swart-ratio is tans 96% : 4%) en die medium van onderrig is Afrikaans. Die personeel is uitsluitlik wit, met die uitsondering van swart skoonmakers en terreinwerkers.

6.2.3.2 Seleksie van deelnemers

Aangesien ek werksaam was by die skool, was dit vir my maklik om toegang tot die deelnemers te verkry. Ek kon met behulp van die skool se rekenaarsstelsel ‘n naamlys van al die leerders (in graad 9-12) wat aan ander rassegroepe behoort, bekom. Ek het briefies aan sodanige leerders (deur hul voogonderwysers) gerig om my gedurende ‘n vierkantopening in ‘n spesifieke klaskamer te ontmoet. Daar het 21 leerders op hierdie uitnodiging gereageer. Een van die bruin dogters (wat baie ligte gelaatstrekke het) het aangedui dat sy *definitief nie ‘n kleurling is nie* en dat *die skool al voorheen ‘n fout gemaak het*. Ek het aan die oorblywende 20 deelnemers die doel en verloop van die studie (asook my rol in die navorsing) verduidelik en hulle uitgenooi om aan die studie deel te neem.

Sestien leerders het ingeligte toestemming verleen en die *EQ-i:YV* voltooi. Daar het egter slegs 10 leerders vir die terugvoer oor die resultate opgedaag. Die dogters het nie “hoë” en “lae” tellings as sodanig behaal nie (en die dogter wat die laagste telling behaal het, wou nie verder aan die studie deelneem nie); derhalwe is hulle gekies volgens hulle bereidwilligheid om aan die studie deel te neem (sien tabel 6.5). Die seuns is volgens hulle ouderdomme en die lae tellings wat hulle op die Positiewe Indrukskaal behaal het, geselekteer (sien tabel 6.6). Toe ek agterna vir die ses deelnemers gevra het waarom hulle dink die ander leerders nie verder aan die studie wou deelneem nie, het een van die dogters aangedui dat sy dink dat hulle *bang is om die waarheid te praat*.

Tabel 6.5 EI-tellings: Dogters – Hoërskool B

Naam	Ouderdom	Geslag	Intrapersoonlik	Interpersoonlik	Streshantering	Aanpasbaarheid	Algemene Gemoed	Totale EK	Positiewe Indruk-skaal	Inkonsekwentheidsindeks
Khulile (Leerder A)	16	V	98	106	99	97	99	99	95	6
Rosy (Leerder B)	17	V	91	106	110	113	108	108	107	3
Sasha (Leerder C)	16	V	94	116	86	101	108	97	84	5
Leerder D	16	V	98	110	84	113	102	101	95	4
Leerder E	17	V	98	103	71	88	113	86	89	3
Leerder F	14	V	100	65	103	67	73	82	90	7
Leerder G	17	V	94	113	97	110	110	106	118	10
Leerder H	18	V	109	100	91	130	106	112	124	6
Leerder I	17	V	87	120	99	125	110	115	130	3
Gemiddeld (Leerdere A-E)			95.8	108.2	90	102.4	106	98.2		

Tabel 6.6: EI-tellings: Seuns – Hoërskool B

Naam	Ouderdom	Geslag	Intrapersoonlik	Interpersoonlik	Streshantering	Aanpasbaarheid	Algemene Gemoed	Totale EK	Positiewe Indruk-skaal	Inkonsekwentheidsindeks
Alfred (Leerder J)	16	M	130	84	65	117	111	103	101	2
James (Leerder K)	17	M	82	103	127	114	95	111	107	3
Tebogo (Leerder L)	14	M	112	104	85	99	103	101	95	4
Leerder M	16	M	113	84	80	108	126	96	118	8
Leerder N	14	M	100	98	103	102	103	105	123	12
Leerder O	16	M	86	128	117	123	118	117	124	4
Leerder P	16	M	113	116	95	120	116	128	124	5
Gemiddeld (Leerdere J-P)			109.3	93.8	89.3	109.5	108.8	102.8		

'n Vergelyking van die dogters en seuns (van albei skole) en die skole met mekaar word onderskeidelik in tabelle 6.7, 6.8 en 6.9 aangedui.



Tabel 6.7 EI-gemiddelde: Dogters

Naam	Intrapersoonlik	Interpersoonlik	Streshantering	Aanpasbaarheid	Algemene Gemoed	Totale EK
Dogters: Hoërskool A	99.3	103.4	96.4	94.4	104.6	98.1
Dogters: Hoërskool B	95.8	108.2	90	102.4	106	98.2
Gemiddeld: Dogters	97.6	105.8	93.2	98.4	105.3	98.2

Tabel 6.8 EI-gemiddelde: Seuns

Naam	Intrapersoonlik	Interpersoonlik	Streshantering	Aanpasbaarheid	Algemene Gemoed	Totale EK
Seuns: Hoërskool A	99.4	94	94.6	103.2	106.8	97.6
Seuns: Hoërskool B	109.3	93.8	89.3	109.5	108.8	102.8
Gemiddeld: Seuns	104.4	93.9	92	106.4	107.8	100.2

Tabel 6.9 EI-gemiddelde: Skole

Naam	Intrapersoonlik	Interpersoonlik	Streshantering	Aanpasbaarheid	Algemene Gemoed	Totale EK
Dogters: Hoërskool A	99.3	103.4	96.4	94.4	104.6	98.1
Seuns: Hoërskool A	99.4	94	94.6	103.2	106.8	97.6
Gemiddeld: Hoërskool A	99.3	99.8	95.7	97.8	105.7	97.9
Dogters: Hoërskool B	95.8	108.2	90	102.4	106	98.2
Seuns: Hoërskool B	109.3	93.8	89.3	109.5	108.8	102.8
Gemiddeld: Hoërskool B	101.8	101.8	89.7	100.2	107.4	100.2

6.2.4 Navorsingsresultate: Kwantitatiewe komponent²³

Die uitslag van die *Mann-Whitney U*-prosedure vir verskille tussen mediaan-tellings vir geslagsgroepe word in tabel 6.10 weergegee.

Tabel 6.10: *Mann-Whitney U* vir verskille tussen mediaan-tellings vir geslagsgroepe

Veranderlike: EI-veld	Groep	N	Mediaan	<i>Mann-Whitney U</i>	Z	p-waarde (tweekantig)	p-waarde (eenkantig)	Effekgrootte
Intrapersoonlik	Manlik	09	109	47.50	-0.740		0.2355	
	Vroulik	13	98					
Interpersoonlik	Manlik	09	96	21.50	-2.40		0.0055*	-0.511***
	Vroulik	13	106					
Streshantering	Manlik	09	85	55.0	-0.234	0.845		
	Vroulik	13	97					
Aanpasbaarheid	Manlik	09	108	33.0	-1.707		0.048*	-0.36**
	Vroulik	13	98					
Totale EK	Manlik	09	101	55.0	-0.234		0.845	
	Vroulik	13	99					

* (**vetdruk**): $p < 0.05$ (betekenisvol op die 5%-vlak van betekenis)
 **: Medium effek
 ***: Groot effek

Die uitslag van die *Mann-Whitney U*-prosedure vir verskille tussen mediaan-tellings vir skole word in tabel 6.11 weergegee.

Tabel 6.11: *Mann-Whitney U* vir verskille tussen mediaan-tellings vir skole

Veranderlike: EI-veld	Groep	N	Mediaan	<i>Mann-Whitney U</i>	Z	p-waarde (tweekantig)	p-waarde (eenkantig)	Effekgrootte
Intrapersoonlik	Hoërskool A	13	98	100.32	-0.471	0.647	nb*	
	Hoërskool B	09	98					

²³ Die kwantitatiewe resultate wat vervolgens aangedui gaan word, het betrekking op die hipoteses wat op p. 134-135 geformuleer is.



Interpersoonlik	Hoërskool A	13	96	100.59	-0.637	0.556	nb	
	Hoërskool B	09	106					
Streshantering	Hoërskool A	13	85	93.23	-0.735	0.471	nb	
	Hoërskool B	09	97					
Aanpasbaarheid	Hoërskool A	13	108	100.95	-1.171	0.262	nb	
	Hoërskool B	09	98					
Totale EK	Hoërskool A	13	101	98.86	-0.401	0.695	nb	
	Hoërskool B	09	99					
*nb: Nie-betekenisvol (om welke rede effekgrootte ook dan nie bereken is nie)								

6.3 RESULTATE: KWALITATIEWE KOMPONENT

Die resultate wat deur middel van kwalitatiewe data-insamelingstegnieke (fokusgroepe, individuele onderhoude met deelnemers en hul onderwysers, observasie en refleksie) ingesamel is, word vervolgens bespreek (sien hoofstuk 5 vir 'n volledige bespreking van die data-insamelingstegnieke, asook die wyse van data-analise wat in die studie geïmplementeer is). Die resultate gaan egter nie bespreek word aan die hand van die tegnieke wat geïmplementeer is nie. Die deelnemers se belewenisse van hul onderskeie skoolkontekste gaan bespreek word aan die hand van algemene temas wat deurlopend by almal (of die meeste van die deelnemers) na vore getree het. Daarna gaan ek poog om hulle unieke eienskappe en belewenisse van hul skoolkontekste aan die hand van Bar-On se model van EI uit te beeld²⁴. Addisionele faktore wat moontlik ook 'n rol in die deelnemers se aanpassing en funksionering binne hul skoolkontekste kan speel, gaan laastens geïdentifiseer word. Die agtergrond van die deelnemers word egter telkens eers voorsien, ten einde hulle meer volledig uit te beeld.

²⁴ Die leser moet daarop let dat geen afleidings rakende die *EQ-i:YV*, EI as sodanig, of die ooreenkomste en/of verskille tussen die verskillende assesseringsmodi in hierdie hoofstuk gemaak gaan word nie. Die resultate (van onder meer deelnemers se EI en alles wat daarmee gepaard gaan) word volledig in hoofstuk 7 bespreek.

6.3.1 Hoërskool A

6.3.1.1 Agtergrond van die deelnemers

i. Leerder A: Annet

Annet is die jongste van drie kinders. Sy het twee broers van 22 en 25 jaar onderskeidelik. Haar moeder is 'n kleuterskoolonderwyseres, terwyl haar vader in die lugmag dien. Hulle finansiële posisie sien gemiddeld daar uit. Vanweë haar vader se werksverpligtinge het hulle dikwels verhuis en het sy as kind verskeie laerskole bygewoon. Dit was vir haar *nogals baie moeilik, want ... ek het ook nie eintlik ingepas nie ... soos my laerskool toe ons getrek het ... dit was vir my baie moeilik, want ek het in die klas ingestap en die meisies het my so uitgekyk en niemand wou eintlik my vriendin wees nie ... omdat ek so ... ander tipe persoon as hulle is ... omdat ek nie 'cool' genoeg was nie ...* Sy is in die ander laerskole ook dikwels gespot omdat (sy) *nie mooi is nie* en volgens haar het sy *nooit eintlik baie maatjies gehad nie.*

Sy sou aanvanklik na Hoërskool C toe gegaan het ('n oorwegend wit skool in die omgewing), maar nadat die administratiewe personeel van dié skool *ongeskik was met* (haar) *ma*, het laasgenoemde besluit dat sy eerder na Hoërskool A toe moes gaan. Nadat *die meeste wit kinders* (egter) *uit die skool is* (in Annet se graad 10-jaar) wou sy ook van skool verwissel, maar het daarteen besluit omdat sy dan *van vakke sou moes verander*. Haar moeder dien op die beheerliggaam van die skool.

ii. Leerder B: Charlene

Charlene is die oudste van twee kinders. Sy het 'n jonger broer (11 jaar). Haar *ouer boetie en sussie* (uit haar moeder se eerste huwelik) *het weggeloop ... my ma is nou nog besig om hulle op te spoor*. Sy het 'n baie moeilike lewe as jong kind gehad:

My pa was ... hy't selfmoord gepleeg ... Ek was nog baie klein ... ek dink ek was so hier by ... drie jaar oud gewees ... En van daar ... vandat my pa oorlede is, het ek saam met my ma alléén grootgeword ... en ... ja ... Toe't my ma weer getrou ... en toe't my lewe bietjie ... toe't my lewe begin nou rof raak en als ... omrede ek ... 'okay', daar was komplikasies gewees. My stiefpa het ... hy't 'n baie humeur gehad ... Uhm ... hy't my gewoonlik gegooi met 'n 'remote' of so ... hy't my amper by 'n verdieping afgegooi ... Uhm ... hy't my gebrand ... en hy't ons soos in 'n donker kamer gegooi ... en ons was geskop ... my klein boetie wat gebore was ... En ja ... my ma het hom toe geskei ... ja en van daar af ... ek was in Tutela-bewaringsplek gewees ... toe my ma en my pa geskei het ... Uhm ... ek was in 'n kindershuis gewees ... Toe ek in die kindershuis was ... het my ma weer iemand ontmoet ... en die persoon het haar gehelp om my uit die kindershuis te kry ... van graad 4 af ... Toe't my ma en my pa nou getrou

... en van daar af ... ja ... het ek nou sover weer 'n lekker lewe en so aan ... Maar nou ... as ek nou dink ... dan dink ek ... dis seker maar net hoe die lewe is. Ek en my ma het altyd rond ge-'travel' ... As daar probleme was, het my ma ons gevat en dan't ons ge-'travel'...

Charlene se moeder werk as 'n boekbinder by die Staatsdrukkery, terwyl haar stiefvader 'n opsigter van 'n woonstelblok is. Hulle sukkel finansiëel, aangesien haar moeder seker so vyf (R5 000) en haar stiefvader so *drie-vier* (R3 000 ... R4 000) per maand verdien. Sy ontvang *elke Sondag R5 sakgeld*. Vanweë die gesin se finansiële probleme is hulle nie in 'n posisie om 'n voertuig te kan bekostig nie; derhalwe is Charlene genoodsaak om Hoërskool A by te woon *omdat dit die naaste is*. Charlene het aangedui dat sy baie in die laerskool *gespot* is en *nie eintlik baie maats gehad het nie*.

iii. Leerder C: Rika

Rika is die jongste van twee susters en woon by haar moeder (haar suster is 28 jaar oud en woon op haar eie). Haar ouers is geskei en sy het haar vader *nooit regtig geken nie*. Die gesin is *'n bietjie arm*. Rika het hoofsaaklik in Pretoria grootgeword, maar op 'n stadium in Carletonville gewoon en in totaal vier laerskole bygewoon, waar sy baie viktimisering en verwerping verduur het. Sy is byvoorbeeld in haar eerste laerskool in Carletonville *baie afgeknou ... Daai groep kinders het my net niks ge-'like' nie ... Die een outjie spesifiek, hy't altyd op my gepik en hy was altyd 'mean' met my gewees ... en hy't my net afgebreek*. Haar tweede laerskool was ook *nie baie lekker nie, alhoewel (sy) nie so vreeslik afgeknou is nie. Dis net die atmosfeer was nie so lekker nie ... dit het nooit rêrig vir my gevoel of ek inpas daarso nie*. Haar derde laerskool was die skool wat sy *die meeste geniet het*. Alhoewel daar *baie mense was wat nié van my gehou het nie, was daar net so baie mense wat wél van my gehou het ... waar ... hier by Laerskool S (haar vierde laerskool) het dit net gevoel asof niemand my ooit rêrig aanvaar het nie*.

Rika het *per toeval hierso* (in Hoërskool A) *beland: Ons sou Durban toe getrek het die Februarie wat ek in graad 8 was ... so, dit sou net tydelik wees. En later ... toe't ons nou nie getrek nie ... en ja, ek's nou nie baie 'keen' op verandering nie ... en selfs al ... ons het al getrek, maar ek het net nooit na 'n ander skool toe gegaan nie*. Rika is tans die akademiese toppresteerder in graad 12 in die skool.

iv. Leerder L: Bennie

Bennie is die jongste van drie seuns. Hy woon by sy moeder en stiefvader, terwyl sy broers by hul vader woon. Die gesin sukkel finansiëel, maar dit kom voor of hulle baie geheg is aan mekaar, soos sy beste vriend (deelnemer M – Gerhard) dit stel:

Hulle is nie baie ryk nie, maar hulle is ook nie die 'average' persone nie ... Hulle is so bietjie onder ... hier's die gewone paadjie ... hulle is in die drein. Hulle ... sukkel. Hulle kom ook maar 'n maand net-net uit. Maar sy ma gee so baie om vir hom. Hulle is 'n régte gesin. Sy pak byvoorbeeld elke dag vir hom broodjies in.

Bennie het na Hoërskool A toe gekom omdat sy vriende hier was en dit die naaste skool was. Hy speel rugby vir die skool se Eerstespan.

v. Leerder M: Gerhard

Gerhard is die jongste van drie broers en woon by sy moeder en stiefvader. Hy het in Namakwaland grootgeword en in graad 7 na Tshwane verhuis. Hy is op 'n stadium aan baie konflik tussen sy moeder en stiefvader blootgestel en nadat laasgenoemde die gesin tydelik verlaat het (*hy was vir so twee maande weg*), het sy hele lewe verander:

Kyk, my ma en my stiefpa ... hulle het soos baie baklei. Nie soos vuisslaan en sulke goeters nie, maar hulle het baie vasgesit ... en woorde het baie in die lug gehang ... En uh ... toe los hulle mekaar en toe trek hulle ... toe val ... hoe sal ek sê ... toe val my hele lewe uitmekaar uit. Want kyk, my ... my regte pa was dood toe ek drie was ... en hy't my soos grootgemaak ... tot waar ek vandag is. Maar kyk ... voor dit was ek baie lief vir hom gewees ... hy was my álles gewees. Ek meen, as my ma doodgegaan het, sou ek ... uhm ... dit sou vir my ook 'sad' gewees het, maar as hý moes doodgaan voor ... voor vier jaar terug ... Ek weet nie wat sou ek dan met myself gemaak het nie, maar toe hy my ma los en ... dit het vir my so gevoel asof hy nie omgee nie ... Dinge het baie sleg gegaan met ons. Dit was so asof hy nie omgee nie. Die ... hoe sal ek sê ... die twaalf, dertien jaar wat hy nou saam met ons was ... dit was asof hy dit net so in die dam gooi en sê hy's nie meer lief vir ons nie.

Die gesin se finansiële posisie sien bogemiddeld daar uit. Gerhard se stiefpa is 'n 'car salesman' ... maar uh kyk ... hulle het nou so ... so nuwe besigheid daar by die karplek gebou en dan elke aand dan gaan hou hulle vergadering ... Maar hulle het so 'n kroegding daar gebou ... dan drink hulle maar so drie biere of iets ... Sy moeder is 'n restaurant-bestuurder:

Kyk, sy werk van ... 'okay' sy's Maandae af ... wat 'sharp' is, maar Dinsdae werk sy van drieuur die middag tot toemaak en dan ... Woensdae, Donderdae en Vrydae werk sy van agtuur af tot ses-seweuur in die aand ... so daarna moet sy nog huis toe kom en goeters. So, dis maar 'basically' ek moet elke aand kos maak en dan ... Gelukkig het ons nou 'n bediende, so ek hoef nie skoon te maak nie. Maar ... ek weet nie ... as

ek net vir 'n ... normale lewe kon vra ... of soos 'n normale gesinslewe ... dan ... daar's nie geld wat dit kan koop nie. En ... my vriende het dit en ek het dit nie ... en dis so asof ek jaloers is daarop.

Gerhard is uit sy vorige skool geskors, want *ek het bietjie opgeneuk in my lewe in Hoërskool S ... en bietjie gedruip daarso, toe's ek uit die skool uit, toe sou ek kollege toe gegaan het, maar ek het vriende nodig gehad.* Hy en sy broer het die skoolhoof *toevallig by 'n dam in die Vrystaat* ontmoet, waarna sy hulle uitgenooi het om na Hoërskool A toe te kom, alhoewel hulle ver van die skool af woon. Gerhard speel rugby vir die skool se Eerstespan.

vi. Leerder N (Werner)

Werner is die jongste van drie broers en woon saam met hulle by sy ouers. Sy moeder is 'n tuisteskepper en sy vader 'n paneelklopper met sy eie besigheid. Die gesin het dikwels verhuis en *was al by al die plekke in die land.* Die gesin se finansiële posisie is ondergemiddeld.

Werner was in 'n tegniese skool in die omgewing, maar *daarso was ek bietjie stout gewees, toe skop hulle my uit die skool uit ... oor bakleiery ... en ek het nooit detensie gaan sit nie ... En uh ... dis net juffrou D (die skoolhoof) wat my hier wil hê ... en ek was baie afwesig daarso ... Ons het op die plot gebly ... met die vervoer en goeters ... Een dag dan werk my skoonsussie nie ... en dan ... ja, so gaan dit aan ... en dan kan ek nie by die skool uitkom nie.* Die gesin het nou *weer getrek om nader aan die skool te bly* en nou stap Werner elke dag skool toe. Werner herhaal tans graad 9.

Werner het aangedui dat hy in al sy laerskole én in sy vorige hoërskool geviktimiseer is: *Ag, partykeer het hulle my gespot oor my hare ... of oor my gewig ... en so het dit aangegaan en aangegaan ...*

6.3.1.2 Wit deelnemers se belewenis van 'n swart skoolkonteks

i. Gemengde belewenisse van die skoolkonteks

Die deelnemers het aangedui dat hulle Hoërskool A nie noodwendig dieselfde beleef nie. Vir Annet is dit **baie erg**. Sy het in die fokusgroepe én individuele onderhoude aangedui dat sy **definitief na 'n ander skool toe sou gaan as sy 'n keuse gehad het en dat sy nie kan wag om klaar te maak met skool nie**. Charlene het in die fokusgroepsessie aangedui dat sy na 'n ander skool toe sou gaan as sy *nie vervoerprobleme gehad het nie*, maar gedurende die

individuele onderhoud het sy gesê **dat die skool vir haar lekker is en dat sy eerder hier sal bly**, want al (haar) vriende is hier en gewoonlik dan ... terg hulle jou ... of hulle spot jou ... omdat jy nuut is in die skool ... Ja ... ek sal nie regtig na 'n nuwe skool toe gaan nie ... ek bly eerder waar ek is ... en **waar ek weet ek is gelukkig ... En daar's onderwysers wat my hier kan help ... en wat my verstaan ... en met wie ek altyd kan gesels ...**

Rika het aangedui dat sy nie na 'n ander skool toe sou gaan indien sy die geleentheid gehad het nie, want ek's 'afterall' nou in matriek, so dit sal in elk geval nie kan gebeur nie ... uhm ... ja, ek weet nie, miskien toe ek ... maar toe was dit nog nie soos nou nie ... nee ... dit sal nou te moeilik wees ... Tydens die individuele onderhoud het sy egter gemeld dat sy **eintlik baie tevrede (is) hierso ... want dis lekker gemaklik ... en hier's nie enige snobisme nie.**

Volgens Bennie is Hoërskool A **nogal 'n lekker skool ... want dis ware vriende wat ons hierso het.** Volgens hom sou hy **definitief na 'n ander skool toe gegaan het as hulle** (sy vriende) **nie hier was nie.** Gerhard het in die een fokusgroeponderhoud aangedui dat hy **definitief (sou) uitgegaan het as ek kon ... maar ek dink nie daar's 'n ander skool wat my wil hê nie ... so nou bly ek maar hier.** Hy hou nie honderd persent van die skool nie, **maar dis vir (hom) lekker ... Partykeer kom ek skool toe net om saam met my vriende te wees.** Volgens Werner gaan dit met hom **beter in Hoërskool A, want hy werk nou meer** en hy gaan in elk geval volgende jaar kollege toe.

ii. Taal

Al die deelnemers (behalwe Werner) het aangedui dat hulle Engels (die onderrigtaal van die skool) as 'n groot uitdaging met betrekking tot hul akademiese vordering beskou:

Dis net soos ... ek het al my vakke in Engels, want ons is nou nie genoeg om Afrikaanse klasse te maak nie. Want soos ... hulle het op 'n stadium vir ons die notas in Afrikaans gegee, maar die klasse is als in Engels. En toe't ek en 'n ander meisie besluit dis beter om maar eerder al ons vakke in Engels te kry en so aan te gaan, want soos dis moeilik om in Engels klas te kry, maar die notas is in Afrikaans ... En soos ... Wiskunde is partykeer bietjie moeilik ... die onderwyser gaan vinnig deur die werk ... en die vraestelle is Engels. (Rika).

Dit blyk veral 'n probleem te wees as hulle partykeer te vinnig deur die werk gaan en dan's daar soos terminologie en so wat jy nie altyd verstaan nie. En daar's nie altyd tyd ... en as jy vra as jy nie verstaan nie, dan's dit 'n moewiese 'issue' oor alles ... Volgens Charlene verduidelik (hulle) in Engels en dan sal die juffrou miskien na die Afrikaanse kinders toe kom

en vir hulle verduidelik, maar ook nie altyd nie. **En partykeer ... dan verduidelik hulle net in Engels en dan ... ja hierdie Afrikaans en Engels ... dit maak jou mal!**

Volgens die deelnemers praat sommige swart onderwysers **hulle eie tale en ... soos in die Wiskunde-klas ... dan verstaan ek (Rika) partykeer niks wat sy sê nie.** Volgens Charlene is dit dieselfde met (hulle): **Soos ons een meneer ... hy verduidelik nie vir ons in Afrikaans nie. Hy sal elke nou en dan in hulle taal praat, of in Engels, maar dan verstaan jy nie ... en ja ... dis moeilik.** Gerhard het ook aangedui dat dit **baie moeiliker is in Engels:**

Soos ... sê nou maar ons het die dag huiswerk gehad en dan doen ons nou al die somme ... En dan's dit nou 'n swart meisietjie wat nou die antwoord gee en dan 'qho qha' sy nou so en dan 'qho qha' hy somer terug ... En dan na die tyd dan sê hy in Engels 'okay' hulle het nou dit gesê, maar die meneer doen dit basies nooit vir ons in Afrikaans nie. En Wiskunde is baie moeilik in Engels.

Al die deelnemers het saam met Rika gestem dat dit **onregverdig (is) omdat hulle altyd kan vra vir verduidelikings in hulle taal en goed,** maar byvoorbeeld as ek ook nou nie mooi weet hoe om die vraag in Engels te stel nie en ek vra dit in Afrikaans, dan't hulle altyd honderd-en-een besware omdat ek dit in Afrikaans gevra het en hulle dit nie verstaan het nie ...

Die taalkwessie blyk ook uit te kring na ander aspekte van die skool, byvoorbeeld saal-
opening:

Rika	En soos saalopening ... Dis nou baie anderster vir ons, want in die oggende is daar ... dan's daar nou so ... koor ...
Charlene	Van swartes ...
Rika	En hulle sing in hulle taal! En ons verstaan nie wat hulle sing nie?! Maar ons moet nou luister ... na die saalopening ... luister na wat hulle sê of sing of...
Gerhard	En dan moet jy nou hande klap, maar jy weet nie hoekom nie ... En as jy nou nie hande klap nie, dan's jy nou weer rassisties of iets.

iii. Kultuurverskille

Behalwe vir die taalkwessie, blyk **kultuurverskille** (ten opsigte van persoonlike ruimte, die volume van gesprekke, stiptelikheid en dissipline) ook 'n probleem te wees, byvoorbeeld:

Hulle druk jou en als ... Dit was baie ... hoe kan jy sê ... 'uncomfortable' ... Ja, en ek dink dis net hoe hulle is ... Want ons is nou nie gewoond aan stamp en stoot en lawaai en geraas en alles nie, maar as jy nou hier kom, dan moet jy ook maar partykeer stamp en stoot om betyds by jou volgende klas te kom, want hulle koek so saam ... dat jy dit ook nou maar moet doen, anders is jy laat ... (Rika).

Ja, want hulle is baie anderster as ons ... en hulle kulture is baie anderster as ons s'n ... Ja, hulle laat jou baie ongemaklik voel ... Soos nou die dag in die Afrikaanse klas toe verjaar Marié, toe grip hierdie een swart ou haar sommer ... (Annet).

En as jy nou die dag op die speelgrond is ... dis vir jou moeilik om jou vriend langs jou te hoor, want hulle ... hulle sit langs mekaar, maar dan skree hulle so vreeslik hard ... en dan moet jy op die ou end net so hard skree waar jy gewoon is om eintlik beskaafd te praat met mekaar ... (Rika).

Die deelnemers was dit verder eens dat *baie van hulle aspris stadig loop* en (dat) *die meeste van hulle geen benul van tyd (het) nie*. Volgens die deelnemers is *hulle ouers ook baie strenger as die swart kinders s'n*.

iv. Gebrekkige akkommodering van die deelnemers se kultuur

Afgesien van hulle taal (Afrikaans) wat nie geakkommodeer word nie, het die deelnemers ook aangedui dat hulle soms *onregverdig* behandel word, aangesien hulle kultuur meestal nie in die skool geakkommodeer word nie:

Ek vat soos as ons 'n kultuurdag het ... dis vir ons moeilik, want hulle kom hier aan met hulle tradisionele klere en ons ... het nie rêrig so iets wat ons kan dra nie ... So, toe't ons nou besluit ... ons trek 'n denim en 'n 't-shirt' aan ... (Rika). *Toe't sy (die onderwyseres) vir ons gesê ja, ons moet R15,00 betaal omdat ons dit aan het, maar dis ons ... dis ons kultuur! Want die ander ... die ander kulture ... die Vendas het mos hierdie verskillende kleure rokke en sulke goeters wat hulle ook dra ... wat hulle kultuur is. Maar toe't dáái juffrou verwag ... ons Afrikaanse groep kinders ... moes volgens 'n ánder kultuur aantrek ...* (Annet).

Om eerlik te wees, die skool maak nie voorsiening vir ons eie kultuur nie, want hier's te min van ons ... so ek dink hulle aanpas ons kultuur nie rêrig nie (Bennie).

Ons ... ons respekteer hulle kultuur, maar ons sal ... as hulle ... hulle beeld hulle kultuur uit. Ons sal ook graag ons kultuur wil uitbeeld dat hulle ook ons kultuur kan verstaan ... ja ons kultuur hier uitgebeeld hê, maar ... ja, dit word nie hier uitgebeeld nie (Charlene).

Soos ons wil nou Vrydag ... ons wou gewone ... nie gewone klere nie ... ons wou blou aangetrek het. Ons wou soos Blou Bulle aangetrek het. Toe word dit nou van die hand gewys. Uhm ... Erik, die hoofseun, het nou gevra, maar nou het die hoofmeisie, Lerato, het nou gevra of ons nou kan 'boots' dra vir R5. Toe sê hulle ja, ons kan. Toe sê Erik, maar dan kan ons ook R5 betaal vir ons goeters, toe sê hulle nee. So, ek dink ... ons kan net bietjie verander dat ons ons deel ... soos ons ... ons wil ook óns dinge doen in die skool ... die wittes (Gerhard).

Ten spyte van hulle belewenis dat hul eie kultuur nié in die skool geakkommodeer word nie, *toon almal baie begrip vir die hoof van die skool wat volgens hulle haar bes probeer ... maar dis moeilik met hulle (die swart leerders) wat so baie in die meerderheid is*.

6.3.1.3 Portuurgroepverhoudings

i. Samehorigheid van die wit leerders

Uit die fokusgroepe en individuele onderhoude (met leerders én onderwysers) blyk dit duidelik dat die wit en swart leerders (behalwe vir enkele uitsonderings) nie juis met mekaar meng nie, wat nog te sê vriende is:

Ek moet sê, die wit kinders is baie ... nou baie meer asof ons sáámstaan as die vorige jare. Die vorige jare was ons baie ... hier's 'n groepie en hier's 'n groepie ... Ons staan nou saam! (Annet).

Ons is weereens hierdie jaar 'n kleiner groepie Afrikaanse kinders ... as wat ons verlede jaar was. Verlede jaar was ... die grootste groep Afrikaanse kinders het uit die Matrieks bestaan en toe hulle weg is, toe's ons nou net die klein bietjie oor ... en toe't ons almal nou so begin gesels ... Nou al, soos in die oggende, dan kom ons almal daarso by die blou bankies bymekaar en ons almal gesels maar so heen en weer (Rika).

Die paar wittes wat ons ook hier is ... ons almal staan ook saam ... as daar moeilikheid is ... ons draai nie teen mekaar nie ... en dis lekker (Bennie)

Hierdie is nie 'n rassistiese skool nie. Kyk, ons sien nie die verskil tussen swart en wit nie, maar ... al waar jy die verskil sal sien is ... daar's die wittes en ... die wittes is een kant en die swartes is anderkant (Gerhard).

Hulle het mos maar hulle eie groepie pouse, dan kuier hulle saam ... die wit kinders. ('n onderwyser).

Hulle is maar 'n groepie op hulle eie ... hulle meng nie met die swart kinders nie ('n onderwyser).

Ek sal soos ... sê nou hulle groet my, dan groet ek hulle ... en dan praat ons sê nou maar vir twee minute en dan gaan daar nou weer twee ... drie weke verby wat ek nie met hulle praat nie ... So, ja ... ek sal sê ek het 'n paar swart en kleurling-kennisse, maar nie vriende nie (Gerhard).

Ek het 'n paar vriende ... maar dis maar net "hello" en "koebaaï", so dis ook seker nie vriende nie (Werner).

Ek wil nie rêrig met hulle (die swart leerders) vriende wees nie ... Ek het in die laerskool so een of twee gehad, maar nee ... dis ... ek pas nie so lekker daar nie ... ek is meer by die Afrikaanse ... ja ek wil nie regtig by die Engelse kinders wees nie ... uhm ... want ek's Afrikaans en ja ... (Charlene).

In die laerskool het ek baie gehad ... in my eerste laerskool ... ek was in twee verskillende laerskole gewees ... En eers toe was daar 'n meerderheid swart kinders ... en toe later was dit helfte-helfte ... Toe't ons getrek ... en toe's ek in 'n wit skool en toe't als vir my verander ... want toe's dit meer wit vriendinne en alles ... en ... ja nou ... ek voel net gemakliker ... ja, ek sal met hulle praat en so, maar ek het nie eintlik swart vriende nie ... (Annet).

My vermoede dat rassieskeiding (en rassisme) in die hoërskool toeneem, is soos volg deur Rika verduidelik: *Toe ons hoërskool toe kom, toe was dit baie anderster gewees ... Ek dink dis ... omdat daar so baie verander het in die land, staan die wittes saam ...* Daar blyk dus nie sprake van **integrasie** tussen die wit en swart leerders in hierdie skool te wees nie en alhoewel die rassekonflik in die skool *oor die laaste jare baie verbeter het* ('n onderwyser), is rassisme steeds 'very much alive' ('n onderwyser). Soos Rika dit stel:

Ek dink ... al hierdie apartheidsgoeters ... Alhoewel hulle probeer het om dit weg te vat, is dit nog steeds daar ... hulle is nog net so rassisties soos wat hulle was ... al is daar nie meer wette en reëls wat dit so maak nie ... is dit steeds daar ... Mense voel nog steeds "ek is wit, jy is swart, ons meng nie".

ii. Rassisme

Alhoewel daar dus oënskynlik nie rasse**konflik** as sodanig in die skool is nie, het dit geblyk dat die deelnemers steeds (in 'n mindere of meerdere mate) 'n superieure beskouing van hulself het (en op 'n subtiele wyse rassisties teenoor hulle swart portuurgroep op te tree). Hulle het byvoorbeeld vertel van 'n wit, Engelssprekende dogter in graad 12 *wat meer met die swart kinders meng ... en selfs met een van hulle uitgaan*. Die deelnemers het almal hulle misnoë met die situasie (en hulle superieure beskouing van hulself) laat blyk: *Ja en ons is van ... ons almal staan net daar ... en is geskok, want ... kry hulle nie skaam nie?!* (Annet). Op my vraag oor waarom sy dink hulle skaam behoort te kry, het sy geantwoord: *Want dis nie regverdig teenoor óns nie!* Volgens Rika sal dit vir haar *soort van 'n belediging wees ... as 'n wit ou met 'n swart meisie ... want ek sal van die standpunt af wees ... wat het sy wat ék nie het nie? Waarom is sý beter as ek?*

Volgens Gerhard is dit *seker nie verkeerd nie* (*want dan's daar darem iemand om die skottelgoed te was*), maar soos ek nou voel ... *om met 'n swart meisiekind uit te gaan ... Ons is nou maar net so grootgemaak dat daar is vir ons gesê hulle is verkeerd*, want kyk, *ons ouers het nog in die apartheidsjare gebly ... en ek dink baie van hulle sit nog vas in daai tydsgleuf ... Hulle glo dat ... hulle glo dat hulle vuil is, of so iets ... En ... ek glo ook ... ek glo dat dit nie reg is om met 'n gekleurde te meng nie ... Nee man, as jy wit is, vat 'n wit 'chick'!*

Die subtiele rassisme was egter nie slegs in die bespreking van interrassige verhoudings sigbaar nie. Rika het byvoorbeeld vertel toe sy 'n swart leerder met Wiskunde gehelp het, *het die ander kinders gedink dis vreeslik snaaks en het my erg gespot daarvoor, maar dit het my nie gepla nie, want ek het hom gesien as iemand wat net soos ek sukkel met 'n vak ...* Op my vraag of sy swart vriende het, het sy vinnig geantwoord: *Nee, ons is darem nog nie*

dáár nie. Annet het erken dat sy soms **bietjie mislik met die swart leerders is,** terwyl Werner vertel het van **die spu!** (swart dogters) wat vir hom hulle naeltjeringe gewys het en wat hy daarna **uitemekaar gevloek** het. Gerhard het onder meer melding gemaak van die **tuin-'boy** en het op 'n stadium vir een van die werkers **'suka wena!** geskree.

Sy Afrikaans-onderwyseres het bevestig dat Gerhard dikwels rassisties teenoor sy swart portuurgroep in die klas optree (die wit leerders is daar in die meerderheid, aangesien slegs enkele bruin leerders ook Afrikaans Eerste Taal neem):

Hy's baie uitgesproke ... veral met die ander ... met van die outjies ... die kleurlinge wat ook in die klas is. Hulle kan mekaar ook ... jy weet, verkeerd opvryf. Daar's drie swart seuntjies wat ook saam met hulle Afrikaans het en ... hulle het nogal konflik met mekaar ... En as ... sê nou as ... 'n swart kind in die klas inkom, dan sal hulle partykeer sommer ... lelike aanmerkings maak. So, daar is maar 'n rassistiese ding daar.

Die deelnemers het egter aangedui dat hulle dikwels die slagoffers van rassisme is.

iii. Omgekeerde rassisme

Die meeste deelnemers het die houding dat hulle benadeel word, veral omdat (soos reeds vermeld) hulle onderrig nie in hul moedertaal geskied nie. Annet en Charlene was egter ook van mening dat die **swart kinders lelik is met hulle en hulle sal met jou baklei en als en dan't jy nie eers eintlik iets ergs gedoen aan hulle nie.** Wanneer daar 'n meningsverskil tussen haar en van die swart leerders is, het dit geblyk dat Rika dit aan die feit dat sy *wit* is, toeskryf. Al die deelnemers was van mening dat sommige swart onderwysers *rassisties* is. Rika het byvoorbeeld in hierdie verband opgemerk:

Soos verlede jaar ... ons het Rekenaarteorie geskryf en al ons kinders was saam in 'n klas ... en toe ons klaar geskryf het ... en baie ... baie van ons het opgestaan, maar die klok het nog nie gelui nie ... En toe ons weer sien, toe vra die juffrou vir ons: "Why is only the white children standing?" En dit is ... dis bietjie ... dit was nie reg gewees nie ... want 'n onderwyser is veronderstel om 'n voorbeeld te stel en as sy 'n voorbeeld stel ... só voorbeeld ... hoe gaan die leerders dan nie teenoor ons optree nie!

Gerhard was ook van mening dat die wit kinders soms **onregverdig behandel word:**

Ja ... dié wat hulle party van die kinders voortrek ... soos ... baie van die swart kinders ... trek die swart menere voor. Hulle dink nou hulle is nou 'God's gift to the school' en ... hulle is nou die beste leerders hierso.

Ten spyte hiervan, blyk die superieure beskouing van witheid (as deel van 'n rassistiese lewensbeskouing) steeds die deelnemers se belewenis van omgekeerde rassisme te oorskadu. Laasgenoemde hou direk verband met die wit individu se identiteits-

onderhandeling. Die wyse waarop die deelnemers in Hoërskool A poog (en daarin slaag) om hulle eie identiteit as wit, Afrikaanssprekende individue te behou, word vervolgens ondersoek.

6.3.1.4 Onderhandeling van wit identiteit binne 'n swart skoolkonteks

i. Sterk ras-etniese identiteit van die deelnemers

Dit het baie duidelik geblyk dat die deelnemers, ten spyte daarvan dat hulle in 'n swart, Engelse skoolkonteks funksioneer, steeds baie trots op hulle eie taal, kultuur en godsdiens is en voorgenoemde as kernkomponente van hulle identiteit beskou. Die deelnemers het ook almal aangedui dat hulle *geen probleme ondervind* om hul eie identiteit te onderhandel nie. Hulle het onder meer opgemerk dat hul *dankbaar* is dat *daar nog met gebed geopen en afgesluit word*. Die deelnemers het ook aangedui dat hulle *probeer om* (hulle) *taal op te lig ... al is dit so moeilik* (Annet):

Ons het 'n ATKV-groep begin en hulle neem soos ... deel ... aan Afrikaanse kompetisies ... waar jy gedigte kan skryf of 'n praatjie kan voorsê ... dan voel dit ook vir ons ... as hulle vir ons sertifikate en goed voor in die saal ... as ons nou sertifikate op die verhoog kry ... dan voel dit ons het Afrikaans trots gemaak omdat ons sertifikate kry vir dit wat ons vir Afrikaans doen ... (Charlene).

Volgens Annet is sy *definitief steeds 'n trotse wit Afrikaner* en Charlene het ook aangedui dat dit *nie vir haar moeilik is om* (haar) *identiteit te behou nie*. Soos Annet en Charlene, het Rika ook aangedui dat sy steeds *trots op haarself is*. Dit is ook met Bennie die geval, *seker maar omdat ek so grootgeword het ... dis my kultuur om Afrikaans te praat ... so dit ... dit doen nie eintlik iets aan my omdat dit 'n Engelse skool is en dit nie. Ek gaan maar net aan soos altyd ... soos ek altyd is*. Gerhard het die behoefte uitgespreek *om die wittes se kultuur omhoog te hou en Afrikaans en sulke goeters in die skool in te bring*, maar aangedui dat *al gebeur dit nie ... ons almal is wit as dit by ons kultuur kom ...*. Vir hóm blyk 'n sterk wit rasidentiteit egter sinoniem met swart onderdrukking te wees:

Ek is net bly dat die ander kinders ... soos die swartes ... van hulle ... hulle respekteer dit ook ... Hulle weet ekke hou van my kultuur en ... party ... party van hulle noem my sommer "baas" en sulke goeters, maar ... Dis hoe ek myself maar voorgestel het, maar hulle vat dit as 'n grap. En dit is wat ek 'like'. As ek nou in 'n wit skool was en ek sê nou vir die kinders "noem my baas", dan dink hulle nou weer ek's 'n rassis en ek hou my sterk ... en dis net nie vir my lekker dan nie.

- ii. Vrees vir swart leerders se (ekonomiese) vooruitgang en die behoefte om van “swartheid” te ontsnap

Vier van die deelnemers het aangedui dat die swart leerders *altyd beter probeer wees as ons* (Annet): *Hulle probeer baie kompeteer met ons* (Rika) ... *kleredrag, selfone ... skoolwerk* (Gerhard). *Hulle moet altyd beter goed as ons hê* (Charlene). Dit het ook geblyk dat die meeste deelnemers dit oorweeg om die land te verlaat wanneer hulle uit die skool is.

Gerhard het die volgende insident beskryf:

Soos hierdie swart meisie sit nou ook detensie ... En nou die laaste periode moet ons papiere optel ... En nou loop ons daarso en ek weet nie waarvan het ons gepraat nie ... Ek sê toe: “Oh I love this country!” (sarkasties in ’n swart aksent). Toe sê sy “but” ... maar dis nie ons land nie ... dis hulle land ... hulle regeer die land. Toe praat sy my stil ... ek weet dis die waarheid wat sy praat. Dis hoekom ek nie kan wag om uit die skool uit te gaan nie ... om uit hierdie land te kom.

Dit het egter geblyk dat hierdie gevoel van meerderwaardigheid teenoor die swart leerders (by die meeste deelnemers) met minderwaardigheidsgevoelens teenoor ander wit leerders in wit skole gepaard gaan.

- iii. Minderwaardigheidsgevoelens teenoor hul wit portuurgroep in wit skole

Annet, Charlene, Rika en Werner het aangedui dat hulle in hul vorige (wit) skole geviktimizeer is (soos reeds by die agtergrond van elkeen vermeld). Alhoewel dit geblyk het dat Annet en Charlene steeds *soms gespot* word (veral deur die seuns), het hulle, soos Rika en Werner, aangedui dat hulle *meer aanvaar word in hierdie skool*. Dit het egter geblyk dat hulle minderwaardig teenoor ander wit leerders in wit skole voel en makliker in Hoërskool A aanvaar word, byvoorbeeld:

Ons was laasweek ... ’n groep wit kinders ... toe was ons Hoërskool X toe vir ’n opvoering ... van ’n boek wat ons doen, so dit was ... eintlik lekker gewees om bietjie by die ander skool ... bietjie saam met die ander wit kinders te wees, maar ... dan besef jy eintlik hoe jy ... hoe jy in hierdie skool is, hoe jou gedrag is ... teenoor hulle wit kinders s’n. Die meisies kyk ons so op en af ... hulle kan ons nie eers groet nie ... en ... ons groet almal, ons is vriendelik en ons het gehelp met die goeters wat hulle op die verhoog gedra het en alles ... want hulle het houdings partykeer ... omdat jy minder is in ’n ander skool ... dan dink hulle hulle is beter as jy omdat hulle in ’n wit skool is (Annet).

Ek het baie ongemaklik gevoel daarso tussen die ander kinders (by die opvoering) ... Ek weet nie hoekom nie ... dis net asof hulle baie hoogmoedig is ... of ... ek weet nie, die atmosfeer is net nie vir my lekker nie ... En hierso ... is dit lekker gemaklik ... en hier’s nie enige snobisme nie ... en ek kom eintlik met almal goed oor die weg ... Ek weet nie, dis vir my eintlik ironies dat ek beter aanpas in ’n skool waar ek deel is van die minderheidsgroep, as waar ek in ’n skool is waar almal Afrikaans praat. Maar ek

dink somtyds is Afrikaanse mense baie katterig en vyandig teenoor mekaar ... as wat ons is ... teenoor ander mense ... (Rika).

Ek voel net nie of ek in een van daai (wit) skole hoort nie ... of hulle my aanvaar nie (Charlene).

Hulle kultuur is te hoog vir my standaard. Hoe sal ek sê ... hulle wil te veel doen. En ... ek wil net nie deelneem daaraan nie. Hulle dink hulle is die beste en uh ... ek hou nie van kompetisie en sulke goed nie (Gerhard).

Hier spot hulle my nie eintlik nie (Werner).

Die temas wat uit die semi-gestruktureerde onderhoude met die deelnemers en onderwysers van Hoërskool A na vore getree het, kan in tabel 6.12 opgesom word:

Tabel 6.12 Betekenistabel: Algemene temas – Hoërskool A (swart skoolkonteks)

Temas	Annet	Charlene	Rika	Bennie	Gerhard	Werner	Onderwysers
Die skoolkonteks							
Negatiewe belewenis van skool	**** ²⁵				**		
Positiewe belewenis van skool		*	**	*	*		
Positiewe belewenis van die hoof en/of onderwysers	**	*	***		*	*	
Taalprobleme	*****	****	*****	***	*****		**
Voel hulle word onregverdig behandel/onvergenoegdheid	****	**	****		*****		
Kultuurverskille		*	****		*		
Gebrekkige akkommodasie van die wit kultuur	*	*	*	*	*	*	*
Portuurgroepverhoudings							
Samehorigheid van die wit leerders	**	**	**	*	**	*	****
Rassisme (wit teenoor swart)	**		***		*****	*	*****
Omgekeerde rassisme (swart teenoor wit)	*	**	***		**	*	
Identiteitsonderhandelings							
Sterk wit ras-etniese identiteit (insluitende trots vir eie taal en kultuur)	**	****	**	**	****	*	
Superieure beskouing van witheid	****	*	***		***		
Vrees vir swart vooruitgang	*	*	*		*	*	
Behoeftes om van “swartheid” te ontsnap	*	*	*		*	*	
Minderwaardigheidsgevoelens teenoor wit leerders in wit skole	*	*	*		*	*	**

²⁵ Die asteriks (*) dui telkens op die aantal kere wat die betrokke tema uit die fokusgroep- en individuele onderhoudvoering na vore getree het.

6.3.1.5 Die verband tussen EI en wit deelnemers se aanpassing en funksionering in 'n swart skoolkonteks

Die verband tussen die wit deelnemers se EI en hul aanpassing en funksionering in Hoërskool A gaan vervolgens ondersoek word. Elke deelnemer se EI-profiel (soos deur die EQ-i:YV gemeet) en akademiese verslag gaan kortliks voorsien word, waarna die kwalitatiewe data bespreek gaan word. Laasgenoemde gaan in die temas soos deur Bar-On voorgestel, gegroepeer word. Gevolgtrekkings en afleidings rakende ooreenkomste en verskille tussen die kwantitatiewe en kwalitatiewe data gaan, soos reeds vermeld, in hoofstuk 7 gemaak word.

i. Leerder A: Annet

Annet se EI-profiel sien soos volg daar uit:

EI-komponent	Telling
Intrapersoonlik	105
Interpersoonlik	120
Streshantering	97
Aanpasbaarheid	94
Algemene Gemoedstoestand	117
Totale EK	106

Annet (graad 12) se akademiese rekord vir die Eerste Kwartaal (2009) sien soos volg daar uit:

Vak	Gemiddeld	Graadgemiddeld
Afrikaans Amptelike Huistaal	60	66
Engels Eerste Addisionele Taal	73	62
Lewensoriëntering	63	63
Wiskundige Geletterdheid	36	45
Lewenswetenskappe	50	52
Rekenaartoepassingstegnologie	71	69
Toerisme	61	52
Gemiddeld	59 (Slaag)	
Debietpunte	0	
Dae afwesig	0	

Die belangrikste temas wat met Annet se EI verband hou en wat moontlik haar aanpassing en funksionering in Hoërskool A beïnvloed, word vervolgens bespreek:

- Bespreking: Annet

Annet het voorgekom as 'n lewenslustige jong dame wat graag gesels. Sy het baie gemaklik aan die fokusgroep- en individuele onderhoude deelgeneem en het die feit dat sy maklik met mense kan kommunikeer as haar beste eienskap geïdentifiseer. Annet het aangedui dat haar vriendinne vir haar baie belangrik is en dit het geblyk of sy empaties teenoor hulle kan optree:

Altyd as my vriendin nou hartseer is, dan sê ek vir haar ... "kom vertel my wat's fout" en dan probeer ek haar troos en ... as sy my vertel, dan probeer ek raad gee ... dat sy beter verstaan ... hoekom dit met haar gebeur het, of ... wat kan sy doen om dit beter te maak en ... ek gee partykeer raad ook vir hulle ...

Sy het haarself as 'n eerlike persoon beskryf en gemeld dat hiërdie eienskap al dikwels tot verwerping deur haar portuurgroep gelei het en steeds konflik tussen haar en sommige wit leerders veroorsaak (volgens Annet kom sy nogals goed met die swart leerders oor die weg, maar – soos vroeër vermeld – was dit duidelik dat sy nie enige swart vriende het nie):

In die laerskool ... ek het altyd hulle in die moeilikheid gebring. As hulle aanjaag ... dan't ek vir die juffrou gaan sê! Dan't hulle kwaad geraak ... so ek het nie eintlik ingepas nie ...

Ek vertel altyd die waarheid ... ek is eerlik ... en as ... as hulle iets verkeerd doen, dan vertel ek ... want ek's so grootgemaak deur my ma ... En hulle kan dit nie hanteer omdat ek so is nie, dan raak hulle kwaad en ... dan bring hulle my ook in die moeilikheid, of skree op my, of skel my ... Ja ... maar ek het ... deur die jare het ek nou geleer om vir myself op te staan. Maar soos vandag was dit ook nou weer een van daai dae ... wat een van die kinders my geterg het ... dat ek "mislik" is ... maar hy is ook partykeer mislik.

Hulle sê ... ja, ek's 'n slegte persoon omdat ek altyd opstaan en ... want hulle maak my seer en ek huil ... omdat ek 'n sagte persoonlikheid het ... dan huil ek partykeer en ... dan lág die ander kinders vir my, want hulle sê my sleg ... voor die ander kinders ... Dit bring my partykeer onder...

Ek voel dis verkeerd om te lieg ... en al daai goeters, so ... ek probeer maar ... altyd die waarheid vertel. Ek weet ... die kinders gaan my probeer onder druk ... omdat ek altyd die waarheid ... en opstaan vir dit wat rég is ... en hulle probeer my onderkry ... dan ... gaan ek maar net aan ...

Volgens Annet is sy en haar twee vriendinne (Zelda en Charlene) nie (meer) deel van die wit groep nie:

Ons is die ... wat 'unpopular' is volgens hulle ... omdat ons nie rook ... rondslaap en daai goeters nie, want ons "pas nie in nie" ... volgens hulle ... En omdat ons altyd gaan moeilikheid maak ... vir hulle ...

Dit het egter voorgekom asof haar *eerlikheid* nie die enigste rede is waarom sy deur haar portuurgroep geviktimizeer en verwerp word nie. Sy het byvoorbeeld aangedui dat sy in graad 9 haar hare laat groei het omdat sy gevoel het sy *pas nie in* met haar kort hare nie. Volgens Annet *spot die kinders haar ook partykeer oor my moesie wat ek het hierso by my neus ... Soos die een seun wat ek baie kwaad geraak het vanoggend voor ... dan spot hy my "ja, 'push' the button!" of hulle noem my "Mole-Annie" ...*

Volgens Annet kom sy *nogal goed* met haar onderwysers oor die weg. Sommige onderwysers het haar egter as iemand *met 'n willetjie van haar eie* beskryf wat *nogal tantrums kan gooi*:

Sy gee nie om met wíe sy praat nie ... Ja, want sy sal my aanval oor enige iets ... as dit nie volgens haar is nie. Sy maak my baie kwaad! En dit kán wees omdat haar ma op die beheerliggaam is dat sy nou dink ons moet bang wees of iets.

Dit het inderdaad geblyk dat sy die feit dat haar moeder op die beheerliggaam van die skool dien, tot haar voordeel gebruik (tot groot frustrasie van die onderwysers):

Ons verstaan partykeer mekaar en partykeer is daar ... partykeer verstaan ons nie so lekker mekaar nie ... want dan verstaan ek nie die wérk nie. Dan sê ek nou vir my ma "Ma, ek verstaan nie ..." en dan vertel my ma die onderwysers dat ek nie verstaan nie ... En dan's die onderwysers nie juis 'happy' met my nie.

Alhoewel dit voorgekom het of Annet baie *moeilikheid* vir haar onderwysers en portuurgroep maak, het sy haarself as 'n *people's pleaser* beskryf *wat eerder konflik probeer vermy*. Sy het erken dat sy *baie kwaad* word wanneer sy geviktimizeer word en *as ek verskriklik kwaad raak ... dan begin ek huil*. Dit het geblyk dat dit vir haar moeilik is om teen hierdie betrokke individue op te staan:

Ek kan dit nie hanteer as iemand met my baklei en ek kan nie iets terug sê nie ... Hulle druk my ondertoe, maar dan raak ék so kwaad van woede ... dan begin ek huil. Dan dink hulle nou ... ek is nie normaal of iets nie, maar ek wil nie 'n persoon slaan of iets nie, want ek is nie só nie. Ek hou nie daarvan om iemand te slaan nie ... so dan begin ek maar huil as ek te kwaad raak.

Volgens Annet het sy egter *met die tyd geleer om dit te hanteer ... Deesdae word ek nie meer baie so kwaad nie, want ek steur partykeer my nie meer aan wat die kinders vir my sê nie ... Ek lag maar saam! Hulle spot my partykeer ... dan lag ek maar saam ...* Annet het gemeld dat sy wel die vrymoedigheid het om haar emosies met haar moeder en twee vriendinne te deel:



As ek nou met my ma praat ... sy motiveer my altyd en my vriendinne ken my só goed ... as ek by die skool kom en daar's iets fout ... dan vertel ek hulle dadelik.

Ten spyte van die verwerping en viktimisering wat Annet by die skool verduur, het sy haarself steeds as 'n **báie optimistiese en 'happy' persoon** beskryf **wat sommer net begin lag**. **Dan sal ek ander mense ook probeer motiveer ...** dat hulle ook vriendelik is ... Dit het geblyk dat sy soms van hierdie optimisme en humor gebruik maak om van die realiteit te ontvlug en probleme te hanteer:

Ék is partykeer nog ... soos 'n laerskoolkind. Soos ek is partykeer nog ... soos 'n kléin kind wat ... hoe sal ek sê ... 'sweeties' wil eet ... of daai speelgoed ... daai speelgoed wat die kleintjies wil doen ... Dan sal die mense my net so snaaks aankyk en sê ... hoor hier ek moet groot word ... Maar dan sê ek vir hulle ... maar dis die persoon wat ek is ... Ek voel ek wil nog soos 'n kind lewe ... Ek weet daar's al daai goeters soos my skool en alles, maar ... wanneer ek my eie tyd het, dan ... gaan ek nog partykeer soos 'n kind aan en ... doen simpel goeters, maar ... ja. Ek voel net partykeer ... die mense is so kwáád en ... as hulle stres en goeters ... as hulle kla by die huis ... dat dit hulle afbring ... En dis nie wat jy moet doen nie ... jy moet probeer 'n goeie ding daaruit maak ... lag ... en die probleem oor ... verby laat gaan ...

Volgens Annet probeer sy gewoonlik **aan iets anders dink** wanneer sy 'n probleem het en **wanneer dit nie weggaan nie**, sal sy met iemand praat wat sy **vertrou** en 'n oplossing probeer vind.

Die EI-temas wat op Annet betrekking het, kan in tabel 6.13 opgesom word:

Tabel 6.13 Opsomming van EI-temas: Annet

Temas	Fokus-groepe	Onderhoud(e): Individueel	Onderhoude: Onderwysers	Observasie & Refleksie
INTRAPERSONLIK				
Kommunikeer denke/oortuigings/behoefte	*	*****	*	**
Kommunikeer emosies (aan geselekteerde individue)		**		
Ontkenning/onderdrukking van emosies		***		
INTERPERSONLIK				
Goeie kommunikasievaardighede	*	*	*	*
Empatie	*	**		*
Toereikende verhoudings (met intieme vriende)	*	****	*	*
Viktimisering/verwerping (deur wit portuurgroep)		*****		
Ongewild (by onderwysers)			**	*



STRESHANTERING				
Woede weens viktimsiasie		****		
Lae impulsbeheer		****		
Verbetering in streshantering en emosionele beheer		***		
Vermydning van konflik		**		
AANPASBAARHEID				
Onbuigszaamheid		*	***	
Ontkenning/ontvlugting as strategie vir probleem-oplossing		**		*
ALGEMENE GEMOEDSTOESTAND				
Geluk		*		*
Optimisme		*		*
Minderwaardigheidsgevoelens		**		*
Ontevredenheid met die skool	*	*		

ii. Leerder B: Charlene

Charlene se EI-profiel sien soos volg daar uit:

EI-komponent	Telling
Intrapersoonlik	98
Interpersoonlik	93
Streshantering	95
Aanpasbaarheid	119
Algemene Gemoedstoestand	110
Totale EK	104

Charlene (graad 10) se akademiese rekord vir die Eerste Kwartaal (2009) sien soos volg daar uit:

Vak	Gemiddeld	Graadgemiddeld
Afrikaans Amptelike Huistaal	51	46
Engels Eerste Addisionele Taal	46	40
Lewensoriëntering	75	53
Wiskundige Geletterdheid	28	51
Geskiedenis	27	38
Verbruikerstudies	40	46



Toerisme	44	40
Gemiddeld	44 (Druip)	
Dissiplinêre punt	-10	
Dae afwesig	2	

- Bespreking: Charlene

Charlene het voorgekom as 'n baie vriendelike persoon wat **gemaklik kommunikeer**. Sy het haarself as 'n *baie netjiese persoon* beskryf wat **hard werk in skool**, maar **nie baie meng nie**. Sy het gemeld dat sy twee vriendinne in graad 12 (Annet en Zelda) het **met wie sy 'n baie goeie verhouding het** en **met wie sy (behalwe vir haar moeder) haar emosies kan deel:**

Ek sal gewoonlik by hulle staan ... Hulle sal gewoonlik met my praat en ek sal hulle gewoonlik advies gee, of so ... As ek sien my vriendin of goed is ongelukkig ... sy sal met my praat ... of as ek ongelukkig is of so, sal ek met haar praat ... Sy sal my bystaan en als ...

Volgens Charlene is dit partykeer moeilik in die skool **omdat die kinders (haar) partykeer spot ... die kinders is partykeer lelik en als ...** Dit het geblyk dat sy veral deur die wit seuns in haar Afrikaans-klas geviktimizeer word en dat sy, soos Annet, sukkel om die emosies wat daardeur veroorsaak word aan die betrokke individue te kommunikeer (*dit maak my gevoelens seer en dan weet ek nie hoe om dit vir hulle te sê nie*). Dit het geblyk dat sy as gevolg hiervan

gewoonlik alleen by 'n tafel (sit) ... en ek werk, terwyl die ander nou sit en gesels en als, maar ... ja, dit is maar hoe ek is. Maar gewoonlik as ek 'help' (hulp) nodig het of so ... dan ... of as die meisies 'help' nodig het met iets ... dan kom hulle ... dan help ek hulle gou ... of as ek weer 'help' of iets nodig het ...

Volgens Charlene kom sy **baie goed** met haar onderwysers oor die weg. Laasgenoemde het ook aangedui dat hulle **geen probleme met haar het nie**. Haar onderwysers het haar verder as *baie stil* en 'n *alleenloper* beskryf:

Sy sal voor in my klas by my tafel kom sit ... Dan sit sy saam met die klomp wat ek eintlik daar sit wat stout is ... Sy sit nie saam met die ander wit kinders nie. En sy praat ook nie met die swart kinders nie ...

Volgens hulle **werk sy baie hard**, maar hulle is van mening dat sy *nie regtig die vermoë het om te presteer nie*.

Charlene het erken dat die viktimisering haar baie kwaad maak, maar dat sy nie hiërdie emosies *rêrig op iemand anders sal uithaal nie. Ek sal eerder om die blok loop en gaan dink ... hóékom het ek kwaad geword ... was dit nódig om kwaad te word ..* Sy het aangedui dat sy dieselfde benadering volg wanneer sy 'n probleem het: *As ek 'n probleem het miskien, dan gaan ek net vir 'n stappie ... dan gaan ek bietjie parkie toe, dan gaan sit ek op die 'swing' ... en dan dink ek oor my probleem ... en vind 'n oplossing.* Volgens Charlene is dit *partykeer moeilik om oplossings vir (haar) probleme te kry ... maar (sy) doen dit wel op een of ander manier.* Sy het aangedui dat *as sy nie weet hoe om 'n probleem op te los nie, vra (sy haar) ma of Zelda of Annet om (haar) te help. Ek dink altyd ... dat ek nie ophou moet probeer ... as daar 'n probleem is, moet ek nie net gaan lê nie. Ek dink ek moet opstaan en aangaan ...*

Volgens Charlene *help* die feit dat sy stres goed hanteer:

Uhm ... ek sal nie rêrig iets ... as ek stres ... benoud raak of so iets nie. Ek kan stres nogal rêrig baie goed hanteer. So ja, ek hoef nie rêrig te 'worry' daarvoor nie ... want ... dis nie rêrig vir my 'n bekommernis nie ... As ek stres, dan haal ek asem ... of ek sê vir myself ... "kalmee" ... of ek luister na 'n liedjie ... sagte, klassieke musiek en dan ... ja, dan's ek weer reg. Maar ek sal nie sê ek stres rêrig nie.

Charlene het ook aangedui dat dit haar help om *die probleme by die huis te hanteer.* Dit het byvoorbeeld geblyk dat sy nie altyd tyd kry om haar huiswerk te doen nie, maar nietemin 'n plan maak om dit te voltooi en dat sy *probeer kalm bly* om ook haar broer met sy huiswerk te help:

Partykeer is my boetie moeilik en so aan ... en dan's dit moeilik vir my om my huiswerk te doen en als, want ... my boetie sit elke dag voor die TV ... en in die aande dan kom hy met huiswerk, maar as ek ... as ek by die huis kom, dan maak ek vinnig die huis skoon ... Ek sorg dat as my ma by die huis kom, dat sy 'n lekker bord kos het en als ... en dan doen ek my huiswerk ... Maar ... dan ... in die aande as ek my ma vra "hoor hier, help my net gou-gou hier" en so ... dan word daar met my geraas ... of so. Maar as my boetie ... my boetie lê elke dag voor die TV en so ... En as hy dan in die aande ... as ek hom in die middag wil help, dan sê hy vir my hy het nie huiswerk nie ... En as hy nou in die aand kom met sy huiswerk en so, dan kry hy nie raas nie en dan word hy gehelp, maar dan word ék mee geraas ... So, ek leer gewoonlik in die aande, of ... as ek die middag moet skryf, dan leer ek nog deur die dag ... van die oggend ... en deur die pouses en so ... dan leer ek nog, so ... Maar dis 'actually' nou bietjie moeilik om te leer ... vir my ... so ja ... omrede ek juis bietjie probleme het by die huis ... Maar ... ek kry ... ek kry darem geleer, so ja ...

Ten spyte van Charlene se huislike omstandighede, moeilike kinderlewe (sien 6.3.1.1) en die viktimisering wat sy in die skool ervaar, het dit steeds geblyk dat sy 'n optimistiese persoon met 'n positiewe toekomsverwagting is. Sy het byvoorbeeld aangedui dat sy *gelukkig (is) hier by my vriende en by my skool* en alhoewel haar beste vriendinne die skool aan die einde van die jaar verlaat, *sal ék nie uitgaan nie:*

Ek sal hier bly ter wille van my toekoms ... omdat ek iets wil wórd ... Uhm ... om verder in die lewe te gaan en ... om my skoolloopbaan klaar te maak, is vir my 'n groot prestasie, so dit maak my ... Om elke dag op te staan en te weet ... jy doen ... jy doen iets om verder te gaan ... en jy gee nooit op nie ... Dit gee jou die moed om elke oggend ... Ek is blý en so aan ... ek sal vandag weer iets nuuts leer ... of ... ek sal nou miskien weer iets ontdék ... wat ... ja ... Ek is 'n baie 'happy' persoon ...

Behalwe vir 'n positiewe toekomsverwagting en haar tevredenheid met die skoolkonteks het dit verder geblyk dat Charlene ook tevrede met haarself is:

Ek is 'okay' met myself ... ek is 'happy' met myself ... ek 'like' myself net soos ek is. Ek dink ... 'okay' ... al die ... die ander kan miskien sê ek is lelik ... Maar ek dink die Here het my gemaak, die manier hoe ek is ... Ek dink ek is mooi ... ek is ... die Here het my mooi gemaak ... in my eie beeld lyk ek vir my mooi ... ek dink ek is nogals ... ek het 'n goeie persoonlikheid ...

Die EI-temas wat op Charlene betrekking het, kan in tabel 6.14 opgesom word:

Tabel 6.14 Opsomming van EI-temas: Charlene

Temas	Fokus-groepe	Onderhoud(e): Individueel	Onderhoude: Onderwysers	Observasie/ Refleksie
INTRAPERSONLIK				
Kommunikeer emosies (aan geselekteerde individue)		**		*
Sukkel om emosies (m.b.t. viktimisering) te kommunikeer		*		
INTERPERSONLIK				
Toereikende verhoudings (met intieme vriende)		*****	*	
Toereikende verhoudings (onderwysers)		**	*	
Empatie		***		
Sosiale isolasie		*	*****	
Viktimisering/verwerping deur portuurgroep	***	*****	*	*
STRESHANTERING				
Effektiewe streshantering		*		
Effektiewe emosionele beheer		***		
AANPASBAARHEID				
Effektiewe probleemoplossing		****		
ALGEMENE GEMOEDSTOESTAND				
Vasberadenheid/ Pligsgetrouheid		**	**	*
Positiewe		**		*



toekomsverwagting				
Selftevreidenheid ²⁶		***		
Tevredenheid met die skool		***		
Geluk		***		*
Optimisme		***		***

iii. Leerder C: Rika

Rika se EI-profiel sien soos volg daar uit:

EI-komponent	Telling
Intrapersoonlik	98
Interpersoonlik	93
Streshantering	65
Aanpasbaarheid	82
Algemene Gemoedstoestand	97
Totale EK	77

Rika (graad 12) se akademiese rekord vir die Eerste Kwartaal (2009) sien soos volg daar uit:

Vak	Gemiddeld	Graadgemiddeld
Afrikaans Amptelike Huistaal	83	66
Engels Amptelike Huistaal	76	61
Lewensoriëntering	56	63
Wiskunde	48	42
Rekenaartoepassingstechnologie	88	69
Rekeningkunde	60	44
Besigheidstudies	74	54
Gemiddeld	69 (Slaag)	
Dissiplinêre punt	0	
Dae afwesig	2	

²⁶ Dit mag dalk vir die leser verwarrend wees waarom "selftevreidenheid" nie onder die tema "Intrapersoonlik" geplaas is nie, aangesien "selfagting" as deel van Bar-On se model juis onder "Intrapersoonlik" gerangskik word. Nadat ek egter die *EQ-i:YV* intensief bestudeer het, het ek opgelet dat al die items op die vraelys wat met 'n individu se tevredenheid met haar fisiese voorkoms te make het, onder die tema "Algemene Gemoedstoestand" gerangskik is. Derhalwe word dit in hierdie studie ook dienooreenkomstig gesorteer.

- Bespreking: Rika

Rika het voorgekom as 'n besonder vriendelike jong dame wat baie gemaklik in die fokusgroep- en individuele onderhoude gekommunikeer het. Sy het baie gespanne tydens die individuele onderhoud voorgekom en dit aan eksamenstres toegeskryf.

Volgens Rika kom sy redelik goed oor die weg met al die kinders hierso ... Tussen die Afrikaanse kinders en die ander kinders ook, voel dit of almal my redelik aanvaar. Hier's niemand wat afknouerig is of lelik is met my nie. Soos reeds vermeld het sy aangedui dat sy nie swart vriende as sodanig het nie, maar:

Ons praat ook nou nie baie nie, maar ... ons is beskaafd met mekaar. Ons is vriendelik met mekaar. Ons sal mekaar help as daar ... soos byvoorbeeld ... daar was nou die dag wat ons hoofmeisie my gevra het of ek haar nie sal help om haar Engelse toespraak in Afrikaans te vertaal nie ... So, ek kom redelik goed met almal hierso oor die weg. Daar was ... daar was nog nooit rêrig enige konflik gewees met die ander kinders nie ...

Volgens Rika én haar onderwysers kom sy goed met hulle oor die weg, aangesien sy altyd haar werk doen ... Soos 'n ander onderwyser dit gestel het: Daar's geen probleem nie, want sy probeer almal 'please'. Ek dink nie daar's enige iemand wat al oor haar ge-'moan' het nie. Rika se onderwysers het haar verder as baie slim beskryf, maar hulle het ook aangedui dat sy ook baie hard werk. Volgens een van haar onderwysers plaas sy baie druk op haarself omdat sy beurse nodig het en Rika het erken dat dit een van die redes is waarom (sy) so baie stres.

Rika het aangedui dat sy geweet het dat sy 'n lae telling op die subskaal, Streshantering, sou behaal het: My streshantering is ... só op die kop dat ek ... ek weet nie ... ek raak baie vinnig senuweeagtig. Ek ... stres my gewoonlik oor 'n mik vir die geringste ... Volgens Rika raak sy óf hiperaktief óf baie stil wanneer sy stres: En ... as ek stil word ... dan trek ek my heeltemal van almal af weg ... en my eerste gedagte is om die vlaktes in te hol! Dit het geblyk dat Rika hierdie vermydingsgedrag ook dikwels gedurende probleemoplossing toon, aangesien sy eers probeer om die probleem te vermy en as dit régtig nie weggaan nie, sal (sy) 'n oplossing soek deur die voor- en nadele teen mekaar op te weeg of hulp te vra.

Dit het geblyk dat dit soms vir Rika moeilik is om haar emosies te kommunikeer omdat sy bang is dat dit onnodig konflik gaan veroorsaak:

Met dié soos ek en my een vriendin ... Dis waar ek gewoonlik in die meeste konflik was, so ... En ek weet sy en ek is albei baie kort van draad, nie een van ons het 'n

baie goeie humeur nie. So, om die vrede te bewaar, *bly ek maar partykeer stil ... dan wees ek die minste ... en sê eerder niks nie ...*

Dit het egter geblyk dat die onderdrukking van haar emosies soms tot *emosionele uitbarstings* lei en Rika het juis haar *humeur* geïdentifiseer as dié eienskap van haarself waarvan sy die *minste hou*:

Die rede waarom ek ... baie mense is partykeer ... hoe sal ek sê ... wat hulle ... nie rêrig misbrúik nie ... maar wat hulle baie maklik oor my loop. En ek dink dit is dalk daai ... omdat ek te maklik stilbly oor hoe ek voel ... Maar as ek eers begin baklei, dan kom alles uit. Ek sal kan opkrop tot op 'n punt ... maar as dit bars, dan kom alles uit wat my pla ...

Partykeer sal dit (haar humeur) die beste van my kry, soos ... wanneer ek ... rêrigwaar die dag uitbars en ek ... raak vreeslik ... As ek nou baie gespanne raak ... en ek bárs ... dan's dit gewoonlik 'n groot 'commotion' ... dan maak ek gewoonlik baie mense se gevoelens seer. Nie baie mense nie, maar ... alhoewel ek dit nie bedoel nie, maak ek net mense se gevoelens seer ... en daarna voel ek net vreeslik ...

Volgens Rika raak sy baie gespanne wanneer sy *tussen groot groepe mense is* en *angsbevange* wanneer sy *nuwe mense ontmoet*. Ten spyte van voorgenoemde het sy aangedui dat sy altyd *probeer optimisties wees*, *alhoewel daar partykeer is* wat (sy) *vreeslik depressief kan voel*, gewoonlik as sy *verslaap* het en haar *ma met* (haar) *raas vir niks nie*.

Volgens Rika *aanvaar sy haarself soos wat sy is* en *probeer* (sy) *altyd om nié te verander om by ander aan te pas nie*:

Kyk, dit is ook iets wat ek baie min van hou ... as mense gewoonlik hulleself verander om by ander aan te pas. Ek voel as mense nie van jou hou soos wat jy is nie, moet jy dan eerder glad nie in hulle geselskap wees nie.

Die EI-temas wat op Rika betrekking het, kan in tabel 6.15 opgesom word.

Tabel 6.15 Opsomming van EI-temas: Rika

Temas	Fokus-groepe	Onderhoude: Individueel	Onderhoude: Onderwysers	Observasie/Refleksie
INTRAPERSONLIK				
Sukkel om emosies uit te druk (om konflik te vermy)		**		
INTERPERSONLIK				
Goeie kommunikasievaardighede		*	*	*
Toereikende verhoudings (met leerders én onderwysers)	**	*****	**	
Empatie	**	*		



Geskiedenis van viktimisering en verwerping (laerskool)		***		
Behoefte aan aanvaarding		**	**	
STRESHANTERING				
Lae strestoleransie		***	*	*
Ontoereikende emosionele beheer		*****		
Lae impulsbeheer		*		
Vermydning van konflik		**		
AANPASBAARHEID				
Weerstand teen verandering	**	**		
Ontkenning/vermyding as probleemoplossing-strategie		*		
ALGEMENE GEMOEDSTOESTAND				
Tevredenheid met die skool		**		
Vasberadenheid			***	*
Pligsgetrouheid		**	****	
Optimisme		***		
Selftevreedenheid		**		

iv. Leerder L: Bennie

Bennie se EI-profiel sien soos volg daar uit:

EI-komponent	Telling
Intrapersoonlik	116
Interpersoonlik	104
Stresshantering	115
Aanpasbaarheid	114
Algemene Gemoedstoestand	115
Totale EK	119

Bennie (graad 10) se akademiese rekord vir die Eerste Kwartaal (2009) sien soos volg daar uit:

Vak	Gemiddeld	Graadgemiddeld
Afrikaans Amptelike Huistaal	52	46
Engels Eerste Addisionele Taal	30	40
Lewensoriëntering	59	53
Wiskundige Geletterdheid	43	51



Geskiedenis	33	38
Verbruikerstudies	48	46
Toerisme	34	40
Gemiddeld	43 (Slaag)	
Dissiplinêre punt	0	
Dae afwesig	11	

- Bespreking: Bennie

Bennie het as 'n baie stil, ordentlike seun voorgekom. Hy het glad nie gemaklik in die individuele onderhoud gekommunikeer nie (hy het nie vir die fokusgroeponderhoude opgedaag nie). Hy het byvoorbeeld slegs die vrae beantwoord, sonder om enigsins daarop uit te brei (wat my taak as onderhoudvoerder 'n bietjie bemoeilik het).

Volgens Bennie kom hy *nogal goed* met beide sy wit én swart portuurgroep oor die weg, maar hy meld dat hy *net binne die skool* met die swart kinders praat, *maar na skool ... nee, ons kuier nie saam of iets nie*. Sy onderwysers het bevestig dat hy *net vriende met die wit kinders* is. Hulle het hom as *stil ... op sy plek ... en 'n goeie kind* beskryf. Hulle het aangedui dat die *enigste probleem* wat hulle met hom het, die feit is dat hy *redelik baie afwesig is*. Volgens hulle *doen hy* (verder) *sy werk ... Dis asof hy meer betrokke is by skoolgoeters ... hy's meer verantwoordelik ...* Hy sal vir die ander ouens sê: "Nee, kom nou julle ... hou nou op met julle nonsens!"

Bennie het aangedui dat hy *nie 'n probleem ondervind om sy emosies te deel nie: In die skool sal ek met my vriende praat ... en buite die skool sal dit my ouers wees ... of van my familieledede*. Volgens Bennie *hou* (hy) *van die manier waarop* (hy) *met ander kommunikeer en oor die weg kom* en hy het gemeld dat *as ek kwaad is ... of so iets ... dan kan ek my emosies hanteer ...* en *ek kan daarvoor met iemand anders gaan praat, of vir hulle sê wat's fout, of so iets ...*

Bennie het aangedui dat hy *redelik maklik by verandering aanpas* en dat hy *nogal vinnig nuwe vriende maak: Ek's nie bang om te praat met ander mense nie*. Hy het verder aangedui dat hy *goed is met probleemoplossing, aangesien hy daarvoor kan dink en redeneer tot* (hy) *'n oplossing kry* en omdat hy *nie bang is om hulp te vra* as hy nie weet hoe om die *probleem op te los nie*.

Oor die algemeen het dit geblyk dat hy homself as 'n 'happy' persoon beskou: *Ek geniet die lewe terwyl ek nog jonk is*. Hy het ook aangedui dat hy *heeltmal tevrede met homself is en dat daar nie rêrig iets is om te verander nie – ek dink ek is reg net soos ek is*. Hy was ook van mening dat daar *in die skool self niks (is) om te verander nie*, alhoewel hy aangedui het dat hy *kan doen met nog vriende ...*

Die EI-temas wat op Bennie betrekking het, kan in tabel 6.16 opgesom word.

Tabel 6.16 Opsomming van EI-temas: Bennie

Temas	Fokus-groep	Onderhoud(e): Individueel	Onderhoude: Onderwysers	Observasie/ Refleksie
INTRAPERSONLIK				
Kommunikeer emosies (aan geselekteerde individue)		***		
INTERPERSONLIK				
Toereikende verhoudings (met leerders én onderwysers)		*****	***	
STRESHANTERING				
Hoë strestoleransie		*		
Toereikende emosionele beheer		*		
AANPASBAARHEID				
Buigsaamheid		*		
Effektiewe probleemoplossing		*		
ALGEMENE GEMOEDSTOESTAND				
Tevredenheid met die skool		*	*	*
Tevredenheid met homself				
Geluk		*		
Selftevredeheid		*	*	*
Optimisme			*	
Pligsgetrouheid			**	
Ongemagtigde afwesighede			***	

v. Leerder M: Gerhard

Gerhard se EI-profiel sien soos volg daar uit:

EI-komponent	Telling
Intrapersoonlik	109
Interpersoonlik	100
Streshantering	101

Aanpasbaarheid	108
Algemene gemoedstoestand	113
Totale EK	107

Gerhard (graad 10) se akademiese rekord vir die Eerste Kwartaal (2009) sien soos volg daar uit:

Vak	Gemiddeld	Graadgemiddeld
Afrikaans Amptelike Huistaal	48	46
Engels Eerste Addisionele Taal	41	40
Lewensoriëntering	42	53
Wiskundige Geletterdheid	43	51
Rekenaartoeëpassingstegnologie	52	62
Verbruikerstudies	37	46
Toerisme	1	40
Gemiddeld	38 (Slaag)	
Dissiplinêre punt	-30	
Dae afwesig	19	

- Bespreking: Gerhard

Gerhard was reeds van my eerste ontmoeting met die deelnemers die mees uitgesproke. Hy het baie selfversekerd voorgekom en het dit baie geniet om aan die navorsing deel te neem. Hy het sy opinie baie gemaklik met my (en die groep) gedeel.

Gerhard het sy verhoudings met sy portuurgroep as baie goed beskryf, alhoewel hy aangedui het dat hy nie saam met die swart leerders uithang nie. Volgens Gerhard is sy vriende vir hom baie belangrik ... want kyk, as jy iets aan my vriende doen of aan my broers doen, dan's dit net sowel jy doen dit direk aan my. Gerhard het aangedui dat hy die woorde: "moenie iemand anders oordeel ... as jy nie self in die omstandighede lewe nie" verstaan ... want ek het geen reg om iemand anders sleg te sê nie. Volgens Gerhard 'like' hy dit ook as iemand anders gelukkig is. Hy het byvoorbeeld vertel hoe hy sy beste vriend (Bennie) elke maand 'stick' vir KFC, aangesien Bennie nie die geld het daarvoor nie.

Dit het geblyk dat Gerhard baie sosiaal is en maklik met mense praat ...

Dis so asof hulle van my hou, want nie enige mens kom na 'n ou toe en sê ... "hoe gaan dit ... ja, wat het jy die naweek gedoen ... dit klink 'boring' ... kom na my toe" ... En amper elke naweek nooi ek soos vier ... vyf van my vriende oor ...

Volgens Gerhard kom hy ook **goed met sommige onderwysers oor die weg**, alhoewel hulle (volgens hom) mag *dink dat* (hy) *stout is*:

Ek kon al lankal geskors word uit dié skool uit ... Ek het nou nie 'drugs' verkoop of iets nie, maar die maniere wat ek stout was. Dan 'cover' die juffouens maar net vir my ... so ek dink ek het half 'n goeie verhouding met ... met die onderwysers in dié skool.

Die onderwysers het gemengde gevoelens teenoor Gerhard getoon. Sommige was van mening dat hy **behulpsaam en ordentlik** is, terwyl ander hom as **ongeskik** beskryf het. Hy het erken dat hy soms **disrespekvol teenoor sommige onderwysers optree**:

Miskien moet ek dit verander ... dat ek seker net meer respek vir ... met die onderwysers ... van hulle moet praat. Want ek weet ... daar's 'n paar onderwysers waarmee ek gepraat het en dan as ek omdraai en loop, dan besef ek nou vir myself net daai was nou nie reg nie ... dis nie hoe dit by die huis is en sulke goeters nie.

Volgens sy Afrikaans-onderwyseres is hy *baie, baie 'loud'* (die wit leerders is in die meerderheid in haar klas). Van die ander onderwysers het hom egter beskryf as *terug-getrokke, altyd stil ... hy kommunikeer nie baie in die klas nie. Hy verdwyn omtrent. Sy onderwysers het egter saamgestem dat hy heeltemal anders op die stoepe ... of tussen die wit kinders (is) ... baie 'loud'*. Volgens hulle **doen hy niks ... indien hy wél by die skool is**. Sy Afrikaans-onderwyseres het egter aangedui dat hy (ten tye van die onderhoud) al vir 'n maand saam met haar skool toe gery het en volgens haar het sy skoolbywoning sedertdien verbeter. Hy het die feit dat hy *van langnaweke hou* (en daarom *amper nooit Maandae of Vrydae by die skool is nie*) as die rede aangevoer waarom hy so dikwels afwesig is, maar opgemerk dat hy **nou bietjie sleg voel om nie daar te wees as juffrou S (hom) kom oplaai nie ... ek bel haar maar eerder die vorige aand ...**

Ten spyte van sy oënskynlike gebrek aan motivering, het Gerhard baie selfinsig in dié verband getoon en dit het geblyk dat hy steeds optimisties oor sy toekoms is:

Ek wil ander kinders leer wat ek al moes vergeet het ... en dan hulle ook help dat hulle ... Soos kinders wat in my skoene is ... dat ek vir hulle sê "luister hier, verander ... dis nie hoe 'n mens moet wees nie, jy gaan nêrens in die lewe kom daaroor nie" ... So, ek dink skool help 'n mens ... gaan my baie help as ek net méér skool toe kom ... om 'n beter werk te kry en dan ... my te laat vasstel wat ek rêrig wil doen. Ek is nog nie op daai stadium wat ek weet ... ek geniet nog die lewe en ek geniet nog skool ...

Dit het dus geblyk dat hy hom nie deur sy huislike omstandighede (sien 6.3.1.1) laat onderkry nie en dat hy oor die algemeen gelukkig is **(ek's 'happy' ... ek leef my lewe voluit!)**.

Hy het ook die behoefte getoon om *nie soos (sy) stiefpa te wees nie*: *Ek wil 'n beter lewe vir myself maak en ... as ek 'n beter lewe vir myself maak, dan kan ek eendag as ek groot is, ook 'n beter lewe vir my kinders maak.* Hy was byvoorbeeld vasbeslote om *nie so aggressief soos sy stiefpa te wees nie* en dit het geblyk dat daar 'n verbetering in sy emosionele beheer in hierdie verband is:

Ek word nie vinnig kwaad nie. Ek baklei ook nie maklik nie. Ek het al ... soos my stiefpa wat baie baklei het. Hy's 'n groot man ... en hy't iemand in 'n koma in geklap en toe ... toe ek dit nou sien ... het jou hele lewe so teruggetrek en gesê ... luister hier ... as dit met jou gebeur het en jy't daai ou net bietjie harder geklap en dan's hy dood ... Dan loop sit jy jou hele lewe in die tronk. Dan gooi jy jou lewe weg, net omdat jy nou jou vriende wil 'impress' omdat jy nou kan baklei. So, toe ek dit sien ... dit werk toe net nie vir my die bakleiery nie.

Dit het geblyk dat Gerhard tevrede met sy voorkoms is, aangesien *dit (hom) help dat mense van (hom) hou*:

Kyk ... ek weet m'n mense sal dit sê ... maar kyk, ek wou glád nie maer gewees het nie. Ek wou nie 'n 'sixpack' gehad het nie, niks nie. My gewig is in baie maniere 'n voordeel. Soos my rugby ... as ek op die rugbyveld ophardloop ... dis so asof hulle sê ek is die kaptein ... Kyk, dit is 'n gróót voordeel vir my ... dit maak dat mense van my hou. Ek is ... ek het 'n goeie selfbeeld. Kyk, ek is skaam oor niks wat ek het of doen nie ...

Volgens Gerhard sal hy *sy emosies deel met mense wat hy vertrou (soos sy ma, ouma of oupa)*, maar sal hy *beslis nie met enige Jan Rap praat oor hoe (hy) voel nie*. Hy het verder aangedui dat wanneer hy 'n probleem het, hy sal *sit en dink oor moontlike oplossings en miskien daarvoor praat, as dit nie sy familie of vriende benadeel en ook nie hulle probleem word nie*.

Die EI-temas wat op Gerhard betrekking het, kan in tabel 6.17 opgesom word.

Tabel 6.17 Opsomming van EI-temas: Gerhard

Temas	Fokus-groep	Onderhoud(e): Individueel	Onderhoude: Onderwysers	Observasie/ Refleksie
INTRAPERSONLIK				
Kommunikeer sy emosies/behoefte		*	**	**
INTERPERSONLIK				
Goeie kommunikasievaardighede	*	*	*	*
Toereikende verhoudings (met wit leerders en sommige onderwysers)	*	***	****	
Ontoereikende verhoudings met swart leerders			*****	
Empatie		***		



Disrespekvol teenoor sommige onderwysers		*	*	
STRESHANTERING				
Toereikende emosionele beheer		*		
AANPASBAARHEID				
Effektiewe probleemoplossing		*		
ALGEMENE GEMOEDSTOESTAND				
Geluk		**		
Positiewe toekomspektief		***		
Tevredenheid met die skool		*		
Selftevredeheid		***	*	*
Ongemagtigde afwesighede/laatkom		***	****	
Gebrek aan motivering		*		
Ongeërgdheid m.b.t. skoolwerk		*	*****	

vi. Leerder N: Werner

Werner se EI-profiel sien soos volg daar uit:

EI-komponent	Telling
Intrapersoonlik	94
Interpersoonlik	84
Streshantering	80
Aanpasbaarheid	81
Algemene Gemoedstoestand	88
Totale EK	79

Werner (graad 9) se akademiese rekord vir die Eerste Kwartaal (2009) sien soos volg daar uit:

Vak	Gemiddeld	Graadgemiddeld
LLC Engels Eerste Taal	53	53
LLC Afrikaans Addisionele Taal	77	33
Wiskundige Geletterdheid	68	47
Natuurwetenskap	65	55
Lewensoriëntering	41	53



Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	23	40
Sosiale Wetenskappe	54	59
Kuns & Kultuur	63	70
Tegnologie	57	49
Gemiddeld	56 (Gepromoveer)	
Dissiplinêre punt	0	
Dae afwesig	19	

- Bespreking: Werner

Werner het as 'n stil, teruggetrokke seun voorgekom. Hy was nie baie spraaksaam in die fokusgroep- óf individuele onderhoude nie en het telkens bloot net die vrae wat aan hom gestel is so vinnig as moontlik probeer beantwoord.

Volgens Werner pas hy goed in Hoërskool A aan, want ... *daar's nie regtig iemand wat ... met my moeilikheid soek nie* ... en ek soek nie met hulle moeilikheid nie. *Ek het nog nie bakleiery hier ... of kwaad geword hier vir enige iemand nie*. Hy het aangedui dat hy die enigste wit kind in sy klas is en dit het geblyk dat hy homself van sy swart portuurgroep distansieer: *Kyk, in elke klas ... sit ek eintlik alleen ... ek 'like' nie ... soos in klastyd ... dan sit ek nie regtig en gesels met hulle nie* ... dan wil ek my werk klaar maak. Hy het gemeld dat hy *graag hierdie jaar wil deurkom* ... want ek het laasjaar gedruip ... *Ek wil my ambag klaarmaak as ek klaar is met skool*. Volgens hom is dit juis sy vriende in sy vorige skool wat hom uit die werk gehou het:

In daai skool was ek heeltyd saam (met) my vriende gewees ... binne in die klas. En binne in die klas het ons ... ons het nooit gewerk nie ... ons het nooit vir die juffrouens geluister nie. Maar hierso ... is ek nou alleen ... Hierso doen ek nou maar my werk.

Hy het verder aangedui dat Hoërskool A beter is vir hom omdat hy hulle (die swart kinders) nie verstaan nie en daarom *nie kan kwaad word nie*. Hy het gemeld dat hy in sy vorige skool dikwels *in bakleiery (betrokke) was omdat die kinders (hom) gespot het ... oor my gewig en so aan*. Volgens Werner het hy in Hoërskool A *nog net een keer kwaad geword* – toe die swart meisies hulle naeltjeringe vir hom gewys het. Hy het aangedui dat hy *deesdae eerder omdraai en wegloop* as hy kwaad word.

Alhoewel hy aangedui het dat hy *pouses by die wit kinders staan en gesels*, het dit geblyk dat dit soms vir hom voel asof hy nie in die skool hoort nie: *Wel ... uhm ... daar's baie kere*

wat ek voel ... ek's eintlik uit, maar ... dan kom daar weer so paar kinders na my toe en dan praat hulle weer met my ... dan voel ek 'okay', ek's darem nog in die skool. Hy dui aan dat dit vir hom moeilik is om nuwe vriende te maak en dat hy net oor die weg kom met mense wat (hy) ken.

Volgens Werner kom hy baie goed met sy onderwysers oor die weg ... baie beter as wat ek daar in U-Tek (sy vorige skool) met hulle oor die weg gekom het ... want ... seker omdat ons stout was daai tyd het hulle ons nie ge-'like' nie. Sy onderwysers het egter aangedui dat hy amper nooit by die skool is nie. Hulle het hom verder as 'n baie teruggetrokke en stil kind beskryf:

Hy sit altyd agter in die hoek ... en hy praat nie veel as hy hier is nie ... en hy doen ook nie eintlik iets nie ... Behalwe Wiskunde ... dis die enigste vak wat hy 'actually' in goed doen en waarin hy probeer ...

Sy Wiskunde-onderwyseres het hom ook as baie alleen beskryf, maar beklemtoon dat hy sy bes probeer in haar vak. Sy was van mening dat Werner afwesig is as hy die dag in 'n konfrontasie was ... dan die volgende dag wil hy nie in dieselfde situasie wees nie. As hy die dag met iemand ('n onderwyser) baklei het, dan kom hy nie die volgende dag skool toe nie.

Alhoewel dit geblyk het dat sy ouers altyd daar is wanneer Werner hulle nodig het, het hy aangedui dat hy nie eintlik oor (sy) gevoelens praat nie, behalwe met sy een vriendin (wat naby hulle woon). Werner het verder aangedui dat hy nie eintlik weet hoe om probleme op te los nie.

Die EI-temas wat op Werner betrekking het, kan in tabel 6.18 opgesom word.

Tabel 6.18 Opsomming van EI-temas: Werner

Temas	Fokus-groep	Onderhoud(e): Individueel	Onderhoude: Onderwysers	Observasie/ Refleksie
INTRAPERSONLIK				
Onderdrukking van emosies (kommunikeer slegs aan een persoon)		**		
INTERPERSONLIK				
Toereikende verhoudings (wit leerders, onderwysers)		***		
Sosiale isolasie	*	***	**	*
Geskiedenis van viktimisering/verwerping		***		



STRESHANTERING				
Ontoereikende emosionele beheer in die verlede (weens viktimisering)		****		
Verbetering in emosionele beheer		*		
Vermyding van konflik		*	*	
AANPASBAARHEID				
Ontoereikende probleemoplossing		*		
ALGEMENE GEMOEDSTOESTAND				
Positiewe toekomspektief		*		
Tevredenheid met die skool		*		
Ongemagtigde afwesighede		**	**	*
Ongeërgdheid m.b.t. skoolwerk				**

6.3.1.6 Addisionele faktore

Soos wat die leser moontlik uit die deelnemers se agtergrond en die bespreking van ons gesprekke sou opmerk, blyk daar ander faktore (behalwe EI) ook te wees wat moontlik 'n rol in die deelnemers se aanpassing en funksionering in die skoolkonteks kan speel. Hierdie faktore kan in tabel 6.19 opgesom word en word in hoofstuk 7 in meer besonderhede bespreek.

Tabel 6.19 Addisionele faktore

Temas	Annet	Charlene	Rika	Bennie	Gerhard	Werner
Finansiële en/of vervoerprobleme	*	*	*			
Geskors uit vorige skool					*	*
Viktimisering/verwerping in wit skole	*	*	*			*
Gebrek aan (toereikende) vaderfiguur			*		*	
Blootstelling aan fisiese en/of emosionele mishandeling		*			*	
Rol van geloof		*				
Rol van prestasie			*	*	*	
Ondersteuning van ouer(s)	*		*	*		*

Die resultate van Hoërskool B word vervolgens bespreek.

6.3.2 Hoërskool B

6.3.3.1 Agtergrond van die deelnemers

i. Leerder A: Khulile

Khulile is die oudste van vyf kinders. Sy het drie broers en 'n suster en hulle woon by haar ouers in 'n swart woongebied in die omgewing. Haar vader is 'n bouer, terwyl haar moeder as 'n huishulp by 'n wit gesin werk. Volgens Khulile kom sy baie goed oor die weg met die *wit tannie* vir wie haar moeder werk: *Ons kom baie daarso en sy kuier ook by óns ... en sy koop ook vir ons goed en dan flik sy met ons ... Sy doen 'eventually' álles met ons.*

Khulile het 'n wit, Afrikaanse laerskool bygewoon. Sy het aangedui dat sy graag na *R-High* ('n Engelse hoërskool in die omgewing) toe wou gaan, maar dat haar moeder egter van mening was dat sy *meer gaan inpas in 'n Afrikaanse skool*. Khulile het aangedui dat haar huistaal Sotho is, maar dat haar ouers ook *Afrikaans ken* en dat haar jonger broers en suster in die Afrikaanse laerskool is wat sy bygewoon het.

ii. Leerder B: Rosy

Rosy is die tweede-jongste van vyf kinders. Sy het drie susters en 'n broer. Haar oudste suster is in 2008 (weens siekte) oorlede en sy het twee kinders agtergelaat. Rosy se moeder het sedertdien Limpopo toe verhuis om na hulle om te sien. Rosy woon saam met haar ander twee susters en broer by hul vader in Pretoria. Volgens Rosy kom haar moeder twee keer per jaar Pretoria toe, gewoonlik wanneer sy eksamen skryf:

Wanneer dit eksamentyd is ... dan gaan my (ouer) sussie nou huis toe, dan kom my ma hiernatoe om ons te help ... sodat ek en Maria net op ons skoolwerk kan konsentreer ... Ja, want anders moet ons kosmaak en al daai goeters ... en dan's dit nog skoolwerk ...

Haar ouer suster studeer Verpleegkunde aan die Universiteit van Pretoria, terwyl haar ander sussie (Maria) in graad 8 in 'n dubbelmedium-skool in die omgewing is. Maria het graad 8 in Hoërskool B gedruip, waarna sy besluit het om na 'n ander skool toe te gaan. Rosy se broer werk as taxi-bestuurder vir haar vader: *My pa is 'n 'taxi-owner' ... hy 'own' so vyf ... ses 'taxi's'.*

Volgens Rosy was sy vyf jaar oud toe die gesin van Limpopo af Tshwane toe getrek het, waarna sy by 'n wit, Afrikaanse kleuterskool ingeskryf is (*omdat my pa so besluit het*). Sy het ook aangedui dat sy 'n wit, Afrikaanse laerskool bygewoon het en dit as die rede aangevoer

waarom sy (ten spyte daarvan dat sy die enigste swart leerder in haar graad is) op Hoërskool B besluit het: *Ek wou eers na 'n Engelse skool toe gegaan het, maar toe dink ek dit gaan moeilik wees ... want ek het alles ... al my vakke in Afrikaans gedoen, so dit sal moeilik wees om als in Engels te doen ...* Volgens Rosy praat sy en Maria *die heelyd Afrikaans*, tot groot frustrasie van haar vader.

iii. Leerder C: Sasha

Sasha is 'n bruin²⁷ meisie (met ligte gelaatstrekke) wat oorspronklik van die Kaap afkomstig is, maar al vir die afgelope veertien jaar in Tshwane woon. Sy is die oudste van drie dogters en woon by haar ouers. Volgens Sasha is hulle 'n *baie hegte* gesin. Die *meeste van* (haar) *familie is nog daar* (in die Kaap); derhalwe het sy aangedui dat sy gewoonlik in die Julie- en Desembervakansies vir hulle gaan kuier. Sasha se vader is 'n rekenaarkonsultant, terwyl haar moeder as “sisteemspesialis” vir Telkom werk.

Volgens Sasha is haar huistaal Engels en was sy daarom van graad 1-4 in 'n Engelse privaatskool in die omgewing, maar *omdat dit te duur geraak het*, het haar ouers besluit om haar by 'n Afrikaanse laerskool in te skryf:

Van daar af het ek outomaties na 'n Afrikaanse hoërskool toe gegaan (want my pa is Afrikaans, maar ek het Engels grootgeword ... My ma is Engels ... ja ... dis hoekom ek in 'n Afrikaanse skool is).

iv. Leerder J: Alfred

Alfred is die jongste van sewe kinders. Hy het vyf susters en 'n broer. Vier van sy susters is getroud en woon met hulle gesinne in Mpumalanga. Sy jongste suster is 'n vierdejaarstudent in Regte aan die Universiteit van Pretoria en woon saam met Alfred by hul ouers. Sy broer is ook getroud, *maar hy bly nog by ons* (die gesin woon in 'n swart woongebied in die omgewing van die skool). Alfred se moeder is 'n tuisteskepper en sy vader werk as sjef in 'n restaurant. Alfred het aangedui dat hy in 'n wit, Afrikaanse kleuterskool én laerskool in die omgewing was (*want my pa het gedink dis die beste*) en daarom *vanselfsprekend hiernatoe* (na Hoërskool B) gekom het. Hy is 'n baie goeie rugbyspeler en speel vir die o/16 A-span van die skool.

²⁷ Alhoewel die term “swart” deurgaans in die studie gebruik word (en ander rassegroepe ook daardeur geïmpliseer word), is dit nodig om Sasha (en James) se ras hier te vermeld, aangesien dit 'n betekenisvolle rol in hulle aanpassing en funksionering in die skool speel (soos wat die leser later sal opmerk).

v. Leerder K: James

James, 'n bruin seun, kom oorspronklik van Beaufort-Wes af, maar woon sedert sy graad 2-jaar in Tshwane. Hy woon saam met sy jongste broer by sy moeder en stiefvader (James se biologiese vader is oorlede en hy het *hom nooit geken nie*). Sy moeder is 'n verpleegster, terwyl sy stiefvader in diens van die Suid-Afrikaanse Weermag is. Volgens James *sukkel* die gesin finansiële en het hy *nog altyd huislike probleme gehad*:

My stiefpa, of ek weet nie wat ons ... ek dink hy's 'n 'alcoholic' man. Rêrig ... As hy alkohol het, kan hy nie ophou nie en dan drink en drink en drink hy ... Maar ... party dae kom hy nooit ... hol hy weg. Partykeer weet ons eers as hy gedrink het op 'n Donderdag ... dan ... ons vermoed ... dan vermoed ons hy gaan eers Vrydag 'opgeline' wees ... terugkom en ... kom hy en dan sien ons nee, dis 'n Sondag ...

Volgens James is sy huistaal Afrikaans, *maar nie standaard nie ... ons gooi hom 'local' en sommer met Engelse woorde*. Hy het aangedui dat hy in 'n dubbelmedium laerskool was (waar die meerderheid leerders swart was) en nadat hy 'n *toneeldingetjie* van Hoërskool B gesien het, besluit *hierdie is die skool vir my*. Volgens James het hy van laerskool af baie in drama belanggestel en *ek't daar ook ... dadelik uitgeblink as dramaleerling ...* James is een van die onderhoofseuns van die skool (sy portefeulje is Sosiaal) en hy dien reeds van graad 9 af op die Verteenwoordigende Leerlingraad (VLR). Hy blink veral op kultuurgebied uit.

vi. Leerder L: Tebogo

Tebogo is die jongste van drie kinders (hy het 'n broer en suster van 28 en 25 jaar onderskeidelik). Sy broer woon in Port Elizabeth, terwyl sy suster saam met haar gesin in Tshwane woon. Tebogo woon saam met sy ouers in "R-Ridge" ('n welgestelde sekuriteitskompleks in die omgewing). Sy vader is 'n prokureur en sy moeder 'n tuisteskepper.

Volgens Tebogo is sy huistaal Sotho, *maar ek ken nie my huistaal so goed nie, so ek praat met my ma-hulle Engels*. Tebogo het aangedui dat die wit, Afrikaanse laerskool wat hy bygewoon het, die *naaste* aan die gesin se woning was. Aangesien hy *toe alles in Afrikaans gehad het*, het hy besluit om ook na 'n Afrikaanse hoërskool te gaan. Volgens Tebogo is die skool *'okay'* en het hy nie *regtig 'n probleem met iemand nie*.

6.3.3.2 Deelnemers se belewenis van 'n wit skoolkonteks

Uit die fokusgroep- én individuele onderhoude het dit onteenseglik geblyk dat die deelnemers se belewenis van hul skoolkonteks onlosmaaklik verbind is aan, en beïnvloed word deur die rassisme waaraan hulle in die skool blootgestel word. Derhalwe gaan “rassisme” nie (soos by die bespreking van Hoërskool A) onder “portuurgroepverhoudings” bespreek word nie, maar gaan dit as deel van die deelnemers se belewenis van hul skoolkonteks ondersoek word. Die taalprobleme wat die deelnemers in die skool ondervind, gaan egter eers vermeld word.

i. Taal

Al die deelnemers het aangedui dat Afrikaans as onderrigtaal nie vir hulle 'n 'issue' is nie, aangesien hulle *al gewoon* is daaraan. Uit my onderhoude met die onderwysers het dit egter geblyk dat die meeste deelnemers (in 'n mindere of meerdere mate) tóg probleme daarmee ondervind.

Volgens James se Afrikaans-onderwyseres *sukkel hy byvoorbeeld bietjie met die Afrikaans ... soos sy sinsbou ... en ... soos as hy “want” moet skryf, sal hy “vant” skryf. Hy sal 'n “v” in plaas van 'n “w” skryf ... maar uh ... jy kan verstaan wat hy skryf ...* James het ook aangedui dat hy *alles verstaan*, maar dat sy *mondellinge soms 'n probleem is, aangesien hy nie Standaardafrikaans praat nie.*

Tebogo se Afrikaans-onderwyseres het aangedui dat sy Afrikaans *definitief nie sleg is nie*, maar volgens haar *maak (hy) maar 'n bietjie spelfoute ... sinsboufoute ... sy woordeskat is nie altyd 100% op standaard nie.* Sy Natuurwetenskappe-onderwyseres was van mening dat hy *sleg doen*, *want dit lyk nie of hy die goed verstaan nie ... As jy kyk hoe hy die vrae antwoord ... dit lyk of hy nie 'n 'clue' het wat die vraag was nie. Hy antwoord iets hééltemal anders as wat gevra is.*

Volgens Rosy se Afrikaans-onderwyseres is haar spelling *verskriklik swak*:

Sy skryf soos baie Engels. Sy sal soos “sal” en “wil” ... sal sy met twee l'e skryf ... maar sy haal darem die “h” uit, want sy weet die “h” is nie in Afrikaans nie. Sy skryf snaaks, sy spel snaaks ... en sy maak baie grammatikale foute. Sy kan byvoorbeeld glad nie 'n opstel skryf nie. Sy pas geen Afrikaanse reëls toe nie. Soos by ontkenning, sit sy nie die dubbel-nie in nie ... soos “ek sal nie gaan ... nié”. Sy kan nie skryf nie.

Rosy se Engels-onderwyseres was ook van mening dat haar **taalvaardigheid nie altyd op standaard is nie**. Khulile se onderwysers het ook aangedui dat haar **skryfvermoë nie wonderlik is nie** en dat sy **sukkel om haarself uit te druk ... maar verbaal doen sy goed. Dis net partykeer skriftelik ... wat sy nie 'n idee het nie**.

ii. Rassisme

Die onderhoude met die deelnemers (veral gedurende die fokusgroepsessies) is deur hulle blootstelling aan rassisme oorskadu en die ware omvang daarvan kan nie in hierdie skrywe uitgebeeld word nie. Ek gaan nietemin poog om vir die leser 'n blik te gee op die rassisme, diskriminasie en vooroordeel waaraan die deelnemers (tot 'n mindere of meerdere mate) in Hoërskool B blootgestel word.

Sasha het byvoorbeeld aangedui dat sy **baie lief (is) vir die skool**, maar partykeer is dit baie moeilik, want ons is soos baie minder ... anderkleur-mense teenoor die ander ... en **daar's baie kinders wat rassisties is by die skool. Nie almal van hulle is nie, maar van hulle ... meeste van hulle is rassisties ...** Sy was van mening dat die wit leerders nie *rêrig aanvaar dat daar 'n ander tipe kleur ... of kultuur in die skool is* nie. Alhoewel die skool volgens Alfred **fantasties** is en dit geblyk het dat hy deur sy wit portuurgroep "aanvaar" word, het hy aangedui dat hy steeds beledigings soos die volgende moet aanhoor: **"Praat met jou nasie, ou"**, of **"die meeste swartes is skelms"**, of soos die geval was voor die verkiesing: **"Kyk nou weer vir wie stem julle mense, Alfred ... en kyk waar gaan julle opeindig ..."**

Alhoewel Khulile Hoërskool B as 'n **regte skool** (vir haar) bestempel het, som sy *die ding wat moeilik is vir (hul) in 'n wit skool soos volg op:*

As jy in 'n wit skool is ... dan sien mense jou anders ... nie soos hulle nie, want jy's 'n ander ... kléúr ... nie soos hulle nie. Hulle sien jou soos 'n ... miskien 'n monster of iets ... want ek verstaan nie hoekom is hulle soos in ... téén jou, nie mét jou nie, want jy't net ... dieselfde bloed – nie 'n ander kleur nie, maar hulle probeer jou net ... neer ... neerdruk, dat jy miskien sleg voel ... dat jy miskien net uit die skool uit gaan ... of net iets slegs aan hulle doen ... So, ja ... Dit is iets wat hulle probeer doen ...

Dit het geblyk dat rassistiese opmerkings dikwels ook direk aan die deelnemers toegesnou word. Volgens Tebogo maak die kinders in sy klas byvoorbeeld gereeld *grappies ... soos ... 'n ou sê: "Hulle is houtkoppe"*. Hy het aangedui dat hy graag na *R-High* toe wil gaan, want *daar's nie eintlik rassisme in daai skool nie* en **om sulke goed te hoor, is nie lekker nie**. Rosy het vertel van **verskeie insidente waar hulle haar 'n "meid" genoem het of in haar teenwoordigheid van "kaffers" gepraat het** en aangedui dat dit haar **vreeslik seermaak**.



Volgens James **'like' hy die skool**, want die *kinders is nie meer so rassisties teenoor my nie*. Hy het egter gemeld dat **sommige kinders (steeds) gerééld swart 'jokes' in die klas maak**. Hy het ook vertel van 'n insident vroeër in sy skoolloopbaan (*voordat hulle my nou geken het*) waar 'n wit meisie hom **sommer drie keer 'n "kaffer" genoem het**. Volgens die deelnemers moet hulle gereeld hoor dat **hierdie nie Soweto is nie**, of dat Hoërskool B **'n wit skool is waar mens nie so raas nie**, of dat **hulle moet teruggaan 'township' toe**.

Dit het egter geblyk dat die rassisme nie slegs tot rassistiese opmerkings beperk is nie, maar diskriminasie en vooroordeel insluit. Die deelnemers het byvoorbeeld aangedui dat hulle dikwels **onregverdig behandel word**, soos Khulile dit stel:

Soos in ... ek sal sê ... "kan ons asseblief 'n sokkerspan hê?" ... want ... baie van my kleur kinders wil sokker speel ... dan sal ons nou miskien ... soos James gesê het ... praat met die meneer ... dan sê hy nou ... "ons het nie baie geld vir ... julle nie", maar ... miskien een van die wit kinders kom en sê "ons wil 'n nuwe ding hê", dan sal hulle sê "okay", julle mag dit hê ... wanneer wil julle dit hê?" Hulle behoeftes is voor ons s'n gesit ... dis hoekom ons so sleg voel.

Wat vooroordeel betref, het Rosy vertel dat sy **heelyd gevolg is** (toe sy in die snoepie gewerk het) ... *En die kinders ... hulle wil nie aan jou raak nie ... Raak jy net soos per ongeluk aan die kind ... dan vee hulle af* (demonstreer asof sy iets vuils van haar afvee). Alfred het aangetoon dat hy sy selfoon verloor het en toe kantoor toe is om dit te laat afkondig. Volgens hom **het hulle nou nog nie 'n afkondiging gemaak nie**. James aan die ander kant het aangedui dat hy twee keer vals beskuldig is van diefstal – een keer toe hy in die snoepie gewerk het in graad 10 (*die oom het gesê hy weet dis nie ék nie ... maar die tannie het rêrig áangedring dis ... die andergekleurde wat hier werk*) en in graad 9 toe een van die leerders in sy klas se selfoon gesteel is:

Maar niemand het my nou daai tyd geken nie ... soos ek sal nou nie iets steel nie ... En meneer S kyk toe vir my ... hy ... en toe éers voordat hy soek ... toe sê ek ... maar ek het gesweer voor die hele kinders ... ek sê toe ... "as een van hulle" ... toe vloek ek ... en ek vloek sommer "jou ma se mmm" ... "daai ding in my sak gesit het ... 'Trust' my, die hel gaan los wees ... as dit hier in is ..." Ek sê toe: "Meneer ... een van hulle ... ás dit in my tas is, het een van hulle dit daar ingesit". Meneer kyk so, hy sê: "So James, jy't dit nie gevat nie?" Ek sê toe: "Ek sê mos vir Meneer ... een van hulle het dit in my tas gesit ... en gedink dis 'n 'joke' ... en as ek nou beskuldig word van diefstal ... wat ek nie gedoen het nie ... 'trust' my Meneer"... Maar ... hy kyk toe ... en hy kry my foon ... en ek sê toe dis my foon ... en hy sê toe "kan ek seker maak?" En toe bel hy die eerste nommer wat hy kry ... en toe vra hy vir die persoon: "Wie se nommer is dit dié?" Toe sê die ou: "Dis James se nommer" en al sulke goeters ... en hy los toe vir my ... en hy soek toe vir almal anders. En toe's dit al die tyd 'n klein, wit outjie ... so rooikop ... hýt die selfoon gesteel ... Maar hulle het nie eers vir my gesê: "Ekskuus tog dat ons jou verdink het nie" ... Hulle het net aangegaan ... asof dit nooit bestaan nie ...

Alhoewel dit voorgekom het of die meeste onderwysers die swart leerders dieselfde as die wit leerders behandel, het dit geblyk dat sommige onderwysers wél rassisties teenoor eersgenoemde is. Een van die onderwysers het byvoorbeeld na Khulile se **kroeshare** verwys, terwyl 'n ander (op die navraag of die skool met 'n sokkerspan kan begin) gesê het dat **sokker die verkeerde mense sal lok**. Volgens Rosy 'pretend' van die onderwysers om *nie rassisties te wees nie ... maar soos partykeer sal hulle jou anderste 'treat' as die ander kinders ..* Dit het egter geblyk dat die ongeërgdheid van baie onderwysers (soos waarvan James melding gemaak het) en hulle versuim om teen rassisme op te tree, 'n groter probleem vir die deelnemers is.

- Versuim om teen rassisme op te tree

Al die deelnemers het aangedui dat heelwat onderwysers (en lede van die skoolbestuur) versuim om teen rassisme op te tree. Volgens James word hulle gereeld **aangemoedig om dit net te los**. Nadat die wit meisie hom byvoorbeeld 'n "kaffer" genoem het, het die betrokke onderwyser voor wie se klas die insident plaasgevind het hom **aangerai om nou nie 'n saak daarvan (te) maak nie ... ons wil nie hê dit moet nou verder gaan nie**. Toe sy moeder die saak verder wou voer, het James haar afgerai, *want ek is te lief vir die skool ... en dan dink ek ... nou waarnatoe gaan ek?* (Hy het dus die persepsie dat die skool eerder teen hóm sou optree).

Volgens Rosy het sy en haar vriendinne op 'n stadium 'n klag by die polisie gaan indien na 'n *bakleiry met van die wit kinders*, **want daar't woorde gevlieg soos "kaffer" ... "meid" ... vir ons nou ... toe baklei ons klaar ... toe gaan ons nou kantoor toe ... toe was dit niks nie**. Volgens haar is daar **nooit teen die wit kinders wat die rassistiese opmerkings gemaak het, opgetree nie en het die owerhede ook nie (soos wat met die polisiebeampte ooreengekom is) met die res van die skool oor rassisme gepraat nie**.

Volgens Tebogo word daar gereeld vir hom gesê om **dit nie kop toe te vat** wanneer wit leerders in sy klas van "houtkoppe" praat nie. Sasha het aangedui dat sy ook *maar begin baklei* (het) **omdat die onderwysers niks aan die rassistiese kinders doen nie**. Die skool se versuim om teen rassisme op te tree, word goed deur Khulile opgesom:

As iemand jou slegsê sal ... as jy kantoor toe gaan ... dan sê hulle "los dit, ons sal seker maak hulle doen dit nie weer nie", maar dan doen hulle niks daarna nie ... Soos dan ... as jy nou klas toe gaan, dan gaan hulle niks daaraan doen ... dan gaan hulle net sê vir die persoon ... "moet dit nie weer doen", dan los hulle dit net ... dan



doen hulle niks verder nie. Partykeer dan 'love' ek die skool en partykeer dan háát ek die skool!

Dit het geblyk dat hierdie versuim om teen rassisme op te tree, die deelnemers magteloos laat en dikwels tot omgekeerde rassisme lei.

- Omgekeerde rassisme

Volgens Rosy is hulle *nie éérste rassisties nie ... want daar is in elk geval nie baie woorde wat jy vir 'n wit persoon kan sê nie ... en soos die woorde ... vir wit mense ... in ons taal ... as jy dit vir hulle gaan sê ... hulle gaan dit nie eers verstaan nie ...* Sasha het aangedui:

As iemand nou teenoor my gaan rassisties wees, sal ek nou nie teenoor hom ... wel, dit hang af hoe ek daai dag voel ... As ek rêrig nié in 'n goeie bui is nie, sal ek ... seker iets opmaak om te sê, want daar's nie soveel ... daar is nie baie woorde wat ek aan kan dink nie ...

James het sy (en 'n bruin vriendin se) reaksie op die rassistiese opmerking wat deur die wit meisie gemaak is, soos volg verduidelik:

Toe sê Amy vir my: "James, ek weet jy baklei nie, maar kom ons gaan ... ons gaan hierdie meisie 'uitsort". Toe's ek ... "okay" ... toe gaan ons buitentoe ... en toe gaan skel ons vir haar erg uit ... En ek en Amy ... ons noem toe elke wit ding wat ons ken wat rassisties is ... Maar dis niks teen wat sy vir ons sê nie ... as sy nou sê "ka-a-fer" ... ons wat vir haar nou sê maar "boer" genoem het ... "boer sonder 'n plaas" ... is nou nie eers vir my rassisties nie ... want boer ... "julle is nou witmense wat sonder 'n plaas hierso sit "... Toe wil hulle nou vir my ... hulle haal vir ons uit!

Behalwe vir die omgekeerde rassisme (in reaksie op wit individue se rassistiese opmerkings) het dit geblyk dat rassisme 'n groot rol in die deelnemers se (dikwels gebrekkige) emosionele beheer speel.

- Woede as gevolg van rassisme

Al die deelnemers het aangedui dat die rassisme wat hulle by die skool verduur hulle *baie kwaad maak. Dis partykeer moeilik, maar ... ons leer om saam te werk ... en onself te kalm ... meeste van die tyd ... Ek weet ons word almal baie kwaad ... Ons word baie kwaad ...* (Sasha).

Dit het egter geblyk dat die wyse waarop die deelnemers hierdie gevoelens hanteer en uitdruk, verskil. Laasgenoemde gaan later in die hoofstuk as deel van die deelnemers se EI-

profiel (onder die subskaal Streshantering) ondersoek word. Al die deelnemers was dit egter eens dat hulle moet *inpas om konflik te vermy*.

iii. Konformering tot die wit kultuur

Al die deelnemers (behalwe James wat in 'n dubbelmedium-laerskool was) het wit, Afrikaanse laerskole bygewoon en het aangedui dat hulle *al gewoon is aan hoe die Afrikaanse mense dinge doen* (Alfred). Almal (behalwe Alfred) het egter aangedui dat hulle *twee verskillende mense is ... een by die skool en een by die huis*. Volgens Alfred is hy nie noodwendig 'n ander mens by die skool nie, maar weet (hy) *net wat om te doen om by die Westerse kultuur in te pas*. Soos hy dit stel:

In die lewe is daar dinge wat jy kán verander ... en dan's daar goed wat jǒú verander. By die skool ... het jou ouers sekere verwagtinge van jou, so jy moet 'n ander ... jy moet 'n ander méns wees ... by die skool. Ek sê nie by die huis moet jy nie ordentlik wees en sulke goed nie, maar ... by die skool moet jy 'n ordéntlike mens wees ... want dis ... dít gaan jou toekoms bepaal ... By die huis kan jy ... maar by die werksplek moet jy netjies aangetrek wees ... nie 'jeans' en tekkies ... 'n das en sulke goed ... So, die res van ons lewens ... die res van ons lewens gaan dit so wees ...

Volgens Alfred vind hy dit egter steeds *baie moeilik*:

... want nou moet ek "wit"-ordentlik wees, want in ... swartmense ... soos jy móét 'n ouer persoon ... moet jy groet, soos: "Hoe gaan dit? ... ja ... ja". Maar ... in wit moet jy naby kom, dan moet jy sê: "Hoe gaan dit Tannie? ... goed dankie ... bla bla bla". Nou moet ek so 'switch', 'switch' ... want dan moet ek nou hierso soos (praat kamma sag) "hello Tannie" ... dan moet jy naby praat ... As ek by die huis is, skree ek vir die tannie ...

Alhoewel *alles* (volgens Tebogo) *omtrent dieselfde by die huis is*, blyk hierdie oënskylnlike kultuurverskil ook vir Tebogo 'n uitdaging te wees:

Soos by die huis is dit van ... soos as jy 'n grootmens groet, dan kan jy net sê "hoe gaan dit Ma?" ... Dan werk jy van die ander kant af. Dan moet jy nou vriendelik wees en als. So, as jy nou met die juffrou gaan praat ... dan's dit van "hoe gaan dit met Juffrou" ensovoorts ...

Volgens Rosy is die kultuur by die skool en by die huis *heeltemal anders*:

Wanneer ek nou huis toe gaan ... en dan word daar niks Afrikaans of iets gepraat nie ... niks Engels nie ... niks musiek wat ek hier by die skool luister nie ... Ja ... en die goed wat ons doen om 'fun' te hê ... dis nie dieselfde nie ... as my wit maatjies in hierdie skool nie ... Soos as ons uitgaan ... die klubs ... en die ... 'taverns' ... noem hulle dit nou ... Ja, dis anders ... En die speletjies wat ons speel, soos toe ek in die laerskool was ... soos hier sal ons speel met 'toys' en ons sal uitgaan êrens ... Daar is dit 'totally' anders, ons doen ander goeters ... soos in die rivier speel en ... berg toe gaan ... hout gaan haal ... ons doen sulke goeters. En as ék daar kom, dan doen ek nie sulke goed nie ... dan sê hulle ek is "wit" ... by die huis ... want ek's nie gewoon



aan al daai goed nie ... Die ding is ... ek praat Afrikaans ... meer as my eie taal ... ek kan nie eers my eie taal skryf nie, ek probeer, maar ... En omdat ek in Afrikaans my 'education' kry, sal hulle vir my sê ek hou myself Wit omdat ek in 'n wit skool is ... in die 'suburbs' bly ... is jy 'n 'coconut'.

Volgens haar is daar *selfs van die wit kinders wat dink ek hou myself wit ook nog ...* Sy kan dit egter verstaan, *want ons doen alles wat die witmense by die skool sê. Die musiek wat speel ... dan gaan ons maar net saam ... 'Even' die sokkies partykeer ... hulle speel nie eers onse mense se musiek nie ... nie eers een liedjie nie!* Rosy verduidelik verder: *Want as jy nou hier is ... dan moet jy nou wit lyk ... Partykeer as ons in wit skole is ... is dit die 'influence' van die ander wit kinders ... dan 'change' ons ... dan leef ons al soos hulle ...* James som dit goed op:

Één van hulle móét aanpas by die skool ... en die ander een van hulle ... is by die huis! Normale James, normale Rosy, normale Sasha, normale Khulile, normale Tebogo, normale ... Alfred! Ons almal ... as jy by die skool kom, dan't jy sê nou maar 'n masker op en is jy iemand anderste ... 'pretend' om iemand anders te wees ... die "ander" jousef ... die een wat máák dat jy inpas ...

Khulile stem saam met James en voer in hierdie verband aan:

Ek moet ook probeer aanpas en ... doen wat hulle doen ... en sê wat hulle sê ... en ... ja ... en praat hoe hulle praat en nie ... my eie kultuur insluit nie ... Soos in ... eers by die huis ... jy dra nou jou swart 'mask' aan ... jy's nou Khulile, jy praat nou Sotho ... jy's nou 'outgoing' ... Maar as jy hiér is ... jy't nog steeds 'n swart 'mask' aan, maar jy moet 'n wit een ook aantrek, want jy's nou in (Hoërskool) B ... jy moet wees hoe hulle is ...

Volgens Sasha verskil haar eie en die wit kultuur *nie veel nie*, maar sy het nogtans aangedui dat sy *nou nie so mal kan gaan by die skool nie*. Volgens James *gaan dit* (egter) *nie oor die 'colour' nie, dit gaan oor die skool* en hy is van mening dat die deelnemers daarom *moet aanvaar* dat hulle kultuur nie in die skool geakkommodeer word nie, *want ek sien dit nou oral ... waar die meerderheid van die mense is ... pas die minderheid aan*. Voorgenoemde bespreking laat mens onwillekeurig wonder hoe die deelnemers te werk gaan om hul eie identiteit binne die skoolkonteks te onderhandel.

6.3.3.3 Onderhandeling van swart identiteit binne 'n wit skoolkonteks

i. Sterk ras-etniese identiteit van die deelnemers

Ten spyte van die uitdagings wat die deelnemers binne 'n wit skoolkonteks moet hanteer, het hulle almal aangedui dat hulle steeds *trots is* op hulle ras en kultuur, *al kry* (hulle) – soos Alfred dit stel – *nie altyd die geleentheid om dit uit te leef nie*.



- Alfred

Volgens Alfred is hy *baie trots op die feit dat hy amper al die swart tale praat en hy het aangedui dat hy steeds die inisiasieskool bygewoon het, al moes (hy) 'n belangrike rugby-'game' mis. Sy onderwysers was ook van mening dat hy vreeslik trots is op sy eie ras en dat hy baie probeer vasklou aan sy eie kultuur.* Dit het uit my gesprekke met die onderwysers geblyk dat Alfred openlik in opstand teen rassisme kom:

Permanent wil hy gesprekke hê met my oor ... rassisme ... en ... jy weet, oor die swartmense wat benadeel word en al daai goeters ... en hoe ... hoe hulle bevoordeel moet word nou ... en hoe dit nie gebeur nie ... (sy Sosiale Wetenskappe-onderwyser)

Volgens sy Lewensoriëntering-onderwyseres is hy *gedurig besig om (haar) te 'challenge':*

Soos ... ons het daai gedoen van ... geslagsrolle ... dan sal hy ... hy staan baie sterk op vir ... mánlike ... leierskap in 'n gesin ... Ek dink dis maar sy kultuur ook. Dis hoe ek dit ervaar ... hulle kultuur. Die man is meer alles dáár ... en die vrou moet die kinders grootmaak. Ek dink dis hoekom dit dalk so is.

- James

Volgens James *'like' hy sy 'coloured hair' en het hy nog nooit gedink ... ek wens ek is 'n witman nie.* Hy het aangevoer dat *'coloureds' eintlik ook baie rassisties is ... maar ons is rassisties teenoor die wit, teenoor die swart ... en ons hou net van onse eie nasie!* Volgens James was hy in die laerskool (wat uit 'n meerderheid swart kinders bestaan het) ook *nie swart nie ... dis net ... jy wil nie 'n ander kleur wees nie ... jy pas maar net in.*

James het aangedui dat hy ook *"coloureds coloureds coloureds"* (skree kamma uit asof hy in opstand kom) was toe hy in Hoërskool B gekom het, maar dat hy *agtergekom het dit help nie.* Hy was van mening dat die *ander* (swart en bruin leerders) *net bietjie moet leer ... die wêreld is beter as jy inpas.* Dit stem ooreen met wat sy Afrikaans-onderwyser oor hom vertel het:

In die begin ... was hy baie rassisties. Hy wou alles terugtrek na ... o, ek sê dit of ek doen dit omdat hy swart is. Maar dit was omtrent graad 10 Toe't ek ervaar dat hy baie rassisties is, maar deesdae doen hy dit nie meer nie ... glad nie. Dis asof hy heeltemal daardie ding van "julle is wit en ons is swart" ... dat hy dit heeltemal gelos het.

- Tebogo

Alhoewel Tebogo (soos voorheen vermeld) erken het dat hy *twee Tebogo's is – een by die huis en een by die skool* – het hy aangedui dat hy *meer hou van die swart Tebogo, want ek voel nog steeds trots op watse ras ek is* . Alhoewel hy aangedui het dat hy *iemand sal slaan* wat rassisties teenoor hom is, het dit geblyk dat hy nog nie gepoog het om rassisme in die skool direk uit te daag nie. Volgens sy onderwysers *onttrek* hy wanneer daar rassekonflik in die klas is, soos een onderwyseres vertel:

Daar was (byvoorbeeld) verlede jaar 'n uitval van wit kinders wat swart meisies name toegesnou het. Hy raak nie betrokke nie. Hy bly net stil. Hy bly net eenkant en hy doen sy ding. Hy raak net nie betrokke nie ...

- Khulile

Khulile het aangedui dat sy *weer as Khulile gebore wou word ... want ek hou van hoe ek is* . Alhoewel dit geblyk het dat sy (soos Tebogo) nog nie probeer het om rassisme in die skool direk uit te daag nie, het sy haar ontevredenheid met die wit leerders uitgespreek:

Want dit maak my eintlik seer om te sien ... ons probeer aanpas ... aan die ... wit gemeente ... maar hulle probeer nie aanpas aan óns nie ... Want ons probeer so hard om hiér te wees ... en te verstaan ... waarvandaan hulle kom ... dat van hulle nie sulke slegte mense is nie, maar ... hulle probeer nie verstaan dat ván ons nie sulke slegte mense is nie ... Ons voel ... dat ... hulle wil nog steeds hê apartheid ... dit moet nog steeds aangaan ... dat hulle ons nog steeds moet seermaak en dat ons ... soos voel dat ons niks werd is nie ... dat hulle eintlik daar bo is ... dat hulle eintlik meer mág het teen ons ...

- Rosy

Volgens Rosy *sal mens (wanneer sy in vakansies by die huis is) nie eers dink ek is in 'n wit skool nie* . Volgens haar *you can get the Black out of the township, but you can't get the township out of the Black* '. Toe die deelnemers gedurende een van die fokusgroepsessies vir hiérdie opmerking gelag het, het sy aangedui: *Julle weet dis waar ... dis rêrig waar* . Rosy se onderwysers het saamgestem dat sy oor 'n sterk rasidentiteit beskik. Een van haar onderwysers het byvoorbeeld aangedui dat sy *baie sterk vir haar eie ras (teen enige ander velkleur – selfs die kleurlinge) opstaan* , terwyl 'n ander onderwyser Rosy se oënskylike gebrek aan motivering om akademies te presteer soos volg verduidelik het:

Sy's baie ... tradisioneel. As haar pa vir haar sê sy moet een of ander tradisionele ding gaan bywoon in Kenia ... dan klim sy op 'n vliegtuig en dan gaan doen sy dit. Haar ... haar geskiiedenis ... is vir haar belangriker as wat haar opvoeding nou vir



haar is. Sy sal eerder haar tradisies opskerp en haar ... jy weet ... as wat sy haar skoolwerk sal doen.

Volgens Rosy se Toerisme-onderwyseres:

... stel sy nogal bietjie belang as ons oor 'BEE' en daai goed praat. Sy's nogal trots op haar kultuur ... sy wil altyd vir die ander kinders vertel ... maar hulle doen dit nou só ... en dis die rede ... Dis eintlik ál wanneer sy belangstel ... as ons kulture doen, of so ...

Volgens Rosy het sy op 'n stadium baie erg teen rassisme opgestaan (terwyl haar swart vriende nog in die skool was): Daar was báie bakleiery! Yo ... daar was báie ... en soos die hele ding toe ons polisiestasie toe was ... Ek was soos erg daai tyd ... ek sou dit soos koerant toe gevat het. Alhoewel sy aangedui het dat sy nou baie rustiger is, voel sy steeds benadeel en toon die behoefte om rassisme uit te daag:

Ek wonder wat sal gebeur as ons nou 'revenge pay' ... want óns mense ... ons swartmense ... hulle is so ... 'accepting'! Ons sal ... hulle sê vir 'n wit vrou "madam" en so aan ... As 'n wit kind nou vir jou sê jy's 'n "kaffer" ... Weet jy wat? Party van hulle los dit net! Ons is te 'accepting' ... ons is maar net ... 'taking along' ... dit is hoekom die mense ... hulle trap op ons koppe!

- Sasha

Sasha het aangedui dat sy doodtevrede met haar ras is. Haar Afrikaans-onderwyseres was ook van mening dat haar ras nie vir haar 'n probleem is nie ... miskien omdat sy so 'n móóí meisietjie is. Volgens Sasha het sy gereeld (oor rassisme) baklei ... want niemand anders doen iets daaraan nie. Sy het egter baie begrip vir die wit leerders getoon:

Ek verstaan partykeer hoekom hulle rassisties is ... want hulle ... hulle leer dit by hulle ouers ... wat ek nou die dag gesê het ... hulle het nie in apartheid gelewe nie, ons ook nie ... maar hulle ouers het hulle so geleer.

Sasha het aangedui dat sy alle mense as dieselfde beskou:

Ons is almal dieselfde – dis net 'n mens. So ... en ons almal is deur een God gemaak... En dis vir my lekker om tussen 'n klompie ander kulture te wees ... en ander mense te sien hoe hulle sulke goed doen ... en ... en dis vir my lekker om ... vriende te wees met ... klomp ander mense ... Ja, dis vir my baie lekker!

6.3.3.4 Portuurgroepverhoudings

Volgens die deelnemers staan omtrent al die swart kinders voorskool en pouses by "die boom". Hulle het verduidelik dat nuwe swart leerders wat in die skool kom, "uitgenooi" word om deel te wees van die boom. Al die deelnemers, behalwe Alfred, het sodanige uitnodiging ontvang (volgens Rosy was Alfred van die begin af te wit en is hy daarom nie uitgenooi nie).

Volgens Khulile en Tebogo het hulle wit vriende *in die klas*, maar hulle het aangedui dat hul *meestal by die boom is*. Alhoewel Rosy aanvanklik gesê het dat sy *omtrent nét wit 'tjommies'* het, het dit uit die individuele onderhoud (met haar én haar onderwysers) geblyk dat haar vriendskap met die wit leerders ook tot die klaskamer beperk is en dat *sy nou meer met die swart kinders is wat jonger is* (vandat haar *swart groepie* uit die skool is).

Volgens Alfred was die *boom-idee van die begin af 'stupid', want kyk hierso ... wat gaan dit jou help om jouself te skei van wit mense ... in 'n wit skool?!* Hy het aangedui dat hy in die verlede *by die wit kinders gestaan het ... maar nou het ek soos ... die swart ouens ingetrek ... by die wit groep*. James het ook aangedui dat hy *lankal nie meer deel is van die boom nie*. Volgens Sasha het sy vriende *van al die kleure*, maar sy noem dat haar *beste vriendinne die kleurlingmeisies is* en dat sy ook *baie by die boom is*.

Die temas wat uit die semi-gestruktureerde onderhoud met die deelnemers en onderwysers van Hoërskool B na vore getree het, kan in tabel 6.20 opgesom word:

Tabel 6.20 Betekenistabel: Algemene temas – Hoërskool B (wit skoolkonteks)

Temas	Khulile	Rosy	Sasha	Alfred	James	Tebogo
Belewenis van die skoolkonteks						
Positiewe belewenis van die skool	*	*	*	*	*	
Taalprobleme	*****	***			**	***
Rassisme/vooroordeel	***** ****	***** *****	***** **	***** **	***** *	***
Pyn weens rassisme	**	**				*
Omgekeerde rassisme		*	*		*	
Versuim om teen rassisme op te tree/Onregverdigheid	***	****	**	*	***	**
Woede (lae impulsbeheer) weens rassisme	*	***** ****	****	**	***	*
Konformering tot die wit kultuur	***** **	***** ***	*	***** ***	***** *****	***
Identiteitsontwikkeling						
Sterk ras-etniese identiteit	**	***** ***	*****	*****	***	***
Opstand teen rassisme		***** **	*	***	*	
Aanvaarding van alle rasse-groepe			*			
Portuurgroepverhoudings						
Samehorigheid van die swart leerders	**	**	*			*

	Khulile	Rosy	Sasha	Alfred	James	Tebogo
Onverdraagsaamheid van die wit leerders (teenoor die swart kultuur)	*	*	*	*		

6.3.2.5 Die verband tussen EI en deelnemers se aanpassing en funksionering in 'n wit skoolkonteks

Die verband tussen hierdie deelnemers se EI en hul aanpassing en funksionering in Hoërskool B gaan op dieselfde wyse as Hoërskool A se deelnemers ondersoek word.

i. Leerder A: Khulile

Khulile se EI-profiel sien soos volg daar uit:

EI-komponent	Telling
Intrapersoonlik	98
Interpersoonlik	106
Streshantering	99
Aanpasbaarheid	97
Algemene Gemoedstoestand	99
Totale EK	99

Khulile (graad 10) se akademiese rekord vir die Eerste Kwartaal (2009) sien soos volg daar uit:

Vak	Gemiddeld	Graadgemiddeld
Afrikaans Amptelike Huistaal	40	60
Engels Eerste Addisionele Taal	53	65
Wiskundige Geletterdheid	34	57
Lewensoriëntering	40	70
Gasvryheidstudies	46	57
Rekenaartoepassingstegnologie	39	61
Besigheidstudies	48	58
Gemiddeld	43 (Slaag)	
Dissiplinêre punt	+20	
Dae afwesig	0	



- Bespreking: Khulile

Khulile het baie stil tydens die fokusgroeponderhoude voorgekom – sy het net saam gesels wanneer ek spesifiek ’n vraag aan haar gestel het. Sy het gemakliker gedurende die individuele onderhoude gekommunikeer, alhoewel ek die indruk gekry het dat sy soms gesukkel het om haarself verbaal uit te druk.

Volgens Khulile kom sy goed met haar portuurgroep (swart én wit) oor die weg, maar sy (en haar onderwysers) het aangedui (soos vroeër vermeld) dat sy eintlik net swart vriende het. Volgens haar is hulle baie gawe mense ... hulle verstaan my en ... ek verstaan hulle ... ons kommunikeer baie met mekaar en ... ons bel mekaar nou en dan ... as ons nie so baie huiswerk of take het nie ... Sy het aangedui dat sy vinnig nuwe vriende maak en dit het geblyk dat interpersoonlike verhoudings vir haar baie belangrik is:

Wanneer iemand ’n probleem het met my sal ek met die persoon praat ... ek sal probeer uitvind hóekom is daai persoon so met my ... Ek sal probeer iets uitvind oor myself ... of ek ’nasty’ was met daai persoon, of ek net van ... ongeskik was met daai persoon.

Dit het ook geblyk dat Khulile goed met haar onderwysers oor die weg kom (sy het hulle byvoorbeeld as wonderlik beskryf). Al haar onderwysers het aangedui dat sy baie ordentlik en respekvol teenoor hulle is en altyd haar werk doen.

Volgens Khulile vind sy dit maklik om haar emosies te kommunikeer aan mense wat nader aan (haar) is:

Ek sal dit vir my ma sê, ek sal dit vir my broer sê, my suster sê, maar ek sal dit nie sê vir mense wat ek dink hulle gaan vir ánder mense vertel nie.

Dit het veral geblyk dat sy dit moeilik vind om haar emosies by die skool te deel:

By die huis is ek ... die meisie wat altyd Sotho praat ... wat kommunikeer met my ma-hulle ... en wat alles net ... praat hoe ek voel ... en sê wat ek wil sê ... ek’s myself ... ek haal net alles uit wat ek wil, maar by die skool ... As ek hier by die skool is, dan moet ek ... hierdie stil meisie wees wat niks sê nie ... Ek’s teruggetrokke en alles, maar by die huis sê ek wat ek wil sê.

Volgens Khulile moet sy altyd sterk wees ... ek moenie mense wys dat ek swak is as hulle miskien my sleg gaan sê of iets nie ... ek moet net probeer aanpas aan (by) hulle. Khulile het juis die feit dat sy stil is, as haar “beste eienskap” aangedui, wat volgens haar impliseer dat sy goed in staat is om haar emosies (as ek kwaad word oor die rassistiese goed wat iemand sê) te beheer en nie probeer om bakleiery te aanval of goed nie. Dit het geblyk dat

sy van positiewe selfspraak gebruik maak om nie op rassistiese opmerkings te reageer (en haar emosies in hierdie verband te kommunikeer) nie:

Ek probeer eintlik die ander mense tóésluit ... so ... die wit kinders wat ... wat ek wéét ... hulle sál iets sleg teen jou sê ... hulle probeer jou net ... maar ore toemaak en sê “okay”, dis vandag ’n lekker dag en niémand gaan dit vir my ‘spoil’ nie”. Ek doen dit elke dag so, want ... dit help my meer dat ek net weet ‘okay’ ... waar ek elke dag soos in ... as ek op trappe afgaan sê “okay’ ... daai kind, ek weet hy’t ‘issues’ ... hy gaan iets sê” ... dat hy my gaan probeer afkraak ... dat ek nie altyd báng is vir mense nie ... dat ek net weet ‘okay’, ek gaan nou na my klas toe, dit gaan ‘okay’ wees ... Ek weet ... soos as ek kwaad is ... ek moet net nie ... aggressie ... in uitbeeld nie ... Ek moet dit net bietjie ... probeer beheer ... dan sal ek ‘fine’ wees.

Khulile het aangedui as ek bietjie voel ... partykeer as ek óór dit gaan ... partykeer dan kry ek té warm as ek bietjie kwaad is ... dan probeer ek bietjie asemhaal en net bietjie tel of ... dóén net iets of ... ek verbeel net iets gebeur ... dan miskien lág ek of doen iets ... Dit het verder geblyk dat sy hierdie emosies (wat deur rassisme veroorsaak is) by die huis (gaan) uithaal:

As ek miskien kwaad is, sal ek vir my ma-hulle sê ek voel so en so en so, maar ek wil nie hê dit moet weer met my gebeur nie ... Dan praat hulle met my, dan ... stuur hulle my kamer toe om bietjie ... meer te kalmeer ... en weer myself te wees ... dan’s ek weer stil.

Dit het egter geblyk dat Khulile (ten spyte van die rassisme) tevrede met die skool (soos reeds vermeld) én haarself is: *As ek in die spieël kyk, dan dink ek ... ek’s ‘proud’ hoe ek is ... Ek gaan nie dat iemand iets sê ‘otherwise’ hoe ek is nie ... ek wil net wees hoe ek is en niemand gaan my verkeerd bewys nie.* Sy het verder aangedui dat sy ’n *redelik optimistiese persoon is wat altyd die beste van ’n slegte saak probeer maak.* Volgens Khulile sal sy *gewoonlik hulp vra* wanneer sy ’n probleem het wat sy nie self kan oplos nie.

Die EI-temas wat op Khulile betrekking het, kan in tabel 6.21 opgesom word.

Tabel 6.21: Opsomming van EI-temas: Khulile

Temas	Fokus-groepe	Onderhoud(e): Individueel	Onderhoude: Onderwysers	Observasie/ Refleksie
INTRAPERSONLIK				
Kommunikeer emosies aan betekenisvolle ander	*	**		
Onderdruk emosies (wat deur rassisme veroorsaak word – hou ’n front voor)	*	*****		
INTERPERSONLIK				
Toereikende verhoudings met portuurgroep	*	*****	****	



Toereikende verhoudings met onderwysers	*	*	**	
Empatie		**		*
Behoefte aan aanvaarding	*	**	*	
STRESHANTERING				
Woede weens rassisme	*	*		
Hoë impulsbeheer	*	*****		
AANPASBAARHEID				
Redelike probleemoplossing		*		
ALGEMENE GEMOEDSTOESTAND				
Selftevredenheid		*		
Tevredenheid met die skool	*	*	*	
Positiewe selfspraak (selfmotivering)		**		
Pligsgetrouheid			***	
Optimisme		*		

ii. Leerder B: Rosy

Rosy se EI-profiel sien soos volg daar uit:

EI-komponent	Telling
Intrapersoonlik	91
Interpersoonlik	106
Streshantering	110
Aanpasbaarheid	113
Algemene Gemoedstoestand	108
Totale EK	108

Rosy (graad 12) se akademiese rekord vir die Eerste Kwartaal (2009) sien soos volg daar uit:

Vak	Gemiddeld	Graadgemiddeld
Afrikaans Amptelike Huistaal	41	64
Engels Eerste Addisionele Taal	49	69
Wiskundige Geletterdheid	38	67
Lewensoriëntering	60	82
Gasvryheidstudies	46	68
Rekenaartoeëpassingstegnologie	58	75
Besigheidstudies	50	71



Gemiddeld	49 (Slaag)	
Dissiplinêre punt	+80	
Dae afwesig	8	

- Bespreking: Rosy

Rosy het reeds na ons eerste ontmoeting (toe ek die doel en verloop van die studie aan die potensiële deelnemers verduidelik het) aangedui dat sy graag aan die studie wil deelneem, aangesien sy *baie stories het om (my) te vertel*. Sy het net een van die fokusgroepe bygewoon, maar baie driftig daaraan deelgeneem. Sy het voorgekom as iemand wat baie sterk vir haar eie ras opstaan en soos wat Khulile in die tweede fokusgroeponderhoud opgemerk het, het Rosy in 'n groot mate die ander deelnemers *opgestook* om hulle ware gevoelens rakende hul skoolkonteks te kommunikeer. Rosy het baie “rustiger” tydens die individuele onderhoude voorgekom, alhoewel sy steeds **gemaklik gesels** het.

Volgens Rosy ***'love' die kinders haar en selfs die wit kinders beskou my al as een van hulle.*** Sy het aangedui dat ***wanneer die swartmense nou nie daar is nie, sy die vrymoedigheid het om by haar wit vriendinne te gaan staan.*** Sy het haar ***verhoudings met ander mense as goed beskryf:***

Ek 'love' dit om ... ander mense te help ... as hulle met my praat oor hulle probleme ... soos om 'n 'solution' te kry en hulle te troos ... en goed soos dit. Ek's 'n goeie vriendin, want ek luister en ek gee baie goeie raad.

Sy het egter aangedui dat dit vir haar ***moeilik is om haar eie emosies te kommunikeer:***

Ek is nie eintlik so 'open' mens nie ... Ek praat nie baie oor 'feelings' nie ... Ek kan nie soos met iemand oor al my probleme praat nie, ek kan nêr vir my ma sê ... Dis die enigste mens in die hele wêreld ... Ja ... ek is maar net die tipe mens ... ek sal dit net inhou en stilbly, tot ek by die huis kom, dan bel ek my ma en dan huil ek en 'stuff' ... Ek kán nie ... al ... ek kan net nie!

Na haar sussie se dood was dit egter ook vir haar moeilik om met haar moeder hieroor te praat:

Ek hou dit in ... soos toe ek my sussie verloor het ... het ek nie met mense daaroor gepraat nie ... Ek het ook nie baie met my ma gepraat nie, want ek wil nie huil ... want dit pla haar ook verskriklik baie, want dis haar kind ... So, ek het maar net stilgebly ...

Volgens haar het sy toe ***maar net gesit en oor haar gehuil ... en gedink oor alles ... en dan gebid ... en dan word ek 'okay' ... want ek kan nie soos uit die huis uit praat nie ... want dis goed ... wat my seermaak en so aan ... en ek praat nie baie daaroor nie.***

Sy het dit ook as 'n rede aangevoer waarom sy in die verlede **so baie baklei het** ... omdat dit *het my seergemaak wat hulle gesê het*. Sy het die volgende insident (wat plaasgevind het toe sy in graad 9 was) as voorbeeld gebruik:

*Ons was op die pawiljoen ... en sy't soos 'n trappie agter my gesit ... En ek en my maatjie, Martie, praat die heelyd ... Toe sê hulle vir my ek moet stilbly, maar hulle sê niks vir haar nie ... 'Okay', nou bly ek stil, maar dan praat Martie die heelyd en sy sê niks nie, maar as ek iets sê ... dan sê sy ek moet stilbly ... En ... toe sit sy 'n klippie op my kop ... en **toe draai ek om en gooi haar ... so teen die oog** ... En toe klap sy my agter die kop ... so agter my kop ... toe draai ek om, **toe stamp ek haar** ... maar sy't gevloek ... ek's 'n "meid" en als, maar so hârd ... En soos die ouers en die onderwysers en die hoof ... het soos daar onder gesit en vir ons sanggroep-kinders gekyk, so dit was stil ... so almal kon dit gehoor het ... toe sy my gevloek het. En **toe't ek haar gestamp ... en toe was ek óp haar ... en toe moes die meneer ... en die VLR ... my kom afhaal van haar af**.*

Volgens Rosy is sy egter **baie beter hierdie jaar ... ek weet nou wanneer om stil te bly**. Sy het aangedui dat sy (vandat *die ander nie meer hier is nie*) **nie meer so erg is nie**:

Jy sou net iets vir my sê ... ek het altyd 'n 'comeback' gehad ... en ek sou nie stóp nie ... Nou sal ek miskien net een woordjie sê en dan sal ek dit los ... ja, dan sal ek omdraai en loop. Ek gaan nie as iemand nou net vir my iets sê somer net begin slaan nie. Want soos nou ... as iemand my nou stamp en so aan ... ek sal nie so erg reageer nie ... ek sal hulle net uitlos. Soos die outjie wat vir my gesê het ek's 'n "meid" ... ek het hom terug gevloek, maar ek het nie iets 'majors' gedoen nie ... ek het hom maar net gelos. Ja ... dit was seker my vriendinne wat gemaak het dat ek só was ...

Volgens Rosy **kan (sy) nie rêrig stres nie**: *Ek raak nie soos wat die ander kinders raak hier by die skool nie: "Oe, die skoolwerk is te veel!" Dit is vir my te veel en ... moeilik ... maar ek sal dit nie só erg vat nie ... Jy kom oor dit. Volgens haar sal sy so nou en dan 'n bietjie 'crack' oor Wiskunde, maar sy het aangedui **dat sy dit by die huis doen**. Rosy het egter, soos haar onderwysers, aangedui dat sy **niks rêrig in die klas doen nie**. Laasgenoemde het aangedui dat hulle **goed met haar oor die weg kom**, alhoewel hulle bekommerd is oor haar oënskynlike ongeërgdheid teenoor haar akademie. Volgens Rosy se onderwysers is sy **vreeslik baie afwesig** en gee sy baie van haar portefeulje-opdragte nie in nie.*

Rosy het aangedui dat sy **baie goed met probleemoplossing is**. Volgens haar sal sy **baie oor die probleem dink (selfs lysies van voor- en nadele maak)** totdat sy die **beste oplossing kry**. Sy het ook aangedui dat **sy maklik hulp sal vra (indien dit nie 'n persónlike probleem is nie)**. Volgens Rosy is sy **oor die algemeen 'happy'**, maar sy het aangedui dat haar suster se dood **dit miskien 'n bietjie beïnvloed**. Rosy het haarself verder as **baie optimisties** beskryf, maar

aangedui dat sy nie van haar 'body' hou nie (sy het egter beklemtoon dat sy *besig is om iets daaraan te doen*).

Die EI-temas wat op Rosy betrekking het, kan in tabel 6.22 opgesom word.

Tabel 6.22: Opsomming van EI-temas: Rosy

Temas	Fokus-groep	Onderhoud(e): Individueel	Onderhoude: Onderwysers	Observasie/ Refleksie
INTRAPERSONLIK				
Onderdrukking van emosies		*****		
INTERPERSONLIK				
Goeie kommunikasie-vaardighede	*	*	*	*
Toereikende verhoudings met (wit en swart) portuurgroep	*	****	*****	*
Toereikende verhoudings met onderwysers			***	
Empatie		**		
STRESHANTERING				
Woede (lae impulsbeheer) weens rassisme	*****	***	****	
Verbetering in impulsbeheer		*****	*	
Hoë strestoleransie (m.b.t. skoolwerk)		*		
AANPASBAARHEID				
Effektiewe probleemoplossing		*		
ALGEMENE GEMOEDSTOESTAND				
Tevredenheid met die skool		*		
Geluk		*		
Optimisme		*		
Ongeërgdheid teenoor akademie (gebrek aan motivering)		**	*****	
Ongemagtigde afwesighede			*****	
Ontevredenheid met haar fisiese voorkoms		**	*	

iii. Leerder C: Sasha

Sasha se EI-profiel sien soos volg daar uit:



El-komponent	Telling
Intrapersoonlik	94
Interpersoonlik	116
Streshantering	86
Aanpasbaarheid	101
Algemene Gemoedstoestand	108
Totale EK	97

Sasha (graad 11) se akademiese rekord vir die Eerste Kwartaal (2009) sien soos volg daar uit:

Vak	Gemiddeld	Graadgemiddeld
Afrikaans Amptelike Huistaal	50	60
Engels Eerste Addisionele Taal	48	63
Wiskundige Geletterdheid	67	62
Lewensoriëntering	83	73
Lewenswetenskappe	53	64
Besigheidstudies	50	72
Toerisme	77	67
Gemiddeld	61 (Slaag)	
Dissiplinêre punt	+30	
Dae afwesig	0	

- Bespreking: Sasha

Sasha is 'n besonder mooi meisie wat baie vriendelik en opgeruimd voorgekom het. Sy het baie gemaklik gedurende die fokusgroep- en individuele onderhoude gekommunikeer en sy het die vrymoedigheid gehad om van haar groepslede te verskil.

Volgens Sasha het sy baie vriendinne (swart én wit) hier by die skool wat baie 'nice' is en wat haar baie gelukkig maak. Alhoewel haar beste vriendinne bruin is, het sy aangedui dat sy na baie 'parties' en 'sleepovers' van die wit kinders genooi word. Sy het aangedui dat sy haarself in die middel sien, aangesien haar swart en wit vriende mekaar nie eintlik ken nie. Dit het geblyk dat Sasha daarvan hou om tussen mense te wees:

Ons almal is mense en dit is vir my lekker om tussen baie mense te wees. Ek hou van dit ... om met baie verskillende ... tussen baie mense en vriende te wees. Dis vir my lekker ... baie lekker!

Haar onderwysers het haar ook as 'n **sosiale vlinder** beskryf wat met **almal** **meng** en dit het geblyk dat sy ook baie goed met hulle oor die weg kom. Volgens Sasha is sy **baie lief vir haar onderwysers**, terwyl hulle haar weer as 'n **baie gelukkige**, *vriendelike, ordentlike, goed opgevoede kind* beskryf het. Dit het ook uit die individuele onderhoude geblyk dat sy empatie teenoor ander individue kan toon en hulle onvoorwaardelik aanvaar:

Ek dink dis omdat ek maklik mense aanvaar soos wat hulle is. As ek nou iemand gaan sien wat ek ken in 'n 'mall', gaan ek hulle groet ... want ek ken hulle ... dit is hoe ek is. Dit maak nie saak wie dit is nie, soos, mense groet wat ... uhm ... soos Jani van Tonder (skuilnaam vir 'n dogter in haar graad wat baie geviktimizeer word in die skool) Die mense lag haar uit en goeters ... en dit maak my só seer, want ek 'mind' nie ... waar sy is nie ... uhm ... dit kan ook by ander vriende wees ... Ek sal haar altyd groet, want ek ken haar al van ... graad 2 af ... en ek sal haar groet en ek sal by haar staan vir 'n rukkie ... want sy's my vriendin ... Ons ken mekaar al hoe lank nou en ... mense kan lag daaroor ... Ek ... dit maak net nie vir my mooi sin hoekom hulle vir haar lag nie, want sy's ook maar net 'n mens ...

Volgens Sasha is dit nie vir haar moeilik om (haar) medemens te aanvaar nie:

Ons is almal van een God af gemaak om ... saam te lewe ... Dis nie 'suppose' om dié daar te wees en daai daar te lewe nie ... en daai een daai kant te wees nie ... en dis vir my so ... dit maak my ... dis hoekom dit my so seermaak ... Dit gee nie om of dit 'n witmens is wat rassisties is ... of 'n swartmens teenoor 'n witmens, gaan dit my nog steeds seermaak ...

Dit het verder geblyk dat interpersoonlike verhoudings vir Sasha baie belangrik is en dat sy moeite sal doen om konflik op te los:

Ek kan rêrig nie eintlik lelik wees ... met 'n ander persoon nie, want as ek lelik met iemand sal wees en iemand is lelik met my, gaan dit my ... die heelyd pla totdat ek ... totdat ek dit úitsorteer met daai persoon ... Dat ek ... behoorlik praat met daai persoon en sê dit is wat verkeerd is; daai is wat verkeerd is. Dit gaan my pla ... die hele tyd.

Ten spyte van haar goeie interpersoonlike verhoudings, het Sasha egter aangedui dat sy **vinnig kwaad word** en **'anger management'-probleme** het. Volgens haar is dit *die meeste van die tyd van die kinders in die skool* wat (haar) so kwaad maak, anders is daar niks eintliks nie:

Soos wat opmerkings teenoor jou maak ... of ... goeters sê of partykeer sal iemand jou net sommer ... vloek ... want jy kry baie ongeskikte kinders wat ... net vir jou sal iets sê hier uit die bloute uit ... of iets. Of partykeer loop hulle binne-in jou vas sonder om jammer te sê ...

Sasha het verder in hierdie verband aangedui dat sy *meestal* haarself is by die skool, maar verduidelik haar “*twee mense*” as:

As ek kwaad word ... en as ek net myself is, want as ek kwaad word, is ek 'n héle ander persoon ... Nie almal weet dit nie, maar die meeste mense weet dit ... want as ek rêrig kwaad ... ek raak baie baie kwaad ... en ... ek raak mál

Sy het egter aangedui dat sy dit *probeer hanteer* en dat dit al *beter is, want in die verlede het ek net ... baklei*. Volgens haar *sluit sy haarself nou in haar kamer toe en gaan sit en doen iets sodat die kwaadheit kan weggaan*, aangesien dit vir haar *partykeer moeilik is om oor haar emosies te praat*. Volgens haar sal sy *miskien vir ván* (haar) *vriendinne sê hoe sy voel, maar definitief nie vir almal nie*.

Dit het egter geblyk dat *wanneer die probleem nie oor gevoelens gaan nie*, dit vir haar *makliker is om daarvoor te praat*. Sy het byvoorbeeld aangedui dat sy die vrymoedigheid het om haar onderwysers om hulp te vra (wanneer die probleem skolasties van aard is) en dat sy *dit meestal regkry om haar probleme op te los*.

Volgens Sasha is sy *meestal gelukkig en probeer (sy) om altyd optimisties te wees*. Sy het ook aangedui dat sy *lief is vir die skool en heeltemal tevrede met haarself is, want God het ons almal gemaak soos wat ons is*. Dit het ook geblyk dat sy optimisties oor die toekoms is:

Ek kyk vorentoe ... ek ... uhm ... dink aan my toekoms en goeters ... uhm ... wat ek wil ... rêrig wat ek eendag rêrig wil doen ... hoe ek my lewe wil hê ... Ek weet my lewe is in die hande van God, maar jy moet nog steeds 'n beplanning hê van jou lewe ook.

Sasha is bereid om haar *kant te bring om* (haar) *ideale te bereik*. Alhoewel een van haar onderwysers aangedui het dat sy *bietjie lui* is, het die ander onderwysers aangetoon dat sy *baie hard* (en *vreeslik netjies*) *werk*.

Die EI-temas wat op Sasha betrekking het, kan in tabel 6.23 opgesom word.

Tabel 6.23: Opsomming van EI-temas: Sasha

INTRAPERSONLIK				
Temas	Fokus-groepe	Onderhoud(e): Individueel	Onderhoude: Onderwysers	Observasie/ Refleksie
Kommunikeer emosies (selektief)		*		
INTERPERSONLIK				
Goeie kommunikasievaardighede	*	*	*	*



Toereikende verhoudings met portuurgroep (swart en wit)	**	*****	*****	*
Toereikende verhoudings met onderwysers		**	***	
Empatie		**		
STRESHANTERING				
Woede (lae impulsbeheer) weens rassisme	****	****		
Verbetering in impulsbeheer		*		
AANPASBAARHEID				
Redelike probleemoplossing		*		
ALGEMENE GEMOEDSTOESTAND				
Selftevredenheid	*	*	*	
Tevredenheid met die skool		*		
Positiewe toekomspektief		*	*	*
Geluk			***	*
Optimisme		*		*
Pligsgetrouheid		*	***	

iv. Leerder J: Alfred

Alfred se EI-profiel sien soos volg daar uit:

EI-komponent	Telling
Intrapersoonlik	130
Interpersoonlik	84
Streshantering	65
Aanpasbaarheid	117
Algemene Gemoedstoestand	111
Totale EK	103

Alfred (graad 10) se akademiese rekord vir die Eerste Kwartaal (2009) sien soos volg daar uit:

Vak	Gemiddeld	Graadgemiddeld
Afrikaans Amptelike Huistaal	62	60
Engels Eerste Addisionele Taal	64	65
Wiskundige Geletterdheid	57	57
Lewensoriëntering	69	70



Geografie	29	51
Toerisme	69	71
Ekonomie	39	61
Gemiddeld	55 (Slaag)	
Dissiplinêre punt	-120	
Dae afwesig	1	

- Bespreking: Alfred

Alfred het voorgekom as 'n baie selfversekerde seun met 'n goeie sin vir humor (hy het die deelnemers gedurende die fokusgroeponderhoude telkens laat skater van die lag) wat nie bang is om te sê wat hy dink of voel nie. Hy het byvoorbeeld gedurende die fokusgroeponderhoude glad nie (soos Khulile en Tebogo) geïntimideer gevoel deur die ouer deelnemers nie. Hy het ook gedurende die individuele onderhoude met groot gemak en vrymoedigheid gekommunikeer.

Dit het geblyk dat Alfred daarna streef om altyd homself te wees:

Ek sê vir myself ek moet altyd ék wees ... anderste gaan mens 'n leuen lewe. Ek sê vir myself ... "jy is Alfred Mpaneng ... en jy ken jouself" ... So, dit gee nie om wat mense sê nie, wees jouself, want ek dink Liewe Jesus het ons gemaak ... elkeen soos wat ons is ...

Hy het byvoorbeeld aangetoon dat hy nie die konformering tot 'n wit kultuur as negatief beskou nie, maar eerder as iets wat ek vir my toekoms moet doen. Volgens hom moet hy daarom ... soms in situasies ... moet ek áánpas ... by ander mense ... dan kan ek nie sê maar eienaardig wees nie, dan moet ek inpas by ander mense ook.

Volgens Alfred is hy een van die 'jocks' in sy graad en het hy baie goeie wit vriende, veral omdat (hy) rugby speel. Hy het aangedui dat hy dikwels by hulle oorslaap, na baie baie baie baie parties genooi word en selfs saam met hulle dronk raak. Volgens Alfred het hy die afgelope jaar ook met 'n paar swart kinders bevriend geraak wat nie by die boom staan nie, alhoewel die ander deelnemers aangedui het dat hy swarter as swart buite die skool is.

Volgens Alfred het hy nie 'n beste vriend nie: Ons is ... die hele span ... is my beste vriend, so ek kan enigiets deel met álmal! En soos in die kringetjie by die opwarming ... kan ek ... als met hulle deel ... en hulle kan als met my deel ... en ons kan grappies maak ...

Dit het geblyk dat Alfred nie skroom om te sê wat hy dink of voel nie, byvoorbeeld:

As 'n juffrou nou mislik was met my ... gaan ek verseker iets sê ... Ek gaan dit nie binne hou en daarvoor stres en dink hoekom het juffrou dit gesê of hoekom het juffrou dit gedoen nie ... ek laat dit net als uit.

Hy het ook gedurende die fokusgroeponderhoude openlik oor sy idee van die *boom* – dat dit ‘*stupid*’ is – gesels. (Dit terwyl hy weet hoe belangrik die *boom* vir die meeste swart leerders is). Alfred het aangedui dat hy sy emosies *baie maklik kan kommunikeer, want ek gee nie eintlik om wat mense van my dink nie ... As 'n ou dink wat ek nou voel is 'stupid' ... gee ek nie om nie, ek gaan dit nog steeds vir hom sê!*

Volgens hom word sy *portuurgroepverhoudings negatief hierdeur beïnvloed: Almal het 'n probleem met my ... as ek ... as ek iets wil sê ... as ek iets dink, dan sê ek dit.* Hy het ook aangedui dat *veral die ouer kinders soms probleme met hom het*, aangesien hulle hom as *arrogant* bestempel. Sy onderwysers het aangedui dat hulle hom grotendeels dieselfde beleef. Volgens sy Lewensoriëntering-onderwyseres *hou hy* (byvoorbeeld) *daarvan om die aandag op hom te fokus* en sy het aangedui dat hy *nie baie respek het vir grootmense nie, want hy sal sê wat hy wil sê wanneer hy dit wil sê ...* 'n Ander onderwyser het aangedui dat *hy sal intjip as 'n ander kind praat en net sy opinie gee.* Volgens sy Wiskunde-onderwyser het hy 'n *baie sterk persoonlikheid ... hy sal byvoorbeeld oorneem en party kinders sal dalk nie daarvan hou nie.* Hulle het egter aangedui dat hy *oor die algemeen goed met sy portuurgroep oor die weg kom.*

Volgens Alfred is sy *grootste probleem* die feit dat hy *vinnig kwaad raak.* Hy het gewys op *gevalle wat ek regtig baie kwaad raak*, byvoorbeeld *nuwe onderwysers wat ons uittaar* en so aan. Dit het egter geblyk dat rassisme in sy geval ook die grootste rede vir sy *aggressiwiteit* is, soos in die volgende insident geïllustreer kan word:

Toe ek ... toe ons teen (Hoërskool) J gespeel het ... dit was 'n groot rugbyskool ... in Pretoria ... En ons 'jol' ... ek vang die bal en hardloop agter deur almal ... maar ek 'step' die ou ... "wat doen jy jou kaffer!" Maar toe ek hom ge-'hand-off' het, toe slaan ek hom so met die vuus ... Toe slaan ek hom so 'pah' ... toe lê hy nou daar ... Daarna toe sê ek vir hom "wat sê jy daarvan?" ... En hy slaan... ek besluit ... daar's niks anders wat ek kan doen nie ... ek gaan nie terugstaan en kyk hoe hy my slaan nie ... Toe ... word ek ge-'ban' vir 'n 'game' ... En soos teen C-Tek het dieselfde gebeur ...

Volgens Alfred het hy (behalwe tydens rugbywedstryde) *nog nooit in die hoërskool baklei nie, in die laerskool ja, baie, maar nog nooit in die hoërskool nie ...* Hy het aangedui dat hy *kinders wat rassistiese goed sê wíl slaan, maar ek 'chill' ...* Hy het die moontlike nagevolge daarvan as rede hiervoor aangevoer:

Ek loop net weg, want as ek rêrig iets gaan sê ... dan raak dit lelik ... want wat as ek die ou dóódslaan, dan moet ek nou die res van my lewe in die tronk gaan sit ... En as my ma moet uitvind ek het iemand geslaan by die skool, is ek uit die skool uit!

Dit het egter geblyk dat laasgenoemde vrees 'n sterker motivering vir hom is om nié te baklei nie: *Maar kom na my huis toe ... en sê vir my ... dan gaan ek jou gooi met die bank ... en gooi met die televisie!*

Volgens Alfred is dit vir hom *easy as pie* om probleme op te los, aangesien hy *so maklik daarvoor praat*. Hy het aangedui dat hy (indien die probleem vir hom *te moeilik lyk*) nie sal huiwer om hulp te vra nie.

Alfred het homself verder as *baie 'happy'* beskryf en aangedui dat hy *altyd probeer om die beste van 'n slegte saak te maak*. Volgens Alfred het hy *soos baie passies ... en as ek van iets hou, gaan ek uit en ek doen als wat ek kan om dit reg te kry ...*

Die EI-temas wat op Alfred betrekking het, kan in tabel 6.24 opgesom word.

Tabel 6.24: Opsomming van EI-temas: Alfred

Temas	Fokus-groepe	Onderhoud(e): Individueel	Onderhoude: Onderwysers	Observasie/ Refleksie
INTRAPERSONLIK				
Kommunikeer denke/behoefte/emosies	***	*****	***	*
INTERPERSONLIK				
Goeie kommunikasievaardighede	*	*	*	*
Toereikende verhoudings met wit portuurgroep	*	*****	**	
Ontoereikende verhoudings met onderwysers (daag gesag uit)	*	*	**	
Ontoereikende verhoudings met sommige leerders		**	***	
(Aanvanklike) verwerping deur eie ras	**	*		
STRESHANTERING				
Woede (lae impulsbeheer) weens rassisme	*	***		
Verbetering in impulsbeheer (sedert die laerskool)	*	*		
Vermyding van konflik		*		



AANPASBAARHEID				
Effektiewe probleemoplossing		*		
ALGEMENE GEMOEDSTOESTAND				
Selftevredenheid	*	****		*
Selfvertroue	**		*	*
Tevredenheid met die skool		*		*
Geluk/humor		*		*
Optimisme	*	*		

v. Leerder K: James

James se EI-profiel sien soos volg daar uit:

EI-komponent	Telling
Intrapersoonlik	82
Interpersoonlik	103
Streshantering	127
Aanpasbaarheid	114
Algemene Gemoedstoestand	95
Totale EK	111

James (graad 12) se akademiese rekord vir die Eerste Kwartaal (2009) sien soos volg daar uit:

Vak	Gemiddeld	Graadgemiddeld
Afrikaans Amptelike Huistaal	48	64
Engels Eerste Addisionele Taal	63	69
Wiskundige Geletterdheid	28	63
Lewensoriëntering	78	82
Dramatiese Kunste	85	75
Toerisme	84	71
Rekenaartoeëpassingstegnologie	64	57
Gemiddeld	64 (Slaag)	
Dissiplinêre punt	+35	
Dae afwesig	1	

- Bespreking: James

James was die enigste van die ses deelnemers wat aan my bekend was. Aangesien ek by die skool werksaam was, het ek geweet dat hy (soos vroeër vermeld) een van die onderhoofseuns was en absoluut uitgeblyk het op kultuurgebied. Hy het gedurende die fokusgroep- én individuele onderhoude baie gemaklik gekommunikeer en my telkens laat skater van die lag.

James het aangedui dat hy met die meerderheid kinders goed oor die weg kom. Die kleurlinge kom ek orraait mee oor die weg. Die swartes is ek nog bietjie skrikkerig voor ... maar ek weet ek moet met hulle praat ... Volgens die deelnemers word James juis deur die swart (en bruin) leerders daarvan beskuldig dat hy homself “wit” hou: Laat ek (Rosy) jou dit sê van hierdie kind (James) ... As hy saam met sy wit vriende is, is hy só anders ... Saam met ons is hy soos ... “ja ... ja” ... (maak vir James na), maar nou saam met hulle ... is hy hierdie ... boerseun! Sasha het egter aangedui dat sy dit kan verstaan, aangesien hy op die VLR is. Volgens Rosy was dit egter vóór dit ook nog ... Rosy het aangedui dat haar swart vriendinne (van die vorige jaar) nog steeds vra: “Hoe’s die wit ou? Is hy nou swart of is hy nou wit?”

James het beaam dat hy eintlik meer met die wit kinders praat, want ek’s nou in ’n hoër posisie as hulle (die deelnemers) ... ek móét meer met die wit kinders praat en meer met hulle kuier ... Volgens James het hy op die graad 8-kamp sommer baie vriende gemaak, want ons het so ’n vuurding gehad en toe moes ons optree, so die klasse teen mekaar ... En toe voel ek ... nee, ná daai kamp was dit vir my heerlik ... ek wil ‘actually’ daar (in Hoërskool B) wees, want ... daarna is ek nie meer gesien in bruin en swart nie. Volgens hom het hy sy beste vriend ook op die kamp ontmoet: Ons is nou nog saam ... ek en Kobus ... Toe’s ons nog toevallig in dieselfde dramaklas ook en toe’t ons oorgevat. Volgens James is sy vriende vir hom baie belangrik en sal hy enige iets vir hulle doen. Hy het byvoorbeeld aangedui dat hulle nie eers meer vra nie, hulle neem net naderhand aan dat ek gaan altyd help.

James se onderwysers het ook aangedui dat hy baie gewild is by sy (wit) portuurgroep en uitstekend met hulle oor die weg kom. Volgens sy graadvoog het hy byvoorbeeld die meeste stemme gehad van die seuns én meisies in die VLR-verkieping ... voor die hoofleiers se stemming plaasgevind het. Sy Toerisme-onderwyseres het James as ’n uitstekende kind met baie gevorderde ‘people skills’ beskryf. Volgens haar run hy alles – ten spyte van die

hoofmeisie en ander onderhoofseun wat daar (in dieselfde klas) is. Sy het byvoorbeeld aangedui dat as sy opstaan en wil klasgee, dan's hý die een wat sê "okay", nee kom ons luister" ... en álmal luister vir hom.

Dit het egter geblyk dat James se sterk vrees vir verwerping daartoe lei dat hy glad nie sy gevoelens by die skool kommunikeer nie (nie eers teenoor sy beste vriend, Kobus nie), want ek dink niemand gaan my aanvaar so nie. Volgens James ken (hy) van masker opsit, want as ek rêrig voel ek ... nè ... om te huil, dan dink ek nee, ek gaan nie huil nie ... ek 'smile' eerste ... Dit het geblyk dat hy vanweë sy huislike omstandighede (soos by sy "agtergrond" vermeld) minderwaardig teenoor sy wit portuurgroep voel en daarom eerder stilbly oor wat by die huis aangaan:

Op 'n stadium gaan dit ... gaan dit baie erg by my huis ... En dan kom ek skool toe en ... dan 'smile' ek en ek praat met almal en ek gaan altyd tekere soos ... soos ek ... ek normaalweg gaan ... En soos ... ek weet van sekere goed wat ek ... dan moet ek loop en dan is dit ver plekke waar ek moet gaan ... soos 'n afskeid doer anderkant en ... toe lóóp ek soontoe ... En toe wil almal vra: "Het jy geloop?" en toe's ek van "nee! my pa het my net hier om die blok afgelaai" ... Ek ken al die storie so wat ek 'spin' ... so ...

Dit het verder geblyk dat (in teenstelling met van die ander deelnemers wat daarop reageer) James meestal die rassisme waaraan hy blootgestel word, ignoreer (ek 'pretend' altyd dit is nie daar nie) of 'n grap daarvan maak:

Ek kan altyd ... maak nie saak wát iemand sê ... ek kan altyd 'n grap maak ... Ek vat die lewe as 'n 'joke' en dan kom ek maar daaroor ... Hulle (die deelnemers) vat dit ernstig op as hulle (die wit kinders) vir jou "kaffer" sê ... Maar ek vat dit as 'n 'joke' ... of ek het nou altyd die ding van wit ... ek het altyd ... "Gmpf, witmense ...!" En dan breek ... en dan lag hulle almal. En dis nou al rassistiese ding wat ek nou kan sê ...

Dit het voorgekom of James die negatiewe gebeure in sy lewe (en emosies wat daarmee gepaard gaan) in sy skoolverpligtinge kanaliseer:

Partykeer dink ek ... as ek niks het ... as daar nie iets is wat sleg is by die huis ... as daar nie so iets is nie, dan presteer ek nie ... Ek is meer ... daai ... kom ek sê ... ek is 'n adrenalien-'junkie'. As dit sleg gaan by die huis, dan presteer ek ... Ja, as daar iets fout is, loop alles vir my net so reg, maar as daar nie iets fout is nie ... dan ... ja, dan presteer ek nie.

Hy het byvoorbeeld vertel dat hy op sy besigste was net na sy ouma oorlede is: Ek het nie eers rêrig tyd gehad om te dink wat by die huis aangaan nie ... En ek het nie eers rêrig gedink dat my ouma oorlede is nie. James was baie emosioneel (en het onbedaarlik gehuil) toe hy hieroor begin praat het en my vertel het hoe kwaad hy vir die skool was, want dit was net na interhoër (toe hy hoofdirigent was) ... en ek het álles gegee daai dag ... daai dag wat ek ... kón met my ouma praat ... toe't ek alles gegee vir dié skool ... en toe mis ek die

belangrikste ding in my lewe ... want my stem was weg. James het later aangedui dat dit **die eerste keer was wat hy met iemand oor sy ouma se dood gepraat het**. Volgens hom **koop ek gewoonlik vir myself 'n tjoklit ... en dan vergeet ek altyd gou wat alles in my huis aangaan ... en alles wat ek voel. Ja, ek vergeet van dit**.

James het aangedui aan dat hy eers *later* begin het om hom *nie aan rassisme te steur nie*:

Want soos in die laerskool ... my hele laerskoolloopbaan ... was ek soos die "Baklei-seun van die Jaar" ... Hulle het my "Fightman" genoem en dan kry ek soos pryse vir dit ... want ek het soos daai hele skool geslaan! As iemand 'n probleem gehad... dan't ek gesê "wat" ... "wie's die probleem?" Dan loop ek na die ou toe ... en dan 'pwa pwa pwa' (asof hy iemand slaan) dan slaat ek hom en dan loop ek ...

Volgens hom het hy *intussen* (in die hoërskool) *breins gekry* en *begin besef* dat hy nie *beter voel* nadat hy iemand geslaan het nie. Hy het dit as die rede aangevoer waarom hy *rustiger* geraak het: **Van daai dag in graad 9 wat ek so gesweer het ek sal hulle slaan** (nadat hulle hom van selfoondiefstal verdink het) ... **het ek net besluit ... hoekom slaan ek hierdie mense? Voel ek beter daarna?** Volgens James doen hy nou **niks** wanneer hy kwaad word **nie, ek 'smile' net vir hom**. Hy het die volgende voorbeeld genoem:

Maar laasjaar ... daar's 'n outjie ... hy was in my laerskool ... Pierre ... nou ek het hom baie geslaan! En toe nou in die hoërskool ... toe een dag ... toe sê hy hy gaan my slaan, toe slaan hy my deur die gesig ... Toe staan ek net daar ... "is jy reg, voel jy nou beter, is jy nou bly?"

James het verder aangedui dat **stres (vir hom) nie bestaan nie**:

Die feit is ... dat ek vat dit altyd rustig. Ek is dit nou al gewoon. So, nou as dit kom en dan ... soos by die dagbestuurgoed ... dan stres almal ... dan sê ek: "nee wat, kry net eers musiek daar rustig". En as daar musiek is, is daar altyd orde. En dis hoe ek dit doen ... by die huis of by die werk ... ek sal dit hanteer ... Ek ... ek is nou al gewoon om sulke goedjies te doen. Ek ... stres nie meer nie.

Volgens James se VLR-voog beskik hy oor **baie goeie probleemoplossingsvermoë**:

Hy het altyd baie goeie idees ... en hy dink bietjie verder ... hy sal na die praktiese implikasies van goeters kyk. Hy sal nie net hierdie ding van "ons moet 'n 'chopper' kry nie" (vir die hoof se verjaarsdag) ... hy sal dink 'okay' maar "wat kos die 'chopper'?" ... "kan ons dit bekostig?" ... "is hier 'n landingsplek vir die 'chopper'?"... Hy dink bietjie verder as net die plan wat hy self gemaak het.

James het ook aangedui dat hy **altyd 'n plan maak: Jy dink gewoonlik wat is jou probleem ... en dan vind jy 'n oplossing ...** Hy gebruik sy Wiskunde as 'n voorbeeld:

Jy probeer altyd eers jouself en dan gee jy op ... En dan later dan dink jy ... wag, nee ... en dan probeer jy weer en dan kom jy tog nie weer by die antwoord uit nie. En dan probeer jy ... soos nou die keer ... ons het Wiskunde geskryf en ek het twee ure gesukkel met een som ... Ek het elke metode wat ek ken en wat ek kán doen, het ek



probeer ... Toe later het ek opgegee ... toe't ek gaan slaap ... maar terwyl ek slaap, toe dink ek nog steeds aan 'n oplossing ... Toe kry ek een, toe skryf ek dit neer, toe's dit reg. En toe kry ons daai som nét so!

Volgens hom sal hy hulp vra (indien die probleem nie emosioneel van aard is nie): **As ek iets nie kan oplos nie, dan vra ek iemand om my te help ...** soos ek bel gereeld vir Kobus wakker en sê: “Kyk hier Broer, ek sukkel rêrig met hierdie som”. James het ook 'n oplossing vir sy finansiële probleme gevind:

Ek het ... graad 10 ... het ek gaan werk ... gaan 'waiter' by Spur. En dan ook elke keer as my ma my sakgeld gegee het, het ek dit net gevat en in 'n bank gesit ... en dit nooit gebruik nie ... Soos tot nou toe het ek nog baie geld, so elke keer as hulle sê “kom ons gaan” ... sê ek “ja, ons kan gaan.”

Volgens James is hy **gelukkig, maar hy het aangedui dat daar tye is wat hy rêrig af is.** Volgens hom probeer hy egter **altyd steeds om die beste van 'n slegte saak te maak.** Hy het byvoorbeeld aangedui dat die skool (ten spyte van die rassisme) **baie heerlik is met geen probleme nie.** Dit het egter geblyk dat hy nie tevrede is met homself nie: **Wel, baie mense dink ek is ... ek is hoog verlief op myself, maar ja ... een van die James'e is wat ek elke dag seker 'act', hy's seker verlief op homself. Ek is nie.** Volgens hom sal hy veral **bietjie maerder** wil wees, maar

... dit maak ook nie eintlik saak nie, want elke keer as ek so kliphard bid ... en as ek klaar my oë oopgemaak het ... en dan is daar altyd 'n onnie wat ... my 'n druk gee ... soos juffrou V ... weet jy, ek dink die Man Hierbo stuur altyd vir haar in my rigting en dan sê sy altyd: “Weet jy hoe wonderlik is jy?” En dan sê ek: “Dankie Vader” ...

Die EI-temas wat op James betrekking het, kan in tabel 6.25 opgesom word.

Tabel 6.25: Opsomming van EI-temas: James

Temas	Fokus-groepe	Onderhoud(e): Individueel	Onderhoude: Onderwysers	Observasie/ Refleksie
INTRAPERSONLIK				
Toepaslike uitdruk van emosies (huil)		*		*
Ontkenning/onderdrukking van emosies (d.m.v. humor) – gee 'n front voor	*****	*****		
INTERPERSONLIK				
Sterk leierskeienskappe/ Motivering van ander	**	***	****	*
Behulpzaamheid		**		*
Toereikende verhoudings met (wit) portuurgroep	****	****	****	*



Toereikende verhoudings met onderwysers	*	**	***	*
Ontoereikende verhoudings met swart portuurgroep	*	*		
Vrees vir verwerping	*	****		
STRESHANTERING				
Hoë strestoleransie		*		*
Toereikende emosionele beheer	**	**		
AANPASBAARHEID				
Effektiewe probleemoplossing		*****	*	*
Buigsaamheid		***		*
ALGEMENE GEMOEDSTOESTAND				
Tevredenheid met die skool	*	**	*	*
Selfvertroue (om voor mense op te tree)	**	**	*****	*
Vasberadenheid/selfmotive-ring		*****	****	*
Ontevredenheid met homself (veral sy fisiese voorkoms)		**	*	
Geluk/humor		*		*
Optimisme		*		*
Terneergedruktheid		*		

vi. Leerder M: Tebogo

Tebogo se EI-profiel sien soos volg daar uit:

EI-komponent	Telling
Intrapersoonlik	112
Interpersoonlik	104
Streshantering	85
Aanpasbaarheid	99
Algemene Gemoedstoestand	103
Totale EK	101

Tebogo (graad 9) se akademiese rekord vir die Eerste Kwartaal (2009) sien soos volg daar uit:



Vak	Gemiddeld	Graadgemiddeld
TGK Afrikaans Eerste Taal	41	53
TGK Engels Eerste Addisionele Taal	64	63
Wiskundige	64	65
Natuurwetenskap	45	56
Lewensoriëntering	82	78
Ekonomiese en Bestuurswetenskappe	57	71
Sosiale Wetenskappe	60	64
Kuns & Kultuur	51	70
Tegnologie	62	73
Tegniese Tekeninge	83	72
Rekeningkunde	58	76
Rekenaartegnologie	75	75
Gemiddeld	62 (Slaag)	
Dissiplinêre punt	+40	
Dae afwesig	1	

- Bespreking: Tebogo

Tebogo het voorgekom as 'n baie teruggetrokke seun en hy was ook nie baie gretig om aan die fokusgroeponderhoude deel te neem nie, alhoewel hy die vrae beantwoord het wat direk aan hom gestel is. Hy het egter bietjie gemakliker gedurende die individuele onderhoude gekommunikeer.

Volgens Tebogo kom hy goed met sy portuurgroep en onderwysers oor die weg. Hy het egter aangedui dat sy vriende (soos reeds vermeld) eintlik net swartes is, maar volgens hom het hy nie 'n probleem met die wit kinders nie. Hy het melding gemaak van 'n wit vriend waarmee hy by die huis kuier, aangesien hulle in dieselfde sekuriteitskompleks woon, maar hy het aangevoer aan dat hulle nie eintlik by die skool praat nie.

Dit het geblyk dat sy onderwysers se belewenis van hom verskil. Volgens sy Afrikaans-onderwyseres is hy redelik gewild onder sy maatjies en sy het gemeld dat hy definitief een van die groep is. In teenstelling hiermee het sy Engels- en Natuurwetenskappe-onderwysers hom as baie stil en teruggetrokke in die klas beskryf. Volgens hulle pas hy nie so lekker in nie, maar hulle (die kinders) pla hom nie en hy pla hulle nie. Sy Rekeningkunde-

onderwyseres het ook aangevoer dat daar **nie 'n probleem tussen hom en die ander kindertjies is nie**. Al die onderwysers was dit egter eens dat hy *hééltemal anders* is wanneer hy by sy swart portuurgroep is: *Jy kan sien 'actually'... hy's meer lewendig*.

Tebogo het aangedui dat hy **maklik met mense oor sy emosies kan praat**:

Soos ek kan met almal ... praat of enige iemand praat wat oor hoe ek voel ... soos die kinders ... soos die kinders in my klas ... soos die meisies wat daarsô sit by my. Dis lekker ... meeste van hulle verstaan oor hoe ek voel ... En by die huis ... sal ek soos met my ma-hulle praat ...

Tebogo het aangedui dat hy **partykeer bietjie kwaad word ... soos as iemand iets erg sê. Ek het nie rêrig 'n probleem nie, maar as iemand my so slegsê ... om die waarheid te sê ... gaan ek na hom toe gaan en hom slaan ... net om my eie woede uit te haal**. Hy het dit as die rede aangevoer waarom die kinders nie rassistiese opmerkings teenoor hom maak nie: **Die meeste van hulle weet ... ek dink hulle is bang ek gaan hulle slaan as hulle sulke rassistiese opmerkings maak ...** Soos vroeër vermeld, het Tebogo se onderwysers egter aangetoon dat hy **heeltemal onttrek en nie by rasse-insidente betrokke raak nie**.

Volgens Tebogo slaag hy **redelik goed daarin om sy probleme op te los**, aangesien hy dit so **maklik met sy ouers of vriende bespreek**. Hy het egter gemeld dat daar **soms probleme is wat vir hom moeilik is om op te los**.

Alhoewel Tebogo aangedui het dat hy *eerder R-High toe wil gaan*, **het hy die skool as heel 'okay' beskryf**. Dit het geblyk dat hy **tevrede met homself is**: *Ek sal niks sal wil verander ... en ek weet nie, want in Septembermaand gaan ek vir my draadjies kry, so ek weet nie wat sal ek nog wil verander nie*.

Die EI-temas wat op Tebogo betrekking het, kan in tabel 6.26 opgesom word.

Tabel 6.26: Opsomming van EI-temas: Tebogo

INTRAPERSONLIK				
Temas	Fokus-groepe	Onderhoud(e): Individueel	Onderhoude: Onderwysers	Observasie/ Refleksie
Kommunikeer emosies		**		
INTERPERSONLIK				
Toereikende verhoudings met portuurgroep	**	***	**	
Toereikende verhoudings met onderwysers		*	*	



Sosiale isolasie van wit portuurgroep in die klas			***	
STRESHANTERING				
Woede (lae impulsbeheer) weens rassisme	*	*****		
